

WET OP BEHEER VAN VUURWAPENS 60 VAN 2000

[GOEDGEKEUR OP: 4 APRIL 2001]

[DATUM VAN INWERKINGTREDING:
SAL GEPROKLAMEER WORD]
(Tensy ander vermeld)

(Engelse teks deur die President geteken)

WET

Ten einde 'n omvattende en doeltreffende stelsel van vuurwapenbeheer in te stel; en om voorsiening te maak vir aangeleenthede wat daarmee in verband staan.

RANGSKIKKING VAN WET

Aanhef

Artikel

HOOFSUK 1 INLEIDENDE BEPALINGS

1. Woordomskrywing
2. Doel van Wet

HOOFSUK 2 VERBODINGE

3. Algemene verbod ten opsigte van vuurwapens
4. Verbode vuurwapens

HOOFSUK 3 SPESIALE BEPALINGS TEN OPSIGTE VAN SEKERE TOESTELLE

5. Toestelle wat nie vuurwapens by toepassing van hierdie Wet is nie

HOOFSUK 4 BEVOEGDHEIDSERTIFIKATE, LISENSIES, PERMITTE, MAGTIGINGS EN AKKREDITERINGS

6. Bevoegdheidsertifikate, lisensies, permitte en magtigings
7. Aansoeke deur persone anders as natuurlike persone
8. Akkreditering

HOOFSUK 5 BEVOEGDHEIDSERTIFIKATE

9. Aansoek om 'n bevoegdheidsertifikaat
10. Bevoegdheidsertifikaat

HOOFSUK 6 LISENSIE OM VUURWAPEN TE BESIT

11. Afsonderlike lisensie ten opsigte van elke vuurwapen
12. Addisionele lisensies
13. Lisensie om vuurwapen te besit vir selfverdediging
14. Lisensie om beperkte vuurwapen te besit vir selfverdediging
15. Lisensie om vuurwapen te besit vir geleentheidsjag en sportskiet
16. Lisensie om vuurwapen te besit vir toegewyde jag en toegewyde sportskiet
17. Lisensie om vuurwapen te besit in private versameling
18. Permit om ammunisie te besit in private versameling
19. Lisensie om vuurwapen te besit, en permit om ammunisie te besit, in openbare versameling
20. Lisensie om vuurwapen te besit vir besigheidsdoeleindes
21. Tydelike magtiging om vuurwapen te besit
22. Houer van lisensie mag ander persoon toelaat om vuurwapen te gebruik
23. Uitkenningsmerke op vuurwapens
24. Hernuwing van vuurwapenlisensies
25. Kennisgewing van verandering van adres
26. Kennisgewing van verandering van omstandighede
27. Geldigheidsduur van lisensie of permit
28. Beëindiging van vuurwapenlisensie
29. Geskonde, verlore of gesteelde lisensies, permitte en magtigings
30. Sentrale vuurwapendatabasis

HOOFSTUK 7

LISENSIES UITGEREIK AAN BESONDERE KATEGORIEË PERSONE: HANDELAARS, VERVAARDIGERS EN WAPENSMEDE

Deel 1

Handelaars

31. Verbod op ongelisensieerde handeldryf in vuurwapens of ammunisie
32. Vereistes vir handelaarslisensie
33. Voorwaardes opgelê aan handelaar
34. Handelaarslisensie
35. Hernuwing van handelaarslisensies
36. Tydelike magtiging om in vuurwapens en ammunisie handel te dryf op ander persele as dié in die handelaarslisensie vermeld
37. Verandering van perseel
38. Kennisgewing van verandering van omstandighede
39. Pligte van handelaar
40. Instelling van gesentraliseerde handelaarsdatabasis
41. Opskorting van handelaarslisensie
42. Beëindiging van handelaarslisensie
43. Toepassing van ander wette
44. Geskonde, verlore of gesteelde lisensies

Deel 2

Vervaardigers

45. Verbod op ongelisensieerde vervaardiging van vuurwapens en ammunisie
46. Vereistes vir vervaardigerslisensie
47. Voorwaardes opgelê aan vervaardiger

- 48. Vervaardigerslisensie
- 49. Hernuwing van vervaardigerslisensie
- 50. Tydelike magtiging om vuurwapens en ammunisie te vertoon op ander perseel as dié in die vervaardigerslisensie vermeld
- 51. Verandering van perseel
- 52. Kennisgewing van verandering van omstandighede
- 53. Pligte van vervaardiger
- 54. Instelling van gesentraliseerde vervaardigersdatabasis
- 55. Opskorting van vervaardigerslisensie
- 56. Beëindiging van vervaardigerslisensie
- 57. Toepassing van ander wette
- 58. Geskonde, verlore of gesteelde lisensies

Deel 3
Wapensmede

- 59. Verbod op sekere werk
- 60. Vereiste vir wapensmidlisensie
- 61. Voorwaardes opgelê aan wapensmid
- 62. Wapensmidlisensie
- 63. Hernuwing van wapensmidlisensie
- 64. Tydelike magtiging om besigheid as wapensmid te bedryf op ander perseel as dié in wapensmidlisensie vermeld
- 65. Verandering van perseel
- 66. Kennisgewing van verandering van omstandighede
- 67. Pligte van wapensmid
- 68. Instelling van 'n gesentraliseerde wapensmidsdatabasis
- 69. Opskorting van wapensmidlisensie
- 70. Beëindiging van wapensmidlisensie
- 71. Toepassing van ander wette
- 72. Geskonde, verlore of gesteelde lisensies

HOOFSTUK 8

INVOER, UITVOER EN VERVOER IN TRANSITO VAN VUURWAPENS EN AMMUNISIE

- 73. Verbod op invoer, uitvoer of vervoer in transito van vuurwapens en ammunisie sonder permit
- 74. Vereistes vir invoer-, uitvoer- of deurgangspermit
- 75. Voorwaardes opgelê aan permithouer
- 76. Invoer-, uitvoer- of deurgangspermit
- 77. Permit behels lisensie om vuurwapens of ammunisie te besit
- 78. Pligte van permithouer
- 79. Instelling van sentrale invoerders- en uitvoerdersdatabasis
- 80. Opskorting van invoer-, uitvoer- en deurgangspermitte
- 81. Beëindiging van invoer-, uitvoer- en deurgangspermitte
- 82. Geskonde, verlore of gesteelde permitte

HOOFSTUK 9

BERGING, VERVOER EN DRA VAN VUURWAPENS EN AMMUNISIE

- 83. Berging en vervoer van vuurwapens en ammunisie

84. Dra van vuurwapen in openbare plek
85. Voorwaardes opgelê aan karweier van vuurwapen
86. Vuurwapenkarweierspermit
87. Pligte van permithouer
88. Kansellering van vuurwapenkarweierspermit
89. Rekords wat gehou moet word

HOOFSTUK 10 BEHEER OOR AMMUNISIE EN VUURWAPENONDERDELE

90. Verbod op besit van ammunisie
91. Beperkings op besit van ammunisie
92. Verbiedinge en beperkings op gebruik van sekere ammunisie
93. Laai of herlaai van ammunisie
94. Verbod op besit van vuurwapenonderdele

HOOFSTUK 11 VRYSTELLINGS

95. Woordomskrywing
96. Vrystellings
97. Voorwaardes van toepassing op instelling geakkrediteer deur Registrateur
98. Besit en gebruik van vuurwapens deur Amptelike Instelling
99. Register moet deur Amptelike Instelling gehou word
100. Instelling van sentrale Amptelike Instellingsdatabasisse vir vuurwapens
101. Werkstasie van Amptelike Instellings

HOOFSTUK 12 VERKLARING VAN ONBEVOEGDHEID VAN PERSONE OM VUURWAPEN TE BESIT

102. Verklaring deur Registrateur van persoon as onbevoeg om vuurwapen te besit
103. Verklaring deur hof van persoon as onbevoeg om vuurwapen te besit
104. Uitwerking van verklaring van onbevoegdheid
105. Bewys van verklaring

HOOFSTUK 13 INSPEKSIES

106. Toon van lisensies en vuurwapens vir inspeksie
107. Plig om te voldoen aan versoek van polisiebeampte of gemagtigde persoon
108. Versoek om inligting
109. Inspeksie van perseel

HOOFSTUK 14 DEURSOEKING EN BESLAGLEGGING

110. Hoofstuk 2 van die Strafproseswet, 1977, is van toepassing
111. Deursoeking en beslaglegging in loop van polisie-optredes ingevolge die Wet op die Suid-Afrikaanse Polisie, 1995
112. Uitoefening van bevoegdhede uiteengesit in artikel 37 van Strafproseswet, 1977
113. Liggaamsafdrukke en liggaamsmonsters

- 114. Ballistiese toetsing
- 115. Inspeksie, deursoeking en beslagneming vir navorsing of ondersoek (met spesiale lasbrief)
- 116. Toevallige vonds

HOOFSTUK 15 VERMOEDENS

- 117. Vermoedens van besit van vuurwapen of ammunisie
- 118. Vermoedens met betrekking tot versuim om aan te meld
- 119. Vermoede van versuim om redelike stappe te doen

HOOFSTUK 16 MISDRYWE, STRAWWE EN ADMINISTRATIEWE BOETES

- 120. Misdrywe
- 121. Strawwe
- 122. Administratiewe boetes

HOOFSTUK 17 ORGANISATORIESE STRUKTURE

- 123. Registrateur van Vuurwapens
- 124. Werksaamhede van Registrateur
- 125. Sentrale Vuurwapenregister
- 126. Sertifikaat deur Registrateur onderteken behels *prima facie*-getuienis
- 127. Aanstelling en werksaamhede van Hoof van Kantoor van Sentrale Vuurwapenregister
- 128. Instelling van Appèlraad
- 129. Diensvoorwaardes, vergoeding en toelaes van lede van Appèlraad
- 130. Kworum, vergaderings en prosedure van Appèlraad
- 131. Administratiewe werk van Appèlraad
- 132. Instelling van Ministeriële Komitees

HOOFSTUK 18 REG VAN APPÈL

- 133. Reg van appèl

HOOFSTUK 19 VERGOEDING

- 134. Omstandighede waar vergoeding nie betaalbaar is nie ten opsigte van vuurwapens en ammunisie verbeur aan Staat
- 135. Omstandighede waar vergoeding nie betaalbaar is nie ten opsigte van vuurwapens en ammunisie waarop beslag gelê is deur Staat
- 136. Vergoeding nie betaalbaar nie waar vuurwapens of ammunisie deur Staat vernietig is
- 137. Aansoek om vergoeding

HOOFSTUK 20 BESONDERE BEVOEGDHEDE MET BETREKKING TOT AMNESTIES EN

VUURWAPENVRYSONES

- 138. Woordomskrywing
- 139. Amnestie
- 140. Vuurwapenvrysones

HOOFSTUK 21 ALGEMENE BEPALINGS

- 141. Delegering van bevoegdhe en opdra van pligte
- 142. Aanwysing as polisiebeamptes
- 143. Betekening van dokumente
- 144. Relas van betekening
- 145. Regulasies
- 146. Beskikking oor vuurwapens in geval van staking van bedryf van besigheid
- 147. Beskikking oor vuurwapens in geval van dood
- 148. Vuurwapens verkry deur nalatenskap
- 149. Verpligte vernietiging van vuurwapens deur Staat
- 150. Deaktivering van vuurwapens
- 151. Jurisdiksie van landdroshof
- 152. Wet bind Staat
- 153. Herroeping van wette
- 154. Kort titel en inwerkingtreeding

Bylae 1 OORGANGSBEPALINGS

- 1. Bestaande lisensie om wapen te besit
- 2. Bestaande handelaarslisensie
- 3. Bestaande permit vir invoer of uitvoer van wapens en ammunisie
- 4. Bestaande permit vir vervaardiging van wapens en ammunisie
- 5. Bestaande magtigings en sekere bestaande permitte
- 6. Persoon onbevoeg om vuurwapen te besit
- 7. Register gehou deur Registrateur ingevolge vorige Wet
- 8. Aangeleenthede hangende kragtens vorige Wet
- 9. Ondersoeke deur Kommissaris kragtens vorige Wet
- 10. Oorweging van geldigheid van bestaande lisensie, permit en magtiging
- 11. Hernuwing van lisensie

Bylae 2 MISDADE EN MISDRYWE WAT AANLEIDING GEE TOT ONBEVOEGDHEIDSONDERSOEK DEUR HOF

Bylae 3 WETTE HERROEP

Bylae 4 STRAWWE

Aanhef

AANGESIEN elke persoon beskik oor die reg tot lewe en die reg tot die veiligheid van die persoon, wat insluit, onder meer, die reg om vry te wees van alle vorme van geweld van óf publieke óf private oorsprong;

EN AANGESIEN die toereikende beskerming van sodanige regte grondliggend is aan die welsyn en die maatskaplike en ekonomiese ontwikkeling van elke persoon;

EN AANGESIEN die toenemende beskikbaarheid en misbruik van vuurwapens en ammunisie beduidend tot die hoë vlakke van geweldsmisdade bydra;

EN AANGESIEN die Grondwet 'n plig plaas op die Staat om die regte soos vasgelê in die Handves van Regte te respekteer, te beskerm, te bevorder en te verwesenlik;

WORD DAAR DERHALWE BEPAAL deur die Parlement van die Republiek van Suid-Afrika, soos volg:-

HOOFSTUK 1 INLEIDENDE BEPALINGS (aa 1-2)

1 Woordomskrywing

In hierdie Wet, tensy uit die samehang anders blyk, beteken-

"Aangewese Vuurwapenbeampte" 'n polisiebeampte in artikel 124 (2) (*h*) beoog;

"akkrediteer" akkrediteer soos in artikel 8 beoog;

"ammunisie" 'n slagdop of 'n volledige patroon;

[Datum van inwerking van omskrywing van "ammunisie": 1 Junie 2001.]

"antieke vuurwapen" enige voorlaaier vervaardig voor 1 Januarie 1900, of enige replika van sodanige vuurwapen;

[Datum van inwerking van omskrywing van "antieke vuurwapen": 1 Junie 2001.]

"Appèlraad" die Appèlraad ingestel by artikel 128;

"beperkte vuurwapen" enige vuurwapen in artikel 14(1) beoog;

"bevoegdheidsertifikaat" 'n bevoegdheidsertifikaat in Hoofstuk 5 beoog;

"geleentheidsjagter" enige persoon wat, van tyd tot tyd, deelneem aan jagbedrywighede maar wat nie 'n lid is van 'n geakkrediteerde jagvereniging nie;

"geleentheidspersoon" enige persoon wat, van tyd tot tyd, deelneem aan sportskiet maar wat nie 'n lid is van 'n geakkrediteerde sportskietorganisasie nie;

"half-outomaties" selflaaiend maar nie in staat om meer as een skoot met 'n enkele drukking van die sneller af te vuur nie;

"handelaar" enige persoon wat kragtens hierdie Wet gelisensieer is om handel te dryf in vuurwapens en ammunisie;

"handwapen" 'n pistool of rewolwer wat in een hand gehou en afgevuur kan word;

"hierdie Wet" ook enige regulasie;

"laai" ook herlaai;

"Minister" die Minister van Veiligheid en Sekuriteit;

"nagemaakte vuurwapen" enigiets wat die voorkoms van 'n vuurwapen het maar nie in staat is om as sodanig te funksioneer nie en nie deur oppervlakkige ondersoek as 'n namaaksel geïdentifiseer kan word nie;

"Nasionale Kommissaris" die Nasionale Kommissaris van die Suid-Afrikaanse Polisie diens aangestel ingevolge artikel 207(1) van die Grondwet;

"oordrag" ook verkoop, verhuur, skenk, leen of andersins afstand doen van besit;

"openbare versamelaar" 'n persoon wat vuurwapens of ammunisie versamel vir vertoon aan die publiek en as sodanig geakkrediteer is;

"patroon" 'n volledige voorwerp wat bestaan uit 'n patroondop, slagkop, dryfmiddel en koeël;

[Datum van inwerking van omskrywing van "patroon": 1 Junie 2001.]

"polisiebeampte"-

- (a) 'n lid van die Suid-Afrikaanse Polisie diens soos omskryf in artikel 1 van die Wet op die Suid-Afrikaanse Polisie diens, 1995 (Wet 68 van 1995), en 'n lid van enige munisipale polisie diens ingestel ingevolge daardie Wet;
- (b) 'n persoon deur die Minister aangewys as 'n polisiebeampte kragtens artikel 142; en
- (c) 'n lid van die Suid-Afrikaanse Nasionale Weermag wat in samewerking met die Suid-Afrikaanse Polisie diens aangewend word;

[Datum van inwerking van omskrywing van "polisiebeampte": 1 Junie 2001.]

"private versamelaar" 'n persoon wat vuurwapens of ammunisie versamel, wat 'n lid is van 'n geakkrediteerde versamelaarsvereniging en wat nie 'n openbare versamelaar is nie;

"Registrateur" die persoon in artikel 123 bedoel;

"regspersoon" ook 'n vennootskap en enige ander assosiasie van persone;

"regulasie" 'n regulasie kragtens artikel 145 uitgevaardig;

"sekuriteitsbeampte" enige persoon in diens van 'n sekuriteitsmaatskappy;

"sekuriteitsmaatskappy" 'n persoon wat-

(a) 'n sekuriteitsdiens lewer soos omskryf in artikel 1 van die Wet op Sekuriteitsbeamptes, 1987 (Wet 92 van 1987); of

(b) geakkrediteer is as 'n verskaffer van sekuriteitsdienste vir eie besigheid;

"toegewyde jagter" 'n persoon wat aktief deelneem aan jagbedrywighede en wat 'n lid is van 'n geakkrediteerde jagvereniging;

"toegewyde sportpersoon" 'n persoon wat aktief deelneem aan sportskiet en wat 'n lid is van 'n geakkrediteerde sportskietvereniging;

"vol-outomaties" in staat om meer as een skoot af te vuur met 'n enkele drukking op die sneller;

"voorgeskryf" voorgeskryf by regulasie;

"vorige Wet" die Wet op Wapens en Ammunisie, 1969 (Wet 75 van 1969);

"vuurwapen" enige-

(a) toestel wat vervaardig of ontwerp is om 'n koeël of projektiel voort te dryf deur 'n loop of silinder deur middel van brandende dryfmiddel, teen 'n loopenergie wat 8 joule (6-vt-pd) oorskry;

(b) toestel wat vervaardig of ontwerp is om randvuur-, slenterslag- of naaldvuurammunisie af te vuur;

(c) toestel wat nie op die tyd in staat is om 'n koeël of projektiel af te vuur nie, maar wat geredelik verander kan word om 'n vuurwapen binne die bedoeling van paragraaf (a) of (b) te wees;

(d) toestel vervaardig om 'n koeël of enige ander projektiel van .22-kaliber of hoër teen 'n loopenergie van meer as 8 joule (6-vt-pd), deur middel van saamgeperste gas en nie deur middel van brandende dryfmiddel nie, af te vuur; of

(e) loop, raam of romp van 'n toestel bedoel in paragraaf (a), (b), (c) of (d), maar nie ook 'n toestel in artikel 5 beoog nie;

[Datum van inwerking van omskrywing van "vuurwapen": 1 Junie 2001.]

"**wapensmid**" enige persoon wat werk verrig beoog in artikel 59, maar wat nie vuurwapens vervaardig nie; en

"**windgeweer**" enige toestel vervaardig om 'n koeël af te vuur of enige ander projektiel van 'n kaliber van minder as 5.6mm (.22 kaliber), deur middel van saamgeperste gas en nie deur middel van brandende dryfmiddel nie.

[Datum van inwerking van omskrywing van "windgeweer": 1 Junie 2001.]

2 Doel van Wet

Die doel van hierdie Wet is om-

- (a) die grondwetlike reg op lewe en liggaamlike integriteit te bevorder;
- (b) die toename van onwettige besit van vuurwapens te voorkom en, deur voorsiening te maak vir die verwydering van hierdie vuurwapens uit die gemeenskap en deur verbetering van beheer oor die wettige besit van vuurwapens, misdaad waarby vuurwapens gebruik word, te voorkom;
- (c) dit vir die Staat moontlik te maak om vuurwapens wat onwettig besit word uit die gemeenskap te verwyder, die voorsiening, besit, veilige bewaring, oordrag en gebruik van vuurwapens te beheer en die nalatige en kriminele gebruik van vuurwapens op te spoor en te straf;
- (d) 'n volledige en doeltreffende stelsel van vuurwapenbeheer en -bestuur in te stel; en
- (e) die doelmatige monitering en afdwinging van wetgewing betreffende die beheer oor vuurwapens te verseker.

[Datum van inwerking van a. 2: 1 Junie 2001.]

HOOFSTUK 2 VERBODINGE (aa 3-4)

3 Algemene verbod ten opsigte van vuurwapens

Geen persoon mag 'n vuurwapen besit nie tensy hy of sy 'n lisensie, permit of magtiging uitgereik ingevolge hierdie Wet vir daardie vuurwapen hou.

4 Verbode vuurwapens

(1) Die volgende vuurwapens en toestelle is verbode vuurwapens en mag nie ingevolge hierdie Wet besit of gelisensieer word nie, behalwe soos voorsiening gemaak word in artikels 17, 18 (5), 19 en 20 (1) (b):

- (a) Enige vol-outomatiese vuurwapen;

- (b) enige geweer, kanon, terugslaglose geweer, mortier, ligte mortier of lanseerder vervaardig om 'n vuurpyl, granaat, selfgedrewe granaat, bom of plofbare toestel af te vuur;
- (c) enige raam, romp of loop van so 'n vol-outomatiese vuurwapen, geweer, kanon, terugslaglose geweer, mortier, ligte mortier of lanseerder;
- (d) enige projektiel of vuurpyl vervaardig om afgevuur te word van 'n kanon, terugslaglose geweer of mortier, of vuurpyllanseerder;
- (e) enige namaaksel van enige toestel beoog in paragraaf (a), (b), (c), of (d);
- (f) enige vuurwapen-
 - (i) waarvan die meganisme verander is om meer as een skoot af te vuur met 'n enkele drukking op die sneller;
 - (ii) waarvan die kaliber verander is sonder die skriftelike toestemming van die Registrateur;
 - (iii) waarvan die looplengte verander is sonder die skriftelike toestemming van die Registrateur;
 - (iv) waarvan die reeksnommer of enige ander uitkenningsteken verander of verwyder is sonder die skriftelike toestemming van die Registrateur.

(2) By die toepassing van subartikel (1) (f) (iii), is die toevallige verandering van die lengte van die loop van 'n vuurwapen deur 'n wapensmid in die gewone loop van die wapensmid se werk wat nie ten doel het die verandering van die lengte van die loop van daardie vuurwapen nie, moet nie geag word 'n verandering soos beoog in daardie subartikel te wees nie.

(3) (a) Die Minister kan, by kennisgewing in die *Staatskoerant*, enige ander vuurwapen van 'n vermelde tipe verklaar tot 'n verbode vuurwapen indien dit-

- (i) in die belang van openbare veiligheid is; of
- (ii) wenslik is vir die handhawing van wet en orde.

(b) 'n Kennisgewing beoog in paragraaf (a) moet minstens 14 dae voor die publikasie daarvan in die Parlement ter tafel gelê word indien die Parlement dan in sitting is en, indien die Parlement nie in sitting is nie, binne sewe dae nadat die volgende sitting 'n aanvang geneem het.

(c) 'n Kennisgewing beoog in paragraaf (a) bly volledig van krag totdat dit deur die Minister of by besluit van die Parlement herroep word.

HOOFSTUK 3
SPESIALE BEPALINGS TEN OPSIGTE VAN SEKERE TOESTELLE (a 5)

5 Toestelle wat nie vuurwapens by toepassing van hierdie Wet is nie

(1) Die volgende toestelle is by die toepassing van hierdie Wet nie vuurwapens nie:

- (a) Enige plofbare kragwerktuig vervaardig spesifiek vir gebruik in industriële aanwending, met inbegrip van lynwerpende gewere en "impex-" tipe betongewere;
- (b) enige plofbare kragwerktuig wat vervaardig is vir die afspatting van rots of beton deur middel van die afvuur van 'n plofbare patroon;
- (c) enige industriële werktuig vervaardig om gebruik te word deur die myn- en staalnywerheid om vuurvaste materiaal te verwyder;
- (d) enige kabelpengeweer vervaardig vir gebruik in 'n abattoir vir die sagslagting van diere;
- (e) 'n antieke vuurwapen;
- (f) 'n windgeweer;
- (g) 'n verdowingsvuurwapen
- (h) 'n verfbalgeweer;
- (i) 'n fakkelgeweer;
- (j) 'n gedeaktiveerde vuurwapen;
- (k) enige ander toestel waaraan die Minister, by kennisgewing in die *Staatskoerant*, vrystelling verleen.

(2) 'n Kennisgewing beoog in subartikel (1) (*k*) moet minstens 14 dae voor die publikasie daarvan in die Parlement ter tafel gelê word indien die Parlement dan in sitting is en, indien die Parlement nie in sitting is nie, binne sewe dae nadat die volgende sitting 'n aanvang geneem het.

(3) 'n Kennisgewing beoog in subartikel (1) (*k*) bly volledig van krag totdat dit deur die Minister of by besluit van die Parlement herroep word.

HOOFSTUK 4
BEVOEGDHEIDSERTIFIKATE, LISENSIES, PERMITTE, MAGTIGINGS EN
AKKREDITERINGS (aa 6-8)

[Datum van inwerking van a. 5: 1 Junie 2001.]

6 Bevoegdheidsertifikate, lisensies, permitte en magtigings

(1) Die Registrateur kan enige bevoegdheidsertifikaat, lisensie, permit of magtiging beoog in hierdie Wet uitreik-

- (a) by ontvangs van 'n aansoek voltooi in die voorgeskrewe vorm, met inbegrip van 'n volle stel vingerafdrukke van die aansoeker; en
- (b) indien die aansoeker aan al die toepaslike vereistes van hierdie Wet voldoen.

(2) Behoudens artikel 7 mag 'n lisensie nie uitgereik word aan 'n persoon wat nie in besit van die toepaslike bevoegdheidsertifikaat is nie.

(3) Elke aansoek om 'n bevoegdheidsertifikaat, lisensie, permit of magtiging moet vergesel gaan van die inligting wat voorgeskryf word.

7 Aansoeke deur persone anders as natuurlike persone

(1) Wanneer 'n regspersoon verlang om om 'n lisensie, permit of magtiging ingevolge hierdie Wet aansoek te doen, moet dit 'n natuurlike persoon benoem om daarnamens aansoek te doen.

(2) Die persoon aldus benoem moet op die lisensie, permit of magtiging geïdentifiseer word as die verantwoordelike persoon.

(3) 'n Verantwoordelike persoon wat enige lisensie, permit of magtiging hou wat kragtens hierdie Wet uitgereik is ooreenkomstig 'n aansoek beoog in subartikel (1) namens die regspersoon moet by die toepassing van hierdie Wet geag word die houer van die betrokke lisensie te wees.

(4) Indien dit nodig word om 'n verantwoordelike persoon om enige rede te vervang, moet die regspersoon 'n nuwe verantwoordelike persoon benoem wat in besit moet wees van die toepaslike bevoegdheidsertifikaat.

8 Akkreditering

(1) Enige akkreditering vereis ingevolge hierdie Wet moet deur die Registrateur gedoen word ooreenkomstig die regulasies wat voorgeskryf word.

(2) Die regulasies beoog in subartikel (1) kan verskillende stelle maatstawwe uiteensit, ten opsigte van verskillende akkrediteringe, wat die Registrateur moet toepas wanneer 'n akkreditering uitgereik word en welke maatstawwe minstens maatstawwe moet insluit in verband met-

- (a) betroubaarheid en integriteit;
- (b) geskiktheid om die toepaslike werksaamhede ingevolge die Wet uit te voer;

- (c) bekwaamheid om die doel van die akkreditering te dien; en
- (d) bekwaamheid om die doelstellings van hierdie Wet te bevorder.

(3) Die Registrateur kan 'n akkreditering kanselleer indien daar nie meer voldoen word aan enige van die maatstawwe vir akkreditering nie.

HOOFSTUK 5

BEVOEGDHEIDSERTIFIKATE (aa 9-10)

9 Aansoek om 'n bevoegdheidsertifikaat

(1) 'n Aansoek om 'n bevoegdheidsertifikaat om 'n vuurwapen te besit, in vuurwapens handel te dryf, vuurwapens te vervaardig of om as wapensmid besigheid te bedryf, moet afgelewer word aan die Aangewese Vuurwapenbeampte verantwoordelik vir die gebied waarin die aansoeker gewoonlik woonagtig is of waarin die aansoeker se besigheid is of geleë sal wees, na gelang van die geval.

(2) Waar 'n persoon nie vantevore 'n bevoegdheidsertifikaat verkry het nie, kan 'n bevoegdheidsertifikaat slegs aan sodanige persoon uitgereik word indien hy of sy-

- (a) op die dag waarop die aansoek deur die Aangewese Vuurwapenbeampte ontvang word, 21 jaar of ouer is;
- (b) 'n Suid-Afrikaanse burger is of die houer van 'n permanente Suid-Afrikaanse verblyfpermit;
- (c) 'n geskikte en gepaste persoon is om 'n vuurwapen te besit, handel te dryf in vuurwapens, vuurwapens te vervaardig of om as wapensmid besigheid te bedryf;
- (d) in 'n stabiele geestestoestand verkeer en nie tot geweld geneig is nie;
- (e) nie afhanklik is van 'n stof wat 'n bedwelmende of narkotiese uitwerking het nie;
- (f) nie aan 'n misdryf kragtens of ingevolge hierdie Wet of die vorige Wet skuldig bevind is en tot 'n tydperk gevangenisstraf sonder die keuse van 'n boete gevonnissen is nie;
- (g) nie, hetsy binne of buite Suid-Afrika, skuldig bevind is aan 'n misdryf waarby die onwettige gebruik of hantering van 'n vuurwapen deur hom of haar of enige ander deelnemer tot die misdryf betrokke is nie, hetsy binne of buite Suid-Afrika gepleeg;
- (h) nie, hetsy binne of buite Suid-Afrika, skuldig bevind is nie aan 'n misdryf waarby betrokke is-
 - (i) geweld of seksuele mishandeling, hetsy binne of buite Suid-Afrika

gepleeg, en tot 'n tydperk gevangenisstraf sonder die keuse van 'n boete gevonniss is; of

- (ii) fisiese of seksuele mishandeling wat voorgekom het binne 'n gesinsverhouding soos omskryf in artikel 1 van die Wet op Gesinsgeweld, 1998 (Wet 116 van 1998), hetsy binne of buite Suid-Afrika gepleeg;
- (i) nie skuldig bevind is aan bedrog met betrekking tot, of die verskaffing van valse inligting vir die doel van, die verkryging van 'n bevoegdheidsertifikaat, lisensie, permit of magtiging ingevolge hierdie Wet of die vorige Wet nie;
- (j) nie, hetsy binne of buite Suid-Afrika, skuldig bevind is aan 'n misdryf met betrekking tot die misbruik van alkohol of bedwelmende stowwe nie, hetsy binne of buite Suid-Afrika gepleeg, en tot 'n tydperk gevangenisstraf sonder die keuse van 'n boete gevonniss is;
- (k) nie, hetsy binne of buite Suid-Afrika, skuldig bevind is aan 'n misdryf waarby handeldryf in bedwelmende stowwe betrokke is nie, hetsy binne of buite Suid-Afrika gepleeg, en tot 'n tydperk gevangenisstraf sonder die keuse van 'n boete gevonniss is;
- (l) nie skuldig bevind is aan 'n misdryf ingevolge die Wet op Gesinsgeweld, 1998 (Wet 116 van 1998), en tot 'n tydperk gevangenisstraf sonder die keuse van 'n boete gevonniss is nie;
- (m) nie skuldig bevind is aan 'n misdryf waarby die nalatige hantering van 'n vuurwapen betrokke is nie;
- (n) nie skuldig bevind is nie aan 'n misdryf kragtens die Wet op Ontploffbare Stowwe, 1956 (Wet 26 van 1956), en tot 'n tydperk gevangenisstraf sonder die keuse van 'n boete gevonniss is;
- (o) nie skuldig bevind is nie, hetsy binne of buite Suid-Afrika, aan 'n misdryf waarby sabotasie, terrorisme, openbare geweld, brandstigting, intimidasie, verkragting, ontvoering of kinderroof betrokke is nie, hetsy binne of buite Suid-Afrika gepleeg;
- (p) nie onbevoeg geraak het of verklaar is nie om 'n vuurwapen te besit ingevolge hierdie Wet of die vorige Wet;
- (q) die voorgeskrewe toets oor kennis van hierdie Wet suksesvol afgelê het;
- (r) die voorgeskrewe opleiding en praktiese toetse met betrekking tot die veilige en doeltreffende hantering van 'n vuurwapen suksesvol afgelê het;
- (s) indien toepaslik, die voorgeskrewe opleiding en praktiese toetse vir

vuurwapenhandelaars of -vervaardigers, wapensmede, sekuriteitsbeamptes of ander persone wat vuurwapens in die loop van hul besigheid gebruik, suksesvol afgelê het.

(3) 'n Misdryf bedoel in subartikel (2) sluit in enige sameswering, aanhitsing of poging om sodanige misdryf te pleeg, en beteken 'n misdryf ten opsigte waarvan-

- (a) 'n hof nie 'n beslissing gegee het dat die persoon, ondanks die skuldigbevinding, nie onbevoeg is om 'n vuurwapen te besit nie; en
- (b) aan die vonnis voldoen is nie meer as vyf jaar voor die aansoek om 'n bevoegdheidsertifikaat deur die Aangewese Vuurwapenbeampte ontvang is nie.

(4) Die diskwalifikasie in subartikel (2) (*p*) beoog, kom tot 'n einde by die verstryking van 'n tydperk van vyf jaar bereken van die datum waarop die persoon onbevoeg geraak het of verklaar is, of die verstryking van die tydperk waarvoor die verklaring geldig is, welke ook al eerste plaasvind.

(5) (*a*) Ondanks subartikel (2) (*a*) kan die Registrateur 'n persoon onder die ouderdom van 21 jaar toelaat om aansoek te doen om 'n bevoegdheidsertifikaat indien daar gebiedende redes is wat vereis dat die persoon 'n bevoegdheidsertifikaat of lisensie bekom om 'n vuurwapen te besit.

(*b*) Gebiedende redes in paragraaf (*a*) beoog, kan insluit die feit dat die aansoeker 'n besigheid bedryf, in besoldigde diens is, 'n toegewyde jagter is, 'n toegewyde sportpersoon is of 'n private versamelaar is.

(6) (*a*) Waar 'n persoon tevore 'n bevoegdheidsertifikaat verkry het, kan 'n verdere bevoegdheidsertifikaat slegs aan sodanige persoon uitgereik word indien hy of sy voldoen aan die vereistes wat voorgeskryf word.

(*b*) Die vereistes beoog in paragraaf (*a*) kan nie meer beswarend wees as dié van toepassing op 'n persoon wat nie tevore 'n bevoegdheidsertifikaat verkry het nie.

10 Bevoegdheidsertifikaat

(1) 'n Bevoegdheidsertifikaat moet spesifiseer-

- (a) of dit betrekking het op bevoegdheid-
 - (i) om 'n vuurwapen te besit;
 - (ii) om in vuurwapens handel te dryf;
 - (iii) om vuurwapens te vervaardig; of
 - (iv) om as wapensmid besigheid te bedryf; en

(b) al die betrokke toetse deur die houer suksesvol afgelê.

(2) 'n Bevoegdheidsertifikaat verval vyf jaar na die datum van uitreiking daarvan.

HOOFSTUK 6 LISENSIE OM VUURWAPEN TE BESIT (aa 11-30)

11 Afsonderlike lisensie ten opsigte van elke vuurwapen

(1) Die Registrateur moet 'n afsonderlike lisensie uitreik ten opsigte van elke vuurwapen wat ingevolge hierdie Hoofstuk gelisensieer word.

(2) Ondanks subartikel (1) kan die Registrateur aan 'n persoon 'n enkele dokument uitreik wat lisensies vir meer as een vuurwapen bevat.

12 Addisionele lisensies

(1) Die Registrateur kan 'n addisionele lisensie ten opsigte van 'n vuurwapen beoog in artikels 13, 14, 15 en 16 uitreik aan elke persoon wat op dieselfde perseel woon as die houer van die lisensie ten opsigte van die betrokke vuurwapen.

(2) Elke houer van 'n addisionele lisensie moet aan al die vereistes voldoen vir die uitreiking van 'n lisensie ten opsigte van die betrokke vuurwapen.

(3) Indien die houer van 'n addisionele lisensie beoog in subartikel (1) van die betrokke perseel wegtrek, verval sodanige addisionele lisensie en die persoon aan wie sodanige lisensie uitgereik was, moet daardie lisensie onverwyld aan die Registrateur teruggee.

13 Lisensie om vuurwapen te besit vir selfverdediging

(1) Vuurwapen ten opsigte waarvan 'n lisensie uitgereik kan word ingevolge hierdie artikel is enige-

(a) haelgeweer wat nie vol-outomaties of half-outomaties is nie; of

(b) handwapen wat nie vol-outomaties is nie.

(2) Die Registrateur kan 'n lisensie uitreik kragtens hierdie artikel aan enige natuurlike persoon wat-

(a) behoefte het aan 'n vuurwapen vir selfverdediging; en

(b) nie redelikerwys daardie behoefte kan bevredig anders as deur die besit van 'n vuurwapen nie.

(3) Geen persoon mag meer as een lisensie ingevolge hierdie artikel uitgereik, hou nie.

(4) 'n Vuurwapen ten opsigte waarvan 'n lisensie uitgereik is ingevolge hierdie

artikel kan gebruik word waar dit veilig is om die vuurwapen te gebruik en vir 'n wettige doel.

14 Lisensie om beperkte vuurwapen te besit vir selfverdediging

(1) By die toepassing van hierdie Wet is 'n beperkte vuurwapen enige-

- (a) half-outomatiese geweer of haelgeweer wat nie geredelik omskep kan word in 'n vol-outomatiese vuurwapen nie; of
- (b) vuurwapen deur die Minister, by kennisgewing in die *Staatskoerant*, tot 'n beperkte vuurwapen verklaar.

(2) 'n Kennisgewing beoog in subartikel (1) (b) moet in die Parlement ter tafel gelê word minstens 14 dae voor die publikasie daarvan indien die Parlement dan in sitting is en, indien die Parlement nie in sitting is nie, binne sewe dae nadat die volgende sitting 'n aanvang geneem het.

(3) 'n Kennisgewing beoog in subartikel (1) (b) bly volledig van krag totdat dit deur die Minister of by besluit van die Parlement herroep word.

(4) Die Registrateur kan 'n lisensie ingevolge hierdie artikel aan enige natuurlike persoon uitreik wat aantoon dat 'n vuurwapen beoog in artikel 13 (1) nie voldoende beskerming sal verleen nie, en wat redelike inligting voorlê ter motivering van die behoefte vir 'n beperkte vuurwapen vir doeleindes van selfverdediging.

(5) Geen persoon mag meer as een lisensie ingevolge hierdie artikel uitgereik, hou nie.

(6) 'n Vuurwapen ten opsigte waarvan 'n lisensie ingevolge hierdie artikel uitgereik is, kan gebruik word waar dit veilig is om die vuurwapen te gebruik en vir 'n wettige doel.

15 Lisensie om vuurwapen te besit vir geleentheidsjag en sportskiet

(1) 'n Vuurwapen ten opsigte waarvan 'n lisensie uitgereik kan word ingevolge hierdie artikel is 'n-

- (a) handwapen wat nie vol-outomaties is nie;
- (b) geweer of haelgeweer wat nie vol- of half-outomaties is nie; of
- (c) loop, raam of romp van 'n handwapen, geweer of haelgeweer beoog in paragraaf (a) of (b),

en wat nie 'n beperkte vuurwapen is nie.

(2) Die Registrateur kan 'n lisensie ingevolge hierdie artikel uitreik aan enige natuurlike persoon wat 'n geleentheidsjagter of geleentheidssportpersoon is.

(3) (a) Behoudens paragrawe (b), (c) en (d) mag geen persoon meer as vier lisensies hou uitgereik ingevolge hierdie artikel nie.

(b) Indien 'n persoon 'n lisensie hou uitgereik ingevolge artikel 13, kan hy of sy slegs drie lisensies hou uitgereik ingevolge hierdie artikel.

(c) 'n Persoon mag nie meer as een lisensie hou nie ten opsigte van 'n handwapen in subartikel (1) (a) beoog nie.

(d) Indien 'n persoon beoog in paragraaf (a) enige addisionele lisensies beoog in artikel 12 ten opsigte van 'n vuurwapen beoog in hierdie artikel en artikel 13 hou, moet die getal lisensies wat daardie persoon kan hou, verminder word met die getal sodanige addisionele lisensies gehou.

(4) 'n Vuurwapen ten opsigte waarvan 'n lisensie uitgereik is ingevolge hierdie artikel kan gebruik word waar dit veilig is om die vuurwapen te gebruik en vir 'n wettige doel.

16 Lisensie om vuurwapen te besit vir toegewyde jag en toegewyde sportskiet

(1) 'n Vuurwapen ten opsigte waarvan 'n lisensie uitgereik kan word ingevolge hierdie artikel is 'n-

- (a) handwapen wat nie vol-outomaties is nie;
- (b) geweer of haelgeweer wat nie vol-outomaties is nie;
- (c) half-outomatiese haelgeweer vervaardig om nie meer as vyf skote in snelvuur af te vuur sonder om herlaai te word nie; of
- (d) loop, raam of romp van 'n handwapen, geweer of haelgeweer beoog in paragraaf (a), (b) of (c).

(2) Die Registrateur kan 'n lisensie ingevolge hierdie artikel uitreik aan enige natuurlike persoon wat 'n toegewyde jagter of toegewyde sportpersoon is indien die aansoek vergesel gaan van 'n beëdigde verklaring of plegtige verklaring van die voorsitter van 'n geakkrediteerde jagvereniging of sportskietorganisasie, of iemand skriftelik deur hom of haar gedelegeer, wat verklaar dat die applikant 'n geregistreerde lid van daardie vereniging is.

(3) 'n Vuurwapen ten opsigte waarvan 'n lisensie uitgereik is ingevolge hierdie artikel kan gebruik word waar dit veilig is om die vuurwapen te gebruik en vir 'n wettige doel.

(4) Elke geakkrediteerde jagvereniging en sportskietorganisasie moet-

- (a) 'n register hou wat die inligting bevat wat voorgeskryf word; en
- (b) 'n jaarverslag voorlê aan die Registrateur wat die inligting bevat wat

voorgeskryf word.

17 Lisensie om vuurwapen te besit in private versameling

(1) (a) 'n Vuurwapen wat in 'n private versameling besit kan word, is enige vuurwapen goedgekeur vir versameling deur 'n geakkrediteerde versamelaarsvereniging.

(b) Ondanks artikel 4 kan 'n verbode vuurwapen wat voorgeskryf word, gelisensieer word kragtens hierdie artikel.

(2) Die Registrateur kan 'n lisensie kragtens hierdie artikel uitreik aan 'n private versamelaar indien die aansoek vergesel gaan van 'n beëdigde verklaring of plegtige verklaring van die voorsitter van 'n geakkrediteerde versamelaarsvereniging, of iemand skriftelik gedelegeer deur hom of haar, waarin verklaar word dat die aansoeker 'n geregistreerde lid van daardie vereniging is.

(3) Die houer van 'n lisensie uitgereik ingevolge hierdie artikel-

(a) moet die vuurwapen berg by die plek vermeld in die lisensie; en

(b) kan die vuurwapen slegs vertoon ooreenkomstig die veiligheidsmaatreëls wat voorgeskryf word.

(4) 'n Vuurwapen ten opsigte waarvan 'n lisensie ingevolge hierdie artikel uitgereik is, kan gebruik word waar dit veilig is om die vuurwapen te gebruik en vir 'n wettige doel.

18 Permit om ammunisie te besit in private versameling

(1) Ammunisie wat in 'n private versameling besit kan word, is enige ammunisie goedgekeur vir versameling deur 'n geakkrediteerde versamelaarsvereniging.

(2) (a) Die Registrateur kan, behoudens die regulasies wat voorgeskryf word, 'n permit uitreik ingevolge hierdie artikel aan 'n private versamelaar indien die aansoek vergesel gaan van 'n beëdigde verklaring of plegtige verklaring van die voorsitter van 'n geakkrediteerde versamelaarsvereniging, of iemand skriftelik gedelegeer deur hom of haar, wat verklaar dat die aansoeker 'n geregistreerde lid van daardie vereniging is.

(b) 'n Versamelaar beoog in paragraaf (a) mag nie meer as 200 rondes ammunisie van enige bepaalde kaliber besit nie, tensy die Registrateur die besit van 'n hoër getal skriftelik goedkeur.

(3) Die houer van 'n permit uitgereik ingevolge hierdie artikel mag nie enige ammunisie in sy of haar versameling afvuur nie.

(4) Die houer van 'n permit uitgereik ingevolge hierdie artikel-

(a) moet die ammunisie berg op die plek in die permit vermeld; en

- (b) kan slegs die ammunisie vertoon ooreenkomstig die veiligheidsmaatreëls wat voorgeskryf word.

(5) Ondanks artikel 4, kan die houer van 'n permit uitgereik ingevolge hierdie artikel projektiële en patrone vervaardig om afgevuur te word deur verbode vuurwapens besit indien die dryfmiddel, brisante springstof en slagdrop van die projektiële en patrone verwyder of gedeaktiveer is.

19 Lisensie om vuurwapen te besit, en permit om ammunisie te besit, in openbare versameling

(1) Die Registrateur kan 'n lisensie om 'n vuurwapen te besit in 'n openbare versameling, 'n permit om ammunisie te besit in 'n openbare versameling, of beide sodanige permit en lisensie, aan 'n openbare versamelaar uitreik.

(2) Ondanks artikel 4-

- (a) kan 'n verbode vuurwapen wat kragtens hierdie artikel voorgeskryf word gelisensieer word; en
- (b) kan die houer van 'n permit uitgereik ingevolge hierdie artikel projektiële en patrone vervaardig om afgevuur te word deur verbode vuurwapens besit indien die dryfmiddel, brisante springstof en slagdrop van die projektiële en patrone verwyder of gedeaktiveer is.

(3) Die houer van 'n permit beoog in subartikel (1) mag nie meer as 200 rondes ammunisie van enige bepaalde kaliber besit nie, tensy die Registrateur die besit van 'n hoër getal skriftelik goedkeur.

(4) 'n Vuurwapen ten opsigte waarvan 'n lisensie ingevolge hierdie artikel uitgereik is, en ammunisie ten opsigte waarvan 'n permit ingevolge hierdie artikel uitgereik is, kan slegs vertoon word-

- (a) in 'n geakkrediteerde museum; en
- (b) ooreenkomstig die veiligheidsmaatreëls wat voorgeskryf word.

(5) 'n Vuurwapen ten opsigte waarvan 'n lisensie ingevolge hierdie artikel uitgereik is, kan slegs gebruik word op 'n geakkrediteerde skietbaan ooreenkomstig die reëls van daardie skietbaan en ooreenkomstig die voorwaardes wat die Registrateur voorskryf.

(6) Die houer van 'n permit uitgereik ingevolge hierdie artikel mag nie enige ammunisie in sy of haar versameling afvuur nie.

20 Lisensie om vuurwapen te besit vir besigheidsdoeleindes

(1) (a) 'n Vuurwapen ten opsigte waarvan 'n lisensie ingevolge hierdie artikel uitgereik kan word, is enige vuurwapen anders as 'n verbode vuurwapen.

(b) Ondanks paragraaf (a) kan 'n lisensie ten opsigte van 'n verbode vuurwapen uitgereik word aan 'n persoon beoog in subartikel (2) (c) maar sodanige persoon kan slegs die verbode vuurwapen verskaf vir gebruik in teater-, film- of televisieproduksies en dan alleenlik indien die skriftelike goedkeuring vooraf van die Registrateur bekom is en op die voorwaardes wat die Registrateur voorskryf.

(2) Die Registrateur kan 'n lisensie ingevolge hierdie artikel uitreik aan-

- (a) 'n sekuriteitsmaatskappy;
- (b) 'n persoon wat geakkrediteer is om opleiding te verskaf in die gebruik van vuurwapens;
- (c) 'n persoon wat geakkrediteer is om vuurwapens te voorsien vir gebruik in teater-, film- of televisieproduksies;
- (d) 'n persoon wat as 'n wildjagter geakkrediteer is;
- (e) 'n persoon wat geakkrediteer is om besigheid met betrekking tot jag te bedryf; of
- (f) enige persoon wat geakkrediteer is om vuurwapens te gebruik vir die ander besigheidsdoeleindes wat die Registrateur bepaal.

(3) 'n Lisensie uitgereik ingevolge hierdie artikel moet die besigheidsgebruik ten opsigte waarvan dit uitgereik is, vermeld.

(4) 'n Vuurwapen ten opsigte waarvan 'n lisensie ingevolge hierdie artikel uitgereik is, kan slegs gebruik word soos in die lisensie vermeld.

(5) (a) Die houer van 'n lisensie uitgereik ingevolge hierdie artikel kan slegs 'n vuurwapen vir gebruik deur 'n ander persoon voorsien behoudens die voorwaardes wat voorgeskryf word.

(b) 'n Sekuriteitsmaatskappy wat 'n lisensie hou om 'n vuurwapen te besit vir besigheidsgebruik kan die vuurwapen slegs verskaf aan 'n sekuriteitsbeampte in sy diens wat 'n bevoegdheidsertifikaat hou.

(6) Elke houer van 'n lisensie uitgereik ingevolge hierdie artikel moet-

- (a) 'n register hou van alle vuurwapens in sy besit wat die inligting bevat wat voorgeskryf word;
- (b) die vuurwapens berg en vervoer soos wat voorgeskryf word.

(7) Die houer van 'n lisensie uitgereik ingevolge hierdie Wet moet, op die versoek van 'n polisiebeampte-

- (a) enige vuurwapen en ammunisie in sy besit of onder sy beheer; en

(b) elke lisensie uitgereik ingevolge hierdie artikel,

vir inspeksie toon.

21 Tydelike magtiging om vuurwapen te besit

(1) Die Registrateur kan 'n tydelike magtiging om 'n vuurwapen te besit, uitreik aan enige persoon, met inbegrip van 'n nie-burger-

(a) vir die tydperk wat die Registrateur bepaal; en

(b) behoudens die voorwaardes wat die Registrateur voorskryf en oplê.

(2) Die Registrateur kan te eniger tyd 'n magtiging terugtrek indien enige voorwaarde beoog in subartikel (1) (b) nie nagekom word nie.

(3) Die Kantoor van die Sentrale Vuurwapenregister moet 'n rekord hou wat die inligting bevat wat voorgeskryf word ten opsigte van alle magtigings uitgereik ingevolge hierdie artikel.

(4) Die Registrateur moet 'n jaarverslag aan die Minister voorlê wat die inligting bevat wat voorgeskryf word ten opsigte van alle magtigings uitgereik ingevolge hierdie artikel.

(5) 'n Vuurwapen ten opsigte waarvan magtiging ingevolge hierdie artikel uitgereik is, kan slegs gebruik word-

(a) indien die Registrateur by endossement op die magtiging die gebruik daarvan veroorloof; en

(b) ooreenkomstig die voorwaardes wat die Registrateur voorskryf en oplê.

(6) Daar kan slegs oor 'n vuurwapen ten opsigte waarvan 'n magtiging ingevolge hierdie artikel uitgereik is, beskik word met die skriftelike toestemming van die Registrateur en behoudens die voorwaardes wat hy of sy oplê.

22 Houer van lisensie kan ander persoon toelaat om vuurwapen te gebruik

Ondanks enigiets tot die teendeel in hierdie Wet maar behoudens artikel 120 (5), kan enigiemand wat minstens 21 jaar oud is en die houer is van 'n lisensie om 'n vuurwapen te besit wat ingevolge hierdie Wet uitgereik is, enige ander persoon toelaat om daardie vuurwapen te gebruik terwyl onder sy of haar onmiddellike toesig waar dit veilig is om die vuurwapen te gebruik en vir 'n wettige doel.

23 Uitkenningstekens op vuurwapens

(1) Geen vuurwapenlisensie mag uitgereik word nie tensy die vuurwapen die reeksnommer van die vervaardiger of enige ander teken waardeur die vuurwapen uitgeken kan word, dra.

(2) Die uitkenningsnommer moet gestempel wees en die teken moet aangeheg word op die voorgeskrewe wyse op die loop, raam of romp van die vuurwapen.

(3) Ondanks subartikels (1) en (2) kan die Registrateur, by die aanvoer van gegronde redes deur die aansoeker en behoudens die voorwaardes wat die Registrateur oplê, 'n lisensie uitreik ten opsigte van 'n vuurwapen wat nie aan die bepalings van daardie subartikels voldoen nie.

(4) Die Registrateur kan gelas dat enige vuurwapen ten opsigte waarvan 'n aansoek om 'n lisensie gedoen is, gemerk word met die bykomstige identifikasietekens wat hy of sy bepaal.

(5) Geen persoon mag die vervaardiger se reeksnommer of enige ander uitkenningssteken op 'n vuurwapen uitwis, verander of op enige ander wyse daarmee peuter met die opset om die identiteit van die vuurwapen te verander nie.

(6) 'n Persoon in besit van 'n vuurwapen waarvan die vervaardiger se reeksnommer of ander uitkenningssteken uitgewis, verander of andersins mee gepeuter is of onleesbaar geword het, moet die Registrateur onverwyld van sodanige feit in kennis stel.

(7) Die Registrateur kan skriftelik gelas dat sodanige vuurwapen gemerk moet word met die uitkenningssteken wat hy of sy bepaal.

24 Hernuwing van vuurwapenlisensies

(1) Die houer van 'n lisensie uitgereik ingevolge hierdie Hoofstuk wat verlang om die lisensie te hernu moet minstens 90 dae voor die verstrykingsdatum van die lisensie by die Registrateur aansoek doen om die hernuwing daarvan.

(2) Die aansoek moet-

- (a) vergesel gaan van die inligting wat voorgeskryf word; en
- (b) afgelewer word aan die Aangewese Vuurwapenbeampte verantwoordelik vir die gebied waarin die aansoeker gewoonlik woonagtig is of waarin die aansoeker se besigheid is, na gelang van die geval.

(3) Geen aansoek om die hernuwing van 'n lisensie mag verleen word nie tensy die aansoeker aantoon dat hy of sy steeds aan die vereistes vir die lisensie ingevolge hierdie Wet voldoen.

(4) Indien 'n aansoek om die hernuwing van 'n lisensie ingedien word binne die tydperk waarvoor in subartikel (1) voorsiening gemaak word, bly die lisensie geldig totdat die aansoek beslis is.

25 Kennisgewing van verandering van adres

(1) Die houer van 'n lisensie, permit of magtiging uitgereik ingevolge hierdie Hoofstuk moet skriftelik kennis gee aan die Registrateur van enige verandering van sy of haar fisiese of posadres binne 30 dae na so 'n verandering plaasgevind het.

(2) Die Registrateur moet binne 30 dae na ontvangs van 'n kennisgewing bedoel in subartikel (1) skriftelik ontvangs van daardie kennisgewing erken.

26 Kennisgewing van verandering van omstandighede

(1) Die houer van 'n lisensie, permit of magtiging uitgereik ingevolge hierdie Hoofstuk moet binne 30 dae aan die Registrateur skriftelik kennis gee indien daar enige verandering is aangaande enige inligting wat voorgelê is ten opsigte van die aansoek vir die uitreiking van daardie lisensie, permit of magtiging.

(2) Die Registrateur moet binne 30 dae na ontvangs van 'n kennisgewing in subartikel (1) bedoel skriftelik ontvangs van daardie kennisgewing erken.

27 Geldigheidsduur van lisensie of permit

'n Lisensie of permit vermeld in kolom 2 van die tabel hieronder bly geldig vir die tydperk vermeld in kolom 3 van daardie tabel.

TABEL - GELDIGHEIDSDUUR VAN LISENSIE OF PERMIT

Artikel nommer	Tipe lisensie of permit	Geldigheidsduur
13	Lisensie om vuurwapen te besit vir selfverdediging	Vyf jaar
14	Lisensie om beperkte vuurwapen te besit vir selfverdediging	Twee jaar
15	Lisensie om vuurwapen te besit vir geleentheidsjag en -sportskiet	Tien jaar
16	Lisensie om vuurwapen te besit vir toegewyde jag en toegewyde sportskiet	Tien jaar
17	Lisensie om vuurwapen te besit vir in private versameling	Tien jaar
18	Permit om ammunisie te besit in private versameling	Tien jaar
19	Lisensie om vuurwapen te besit, en permit om ammunisie te besit, in openbare versameling	Tien jaar
20	Lisensie om vuurwapen te besit vir besigheidsdoeleindes: Besigheid in jag	Vyf jaar
20	Lisensie om vuurwapen te besit vir besigheidsdoeleindes: Besigheid anders as in jag.	Twee jaar

28 Beëindiging van vuurwapenlisensie

(1) 'n Lisensie uitgereik ingevolge hierdie Hoofstuk eindig-

- (a) na die verstryking van die betrokke tydperk beoog in artikel 27, tensy ingevolge artikel 24 hernu;
- (b) indien oorhandig deur die lisensiehouer aan die Registrateur;
- (c) indien die lisensiehouer onbevoeg raak of onbevoeg verklaar word om 'n vuurwapen te besit ingevolge artikel 102 of 103; of
- (d) indien dit ingevolge hierdie Wet gekanselleer word.

(2) Die Registrateur kan, by skriftelike kennisgewing, 'n lisensie uitgereik ingevolge hierdie Wet kanselleer indien die houer van die lisensie-

- (a) nie meer kwalifiseer om die lisensie te hou nie; of
- (b) enige bepaling van hierdie Wet of 'n voorwaarde vermeld in die lisensie oortree het of versuim het om daaraan te voldoen.

(3) 'n Kennisgewing beoog in subartikel (2) kan slegs uitgereik word indien die Registrateur-

- (a) die houer van die lisensie 30 dae skriftelike kennis gegee het om skriftelike verhoë te rig waarom die lisensie nie gekanselleer moet word nie; en
- (b) behoorlike oorweging gegee het aan enige verhoë ontvang en aan al die feite wat betrekking het op die aangeleentheid.

(4) (a) Indien 'n kennisgewing beoog in subartikel (2) uitgereik word, moet die voormalige lisensiehouer oor daardie vuurwapen beskik deur middel van 'n handelaar of op die wyse wat die Registrateur bepaal.

(b) Die beskikking moet plaasvind binne 60 dae nadat die kennisgewing ontvang is.

(5) Indien daar nie binne 60 dae oor die vuurwapen beskik word nie, moet dit aan die Staat verbeurd verklaar word en die voormalige lisensiehouer moet dit onmiddellik afgee op die plek en op die wyse wat die Registrateur bepaal.

(6) Enige tydperk beoog in hierdie artikel kan deur die Registrateur verleng word by die aanvoer van gegronde redes.

29 Geskonde, verlore of gesteelde lisensies, permitte en magtigings

(1) Indien 'n lisensie, permit of magtiging uitgereik ingevolge hierdie Hoofstuk verlore raak of gesteel word, moet die houer van die lisensie, permit of magtiging binne 24 uur van die ontdekking van die verlies of diefstal die Registrateur van sodanige verlies of diefstal in kennis stel.

(2) Indien 'n lisensie, permit of magtiging uitgereik ingevolge hierdie Hoofstuk geskend word, verlore raak of gesteel word, moet die houer van die lisensie, permit of magtiging binne sewe dae van die ontdekking van die skending, verlies of diefstal in die voorgeskrewe vorm by die Registrateur aansoek doen om 'n afskrif van die lisensie, permit of magtiging.

30 Sentrale vuurwapendatabasis

Die Registrateur moet die sentrale vuurwapendatabasis instel en in stand hou wat voorgeskryf word.

HOOFSTUK 7 LISENSIES UITGEREIK AAN BESONDERE KATEGORIEË PERSONE: HANDELAARS, VERVAARDIGERS EN WAPENSMEDE (aa 31-72)

Deel 1 Handelaars (aa 31-44)

31 Verbod op ongelisensieerde handeldryf in vuurwapens of ammunisie

(1) Geen persoon mag in enige vuurwapen of ammunisie handel dryf sonder 'n handelaarslisensie nie.

(2) Behoudens subartikel (3) kan 'n persoon wat nie 'n handelaar is nie slegs deur middel van 'n handelaar of soos andersins bepaal in hierdie Wet, oor 'n vuurwapen of ammunisie beskik.

(3) 'n Persoon wat verlang om 'n vuurwapen te verkoop of te skenk aan 'n gewillige koper of donataris, na gelang van die geval, kan dit doen sonder die tussenkoms van 'n handelaar, maar op die voorwaardes wat die Aangewese Vuurwapenbeampte bepaal.

32 Vereistes vir handelaarslisensie

(1) 'n Handelaarslisensie kan uitgereik word aan 'n persoon wat 'n geskikte en gepaste persoon is om in vuurwapens en ammunisie handel te dryf.

(2) Enige natuurlike persoon wat sake doen namens 'n handelaar moet 'n bevoegdheidsertifikaat hou om in vuurwapens en ammunisie handel te dryf.

33 Voorwaardes opgelê aan handelaar

(1) Die Minister kan-

- (a) voorwaardes voorskryf ten opsigte van die uitreiking van 'n handelaarslisensie wat die Registrateur aan 'n gelisensieerde handelaar kan oplê; en
- (b) spesifikasies voorskryf ten opsigte van die besigheidspersoneel van 'n handelaar.

34 Handelaarslisensie

Die handelaarslisensie moet-

- (a) die perseel vermeld ten opsigte waarvan die lisensie uitgereik word;
- (b) die voorwaardes beoog in artikel 33 vermeld; en
- (c) die ander inligting bevat wat voorgeskryf word.

35 Hernuwing van handelaarslisensie

(1) Die houer van 'n handelaarslisensie wat verlang om die lisensie te hernu moet minstens 90 dae voor die verstrykingsdatum van die lisensie in die voorgeskrewe vorm by die Registrateur aansoek doen om die hernuwing daarvan.

(2) Die aansoek moet-

- (a) vergesel gaan van die inligting wat voorgeskryf word; en
- (b) ingedien word by die Aangewese Vuurwapenbeampte verantwoordelik vir die gebied waarin die aansoeker se besigheidperseel geleë is.

(3) Geen aansoek om die hernuwing van 'n handelaarslisensie mag verleen word nie tensy die aansoeker die Registrateur oortuig dat hy of sy steeds aan die vereistes vir die lisensie ingevolge hierdie Wet voldoen.

(4) Indien 'n aansoek om die hernuwing van 'n handelaarslisensie ingedien word binne die tydperk in subartikel (1) bepaal, bly die lisensie geldig totdat oor die aansoek beslis is.

36 Tydelike magtiging om in vuurwapens en ammunisie handel te dryf op ander perseel as dié in die handelaarslisensie vermeld

(1) Die Registrateur kan 'n tydelike magtiging aan 'n handelaar uitreik om op 'n ander perseel as dié in die handelaarslisensie vermeld in vuurwapens en ammunisie handel te dryf.

(2) Die Minister kan voorwaardes voorskryf wat die Registrateur kan oplê aan 'n gelisensieerde handelaar ten opsigte van 'n tydelike magtiging uitgereik ingevolge hierdie artikel.

(3) 'n Tydelike magtiging om in vuurwapens en ammunisie handel te dryf, moet die-

- (a) perseel vermeld ten opsigte waarvan dit uitgereik word;
- (b) tydperk vermeld waarvoor dit uitgereik word; en

(c) voorwaardes vermeld onderworpe waaraan dit uitgereik word.

(4) Die Registrateur kan te eniger tyd, by skriftelike kennisgewing, 'n magtiging uitgereik ingevolge hierdie artikel intrek.

(5) Die Kantoor van die Sentrale Vuurwapenregister moet rekord hou van die voorgeskrewe inligting ten opsigte van alle magtigings uitgereik ingevolge hierdie artikel.

(6) 'n Handelaar aan wie 'n tydelike magtiging uitgereik is, moet aan die vereistes van subartikel (3) voldoen.

37 Verandering van perseel

(1) 'n Handelaar kan op die voorgeskrewe wyse by die Registrateur aansoek doen om die besigheid van die perseel in die lisensie vermeld na 'n ander perseel te verskuif.

(2) By ontvangs van die aansoek bedoel in subartikel (1), kan die Registrateur die lisensie endosseer of 'n nuwe lisensie uitreik om die handelaar te veroorloof om besigheid van die nuwe perseel te bedryf op die voorwaardes wat die Registrateur oplê.

38 Kennisgewing van verandering van omstandighede

(1) Die houer van 'n handelaarslisensie moet die Registrateur binne 30 dae skriftelik in kennis stel indien daar enige verandering is met betrekking tot enige inligting wat voorgelê is ten opsigte van die aansoek om die uitreiking van daardie lisensie.

(2) Die Registrateur moet binne 30 dae na ontvangs van 'n kennisgewing in subartikel (1) bedoel, skriftelik ontvangs van daardie kennisgewing erken.

39 Pligte van handelaar

(1) 'n Handelaar kan slegs op die perseel in die handelaarslisensie vermeld in vuurwapens of ammunisie handel dryf.

(2) 'n Handelaar mag geen persoon toelaat om namens hom of haar in vuurwapens of ammunisie handel te dryf tensy daardie persoon in besit is van die toepaslike bevoegdheidsertifikaat nie.

(3) 'n Handelaar moet op die perseel in die handelaarslisensie vermeld die registers hou wat voorgeskryf word wat die inligting bevat wat voorgeskryf word.

(4) 'n Handelaar moet sy of haar handelaarslisensie hou op die perseel in die lisensie vermeld.

(5) 'n Handelaar moet, op versoek van enige polisiebeampte-

(a) enige vuurwapens of ammunisie wat die handelaar in voorraad hou;

(b) sy of haar handelaarslisensie; en

- (c) enige register of elektroniese data deur die handelaar ingevolge Deel 1 van hierdie Hoofstuk gehou,

vir inspeksie toon.

(6) 'n Handelaar moet 'n werkstasie instel en in stand hou wat die registers bedoel in subartikel (3) op die voorgeskrewe wyse aan die sentrale handelaarsdatabasis koppel.

(7) Die Registrateur kan, by die aanvoer van gegronde redes in 'n aansoek deur 'n handelaar, die handelaar vrystel van die pligte bedoel in subartikel (6).

(8) Enige handelaar vrygestel soos beoog in subartikel (7), moet weekliks opgawes, voltooi in die voorgeskrewe vorm, aan die Kantoor van die Sentrale Vuurwapenregister voorlê.

(9) 'n Handelaar moet voldoen aan enige voorwaarde opgelê kragtens artikel 33 en spesifikasie voorgeskryf kragtens daardie artikel.

40 Instelling van gesentraliseerde handelaarsdatabasis

Die Registrateur moet 'n sentrale handelaarsdatabasis soos voorgeskryf word, instel en in stand hou.

41 Opskorting van handelaarslisensie

(1) Die Registrateur kan 'n handelaarslisensie opskort indien die Registrateur oor inligting in 'n beëdigde verklaring of plegtige verklaring beskik dat die handelaar 'n misdryf ingevolge hierdie Wet gepleeg het waarvoor 'n vonnis van gevangenisstraf vir 'n tydperk van vyf jaar of langer opgelê kan word.

(2) 'n Lisensie mag nie vir langer as sewe dae opgeskort word sonder om die houer van die lisensie aan te hoor nie.

(3) 'n Opskorting kan vir 'n tydperk van langer as sewe dae duur indien die-

- (a) houer 'n geleentheid gebied is om skriftelike vertoë aan die Registrateur te rig;
- (b) Registrateur behoorlike oorweging aan die vertoë geskenk het;
- (c) Registrateur dit nodig ag om die oogmerke van hierdie Wet te bereik; en
- (d) opskorting deur 'n hof bevestig is.

(4) 'n Handelaar mag nie handel dryf vir die tydperk waartydens die lisensie opgeskort is nie.

42 Beëindiging van handelaarslisensie

(1) 'n Handelaarslisensie eindig-

- (a) na die verloop van een jaar vanaf die datum waarop dit uitgereik is;
- (b) indien oorhandig deur die handelaar aan die Registrateur;
- (c) indien die houer van die lisensie onbevoeg raak of onbevoeg verklaar word ingevolge artikel 102 of 103 om 'n vuurwapen te besit; of
- (d) indien gekanselleer ingevolge hierdie Wet.

(2) Die Registrateur kan, by skriftelike kennisgewing, 'n handelaarslisensie kanselleer indien die houer van die lisensie-

- (a) nie langer gekwalifiseer is om die lisensie te hou nie; of
- (b) 'n bepaling van hierdie Wet of van 'n voorwaarde vermeld in die lisensie oortree het of versuim het om daaraan te voldoen.

(3) 'n Kennisgewing beoog in subartikel (2) kan slegs uitgereik word indien die Registrateur-

- (a) die houer 30 dae skriftelike kennis gegee het om skriftelike verdoë te rig waarom die lisensie nie gekanselleer behoort te word nie; en
- (b) behoorlike oorweging gegee het aan enige verdoë ontvang en aan al die feite wat betrekking het op die aangeleentheid.

(4) (a) Indien 'n kennisgewing beoog in subartikel (2) uitgereik word, moet die voormalige lisensiehouer beskik oor die vuurwapens en ammunisie in sy of haar besit deur middel van 'n handelaar of op die wyse wat die Registrateur bepaal.

(b) Die beskikking moet plaasvind binne 60 dae nadat die kennisgewing ontvang is.

(5) Indien 'n beskikking oor die vuurwapens en ammunisie nie binne 60 dae gedoen word nie, moet dit aan die Staat verbeur word en moet die voormalige lisensiehouer dit onmiddellik afgee op die plek en op die wyse wat die Registrateur bepaal.

(6) Enige tydperk beoog in hierdie artikel kan deur die Registrateur verleng word by die aanvoer van gegronde redes.

43 Toepassing van ander wette

'n Lisensie uitgereik ingevolge Deel 1 van hierdie Hoofstuk stel nie die lisensiehouer vry van die verpligting om aan die bepalings van enige ander wet te voldoen nie.

44 Geskonde, verlore of gesteelde lisensies

(1) Indien 'n handelaarslisensie verlore raak of gesteel word, moet die lisensiehouer die Registrateur in kennis stel binne 24 uur na die ontdekking van die verlies of diefstal.

(2) Indien 'n handelaarslisensie geskend word, verlore raak of gesteel word, moet die lisensiehouer binne sewe dae nadat die skending, verlies of diefstal ontdek is, op die voorgeskrewe wyse by die Registrateur aansoek doen om 'n afskrif van die lisensie.

Deel 2
Vervaardigers (aa 45-58)

45 Verbod op ongelisensieerde vervaardiging van vuurwapens en ammunisie

(1) Geen persoon mag enige vuurwapen of ammunisie sonder 'n vervaardigerslisensie vervaardig nie.

(2) 'n Vervaardiger kan vuurwapens en ammunisie slegs aan 'n handelaar of aan die Staat verkoop, en kan vuurwapens en ammunisie behoudens artikel 73(1) uitvoer.

46 Vereistes vir vervaardigerslisensie

(1) 'n Vervaardigerslisensie kan uitgereik word aan 'n persoon wat 'n geskikte en gepaste persoon is om vuurwapens of ammunisie te vervaardig.

(2) Die Registrateur kan slegs 'n vervaardigerslisensie uitreik aan-

- (a) 'n vervaardiger van vuurwapens indien die vuurwapens vervaardig word in 'n fabriek geregistreer ingevolge die Wet op Beroepsgesondheid en Veiligheid, 1993 (Wet 85 van 1993); of
- (b) 'n vervaardiger van ammunisie indien die ammunisie vervaardig word in 'n fabriek gelisensieer ingevolge die Wet op Ontploffbare Stowwe, 1956 (Wet 26 van 1956).

47 Voorwaardes opgelê aan vervaardiger

(1) Die Minister kan-

- (a) voorwaardes voorskryf ten opsigte van die uitreiking van 'n vervaardigerslisensie wat die Registrateur aan 'n vervaardiger kan oplê; en
- (b) spesifikasies voorskryf ten opsigte van die besigheidperseel van 'n vervaardiger.

48 Vervaardigerslisensie

'n Vervaardigerslisensie moet-

- (a) die perseel vermeld ten opsigte waarvan die lisensie uitgereik word;

- (b) die voorwaardes beoog in artikel 47 vermeld wat van toepassing is; en
- (c) die verdere inligting bevat wat voorgeskryf word.

49 Hernuwing van vervaardigerslisensie

(1) Die houer van 'n vervaardigerslisensie wat verlang om die lisensie te hernu moet minstens 90 dae voor die vervaldatum van die lisensie by die Registrateur om die hernuwing daarvan aansoek doen.

(2) Die aansoek moet-

- (a) vergesel gaan van die inligting wat voorgeskryf word; en
- (b) oorhandig word aan die Aangewese Vuurwapenbeampte verantwoordelik vir die gebied waarin die aansoeker se besigheidperseel geleë is.

(3) Geen aansoek om hernuwing van 'n vervaardigerslisensie mag verleen word nie tensy die aansoeker die Registrateur oortuig dat hy of sy steeds aan die vereistes vir die lisensie ingevolge hierdie Wet voldoen.

(4) Indien 'n aansoek om die hernuwing van 'n vervaardigerslisensie ingedien is binne die tydperk in subartikel (1) bepaal, bly die lisensie geldig totdat oor die aansoek beslis is.

50 Tydelike magtiging om vuurwapens en ammunisie te vertoon op ander perseel as dié in die vervaardigerslisensie vermeld

(1) Die Registrateur kan 'n tydelike magtiging uitreik aan 'n vervaardiger om vuurwapens en ammunisie te vertoon op 'n ander perseel as dié in die vervaardigerslisensie vermeld.

(2) Die Minister kan voorwaardes voorskryf wat die Registrateur kan oplê aan 'n vervaardiger ten opsigte van 'n tydelike magtiging uitgereik ingevolge hierdie artikel.

(3) 'n Tydelike magtiging om vuurwapens en ammunisie te vertoon, moet-

- (a) die perseel vermeld ten opsigte waarvan dit uitgereik word;
- (b) die tydperk vermeld waarvoor dit uitgereik word; en
- (c) enige voorwaardes vermeld onderworpe waaraan dit uitgereik word.

(4) Die Registrateur kan te eniger tyd, by skriftelike kennisgewing, 'n magtiging uitgereik ingevolge hierdie artikel intrek.

(5) Die Kantoor van die Sentrale Vuurwapenregister moet rekord hou van die voorgeskrewe inligting ten opsigte van alle magtigings uitgereik ingevolge hierdie artikel.

(6) 'n Vervaardiger aan wie 'n tydelike magtiging uitgereik is moet aan die vereistes van subartikel (3) voldoen.

51 Verandering van perseel

(1) 'n Vervaardiger kan op die voorgeskrewe wyse by die Registrateur aansoek doen om die besigheid van die perseel in die lisensie vermeld na 'n ander perseel te verskuif.

(2) By ontvangs van die aansoek bedoel in subartikel (1), kan die Registrateur die vervaardigerslisensie endosseer of 'n nuwe lisensie uitreik om die vervaardiger te veroorloof om die besigheid vanaf die nuwe perseel te bedryf op die voorwaardes wat die Registrateur oplê.

(3) Artikel 46 (2) is met die nodige veranderinge van toepassing op 'n aansoek ingevolge hierdie artikel.

52 Kennisgewing van verandering van omstandighede

(1) Die houer van 'n vervaardigerslisensie moet die Registrateur binne 30 dae skriftelik in kennis stel indien daar enige verandering is met betrekking tot enige inligting wat voorgelê is ten opsigte van die aansoek om die uitreiking van daardie lisensie.

(2) Die Registrateur moet binne 30 dae na ontvangs van 'n kennisgewing in subartikel (1) bedoel, skriftelik ontvangs van daardie kennisgewing erken.

53 Pligte van vervaardiger

(1) 'n Vervaardiger kan slegs op die perseel op die lisensie vermeld vuurwapens of ammunisie vervaardig.

(2) 'n Vervaardiger moet die reeksnommer of enige ander merk wat voorgeskryf word, aanbring of aanheg aan enige vuurwapen vervaardig deur die vervaardiger.

(3) 'n Vervaardiger moet op die perseel in die vervaardigerslisensie vermeld registers hou wat die inligting bevat wat voorgeskryf word.

(4) 'n Vervaardiger moet sy of haar vervaardigerslisensie hou op die perseel in die lisensie vermeld.

(5) 'n Vervaardiger moet, op versoek van enige polisiebeampte-

(a) enige vuurwapens of ammunisie wat die vervaardiger in voorraad hou;

(b) sy of haar vervaardigerslisensie; en

(c) enige register of elektroniese data gehou deur die vervaardiger ingevolge Deel 2 van hierdie Hoofstuk,

vir inspeksie toon.

(6) 'n Vervaardiger moet 'n werkstasie op die voorgeskrewe wyse instel en in stand hou wat die registers bedoel in subartikel (3) aan die sentrale vervaardigersdatabasis koppel.

(7) 'n Vervaardiger moet aan die voorwaardes vermeld in die vervaardigerslisensie voldoen.

54 Instelling van gesentraliseerde vervaardigersdatabasis

Die Registrateur moet 'n sentrale vervaardigersdatabasis soos voorgeskryf word, instel en in stand hou.

55 Opskorting van vervaardigerslisensie

(1) Die Registrateur kan 'n vervaardigerslisensie opskort indien die Registrateur oor inligting beskik in 'n beëdigde verklaring of plegtige verklaring dat die vervaardiger 'n misdryf ingevolge hierdie Wet gepleeg het waarvoor 'n vonnis van gevangenisstraf vir 'n tydperk van vyf jaar of langer opgelê kan word.

(2) 'n Lisensie mag nie vir langer as sewe dae opgeskort word sonder om die lisensiehouer aan te hoor nie.

(3) 'n Opskorting kan vir 'n tydperk van langer as sewe dae duur indien die-

- (a) lisensiehouer 'n geleentheid gebied is om skriftelike verhoër aan die Registrateur te rig;
- (b) Registrateur behoorlike oorweging aan die verhoër geskenk het;
- (c) Registrateur dit nodig ag om die oogmerke van hierdie Wet te bereik; en
- (d) opskorting deur 'n hof bevestig is.

(4) 'n Vervaardiger mag nie vir die tydperk van die opskorting van die lisensie die besigheid as 'n vervaardiger bedryf nie.

56 Beëindiging van vervaardigerslisensie

(1) 'n Vervaardigerslisensie eindig-

- (a) na die verloop van een jaar vanaf die datum waarop dit uitgereik is;
- (b) indien oorhandig deur die vervaardiger aan die Registrateur;
- (c) indien die vervaardiger onbevoeg raak of onbevoeg verklaar word om 'n vuurwapen te besit ingevolge artikel 102 of 103; of
- (d) indien ingevolge hierdie Wet gekanselleer.

(2) Die Registrateur kan, by skriftelike kennisgewing, 'n vervaardigerslisensie kanselleer indien die lisensiehouer-

- (a) nie langer gekwalifiseer is om die lisensie te hou nie; of
- (b) enige bepaling van hierdie Wet of 'n voorwaarde in die lisensie vermeld, oortree het of versuim het om daaraan te voldoen.

(3) 'n Kennisgewing beoog in subartikel (2) kan slegs uitgereik word indien die Registrateur-

- (a) die houer 30 dae skriftelike kennis gegee het om skriftelike verhoë te rig waarom die lisensie nie gekanselleer behoort te word nie; en
- (b) behoorlik oorweging gegee het aan enige verhoë ontvang en aan al die feite wat betrekking het op die aangeleentheid.

(4) (a) Indien 'n kennisgewing beoog in subartikel (2) uitgereik word, moet die voormalige lisensiehouer beskik oor enige vuurwapens en ammunisie in sy of haar besit deur 'n handelaar of op die wyse wat die Registrateur bepaal.

(b) Die beskikking moet plaasvind binne 60 dae nadat die kennisgewing ontvang is.

(5) Indien nie binne 60 dae oor die vuurwapens en ammunisie beskik word nie, word dit aan die Staat verbeur en moet die voormalige lisensiehouer dit onmiddellik afgee op die plek en op die wyse wat die Registrateur bepaal.

(6) Die Registrateur kan enige tydperk in hierdie artikel beoog, verleng by die aanvoer van gegronde redes.

57 Toepassing van ander wette

'n Lisensie uitgereik ingevolge Deel 2 van hierdie Hoofstuk stel nie die lisensiehouer vry van die verpligting om aan die bepalings van enige ander wet te voldoen nie.

58 Geskonde, verlore of gesteelde lisensies

(1) Indien 'n vervaardigerslisensie verlore raak of gesteel word, moet die lisensiehouer die Registrateur daarvan in kennis stel binne 24 uur na die ontdekking van die verlies of diefstal.

(2) Indien 'n vervaardigerslisensie geskend word, verlore raak of gesteel word, moet die lisensiehouer binne sewe dae nadat die skending, verlies of diefstal ontdek is by die Registrateur om 'n afskrif van die lisensie aansoek doen.

Deel 3 ***Wapensmede (aa 59-72)***

59 Verbod op sekere werk

Geen persoon mag, sonder om die houer te wees van 'n wapensmidlisensie-

- (a) die meganisme van 'n vuurwapen verander ten einde die afvuur van meer as een skoot met 'n enkele druk van die sneller moontlik te maak nie;
- (b) die kaliber van 'n vuurwapen verander nie;
- (c) die looplengte van 'n vuurwapen verander nie;
- (d) die reeksnommer of enige ander uitkenningsteken van 'n vuurwapen verander of verwyder nie; of
- (e) die ander werk verrig wat voorgeskryf word nie.

60 Vereiste vir wapensmidlisensie

'n Wapensmidlisensie kan uitgereik word aan 'n persoon wat 'n geskikte en gepaste persoon is om die werk beoog in artikel 59 te verrig.

61 Voorwaardes opgelê aan wapensmid

Die Minister kan-

- (a) voorwaardes voorskryf ten opsigte van die uitreiking van 'n wapensmidlisensie wat die Registrateur aan 'n gelisensieerde wapensmid kan oplê; en
- (b) spesifikasies voorskryf ten opsigte van die besigheidspersoneel van 'n wapensmid.

62 Wapensmidlisensie

'n Wapensmidlisensie moet-

- (a) die personeel vermeld ten opsigte waarvan die lisensie uitgereik is;
- (b) enige van die voorwaardes beoog in artikel 61 vermeld wat van toepassing is; en
- (c) die ander inligting bevat wat voorgeskryf word.

63 Hernuwing van wapensmidlisensie

(1) Die houer van 'n wapensmidlisensie wat verlang om die lisensie te hernu, moet minstens 90 dae voor die vervaldatum van die lisensie by die Registrateur om die hernuwing daarvan aansoek doen.

(2) Die aansoek moet-

- (a) vergesel gaan van die inligting wat voorgeskryf word; en
- (b) oorhandig word aan die Aangewese Vuurwapenbeampte verantwoordelik vir die gebied waarin die aansoeker se besigheidperseel geleë is.

(3) Geen aansoek om die hernuwing van 'n wapensmidlisensie mag toegestaan word nie tensy die aansoeker die Registrateur oortuig dat hy of sy steeds voldoen aan die vereistes vir die lisensie ingevolge hierdie Wet.

(4) Indien 'n aansoek om die hernuwing van 'n wapensmidlisensie ingedien is binne die tydperk in subartikel (1) bepaal, bly die lisensie geldig totdat oor die aansoek om hernuwing beslis is.

64 Tydelike magtiging om besigheid as wapensmid te bedryf op ander perseel as dié in die wapensmidlisensie vermeld

(1) Die Registrateur kan 'n tydelike magtiging uitreik aan 'n wapensmid om besigheid as wapensmid te bedryf op 'n ander perseel as dié in die wapensmidlisensie vermeld.

(2) Die Minister kan voorwaardes voorskryf wat die Registrateur kan oplê aan 'n wapensmid ten opsigte van 'n tydelike magtiging uitgereik ingevolge hierdie artikel.

(3) 'n Tydelike magtiging om besigheid as wapensmid te bedryf, moet-

- (a) die perseel vermeld ten opsigte waarvan dit uitgereik is;
- (b) die tydperk vermeld waarvoor dit uitgereik is; en
- (c) die voorwaardes vermeld onderworpe waaraan dit uitgereik is.

(4) Die Registrateur kan te eniger tyd, by skriftelike kennisgewing, 'n magtiging uitgereik ingevolge hierdie artikel intrek.

(5) Die Kantoor van die Sentrale Vuurwapenregister moet rekord hou van die voorgeskrewe inligting ten opsigte van alle magtigings uitgereik ingevolge hierdie artikel.

(6) 'n Wapensmid aan wie 'n tydelike magtiging uitgereik is, moet aan die vereistes van subartikel (3) voldoen.

65 Verandering van perseel

(1) 'n Wapensmid kan op die voorgeskrewe wyse by die Registrateur aansoek doen om die besigheid van die perseel vermeld in die lisensie na 'n ander perseel te verskuif.

(2) By ontvangs van die aansoek bedoel in subartikel (1) kan die Registrateur die wapensmidlisensie endosseer of 'n nuwe lisensie uitreik om die wapensmid te veroorloof om besigheid te bedryf vanaf die nuwe perseel op die voorwaardes wat die Registrateur

oplê.

66 Kennisgewing van verandering van omstandighede

(1) Die houer van 'n wapensmidslisensie moet die Registrateur binne 30 dae skriftelik in kennis stel indien daar enige verandering is ten opsigte van enige inligting wat voorgelê is ten opsigte van die aansoek om die uitreiking van daardie lisensie.

(2) Die Registrateur moet binne 30 dae na ontvangs van 'n kennisgewing in subartikel (1) bedoel, skriftelik ontvangs van daardie kennisgewing erken.

67 Pligte van wapensmid

(1) 'n Wapensmid kan slegs besigheid as wapensmid bedryf op die perseel in die wapensmidslisensie vermeld.

(2) 'n Wapensmid moet op die perseel in die wapensmidslisensie vermeld registers hou wat die inligting bevat wat voorgeskryf word.

(3) 'n Wapensmid moet sy of haar wapensmidslisensie op die perseel vermeld in die lisensie hou.

(4) 'n Wapensmid moet, op versoek van enige polisiebeampte-

- (a) enige vuurwapens of ammunisie wat die wapensmid in sy of haar besit het;
- (b) sy of haar wapensmidslisensie; en
- (c) enige register of elektroniese data wat deur die wapensmid ingevolge Deel 3 van hierdie Hoofstuk gehou word,

vir inspeksie toon.

(5) 'n Wapensmid moet 'n werkstasie op die voorgeskrewe wyse instel en in stand hou wat die registers bedoel in subartikel (2) aan die sentrale wapensmidsdatabasis koppel.

(6) Die Registrateur kan, by die aanvoer van gegronde redes, in 'n aansoek van 'n wapensmid, die wapensmid vrystel van die pligte in subartikel (5) bedoel.

(7) Enige wapensmid vrygestel soos beoog in subartikel (6), moet weeklikse verslae, voltooi in die voorgeskrewe vorm, aan die Kantoor van die Sentrale Vuurwapenregister voorlê.

(8) 'n Wapensmid moet voldoen aan enige voorwaarde opgelê kragtens artikel 61 en spesifikasies voorgeskryf kragtens daardie artikel.

68 Instelling van gesentraliseerde wapensmidsdatabasis

Die Registrateur moet 'n sentrale wapensmidsdatabasis soos voorgeskryf word, instel en in stand hou.

69 Opskorting van wapensmidslisensie

(1) Die Registrateur kan 'n wapensmidslisensie opskort indien die Registrateur oor inligting in 'n beëdigde verklaring of plegtige verklaring beskik dat die wapensmid 'n misdryf ingevolge hierdie Wet gepleeg het waarvoor 'n vonnis van gevangenisstraf vir 'n tydperk van vyf jaar of langer opgelê kan word.

(2) 'n Lisensie mag nie vir langer as sewe dae opgeskort word sonder om die lisensiehouer aan te hoor nie.

(3) 'n Opskorting kan vir 'n tydperk van langer as sewe dae duur indien die-

- (a) lisensiehouer 'n geleentheid gebied is om skriftelike versoë aan die Registrateur te rig;
- (b) Registrateur behoorlike aandag aan die versoë geskenk het;
- (c) Registrateur dit nodig ag om die oogmerke van hierdie Wet te bereik; en
- (d) opskorting deur 'n hof bevestig is.

(4) 'n Wapensmid mag nie vir die tydperk van die opskorting van die lisensie besigheid as 'n wapensmid bedryf nie.

70 Beëindiging van wapensmidslisensie

(1) 'n Wapensmidslisensie eindig-

- (a) na die verloop van een jaar vanaf die datum waarop dit uitgereik is;
- (b) indien oorhandig deur die wapensmid aan die Registrateur;
- (c) indien die wapensmid onbevoeg raak of onbevoeg verklaar word om 'n vuurwapen te besit ingevolge artikel 102 of 103; of
- (d) indien ingevolge hierdie Wet gekanselleer.

(2) Die Registrateur kan, by skriftelike kennisgewing, 'n wapensmidslisensie kanselleer indien die lisensiehouer-

- (a) nie langer gekwalifiseer is om die lisensie te hou nie; of
- (b) enige bepaling van hierdie Wet of 'n voorwaarde in die lisensie vermeld, oortree het of versuim het om daaraan te voldoen.

(3) 'n Kennisgewing in subartikel (2) beoog, kan slegs uitgereik word indien die Registrateur-

- (a) die houer 30 dae skriftelike kennis gegee het om skriftelike verhoë te rig waarom die lisensie nie gekanselleer behoort te word nie; en
- (b) behoorlik oorweging geskenk het aan enige verhoë ontvang en aan al die feite wat betrekking het op die aangeleentheid.

(4) Indien 'n kennisgewing beoog in subartikel (2) uitgereik word, moet die voormalige lisensiehouer beskik oor enige vuurwapens en ammunisie in sy of haar besit op die wyse wat die Registrateur bepaal.

71 Toepassing van ander wette

'n Lisensie uitgereik ingevolge Deel 3 van hierdie Hoofstuk stel nie die lisensiehouer vry van die verpligting om aan enige ander wet te voldoen nie.

72 Geskonde, verlore of gesteelde lisensies

(1) Indien 'n wapensmidlisensie verlore raak of gesteel word, moet die lisensiehouer die Registrateur in kennis stel binne 24 uur na die ontdekking van die verlies of diefstal.

(2) Indien 'n wapensmidlisensie geskend word, verlore raak of gesteel word, moet die lisensiehouer binne sewe dae na die skending, verlies of diefstal ontdek is by die Registrateur om 'n afskrif van die lisensie aansoek doen.

HOOFSTUK 8

INVOER, UITVOER EN VERVOER IN TRANSITO VAN VUURWAPENS EN AMMUNISIE (aa 73-82)

73 Verbod op invoer, uitvoer of vervoer in transito van vuurwapens en ammunisie sonder permit

(1) Geen persoon mag enige vuurwapens of ammunisie in of van Suid-Afrika invoer of uitvoer sonder 'n invoer- of uitvoerpermit uitgereik ingevolge hierdie Wet nie.

(2) Geen persoon mag in transito deur Suid-Afrika enige vuurwapens of ammunisie vervoer sonder 'n deurgangsperrmit uitgereik ingevolge hierdie Wet nie.

74 Vereistes vir invoer-, uitvoer- of deurgangsperrmit

(1) 'n Invoer-, uitvoer- of deurgangsperrmit kan uitgereik word aan 'n persoon wat 'n geskikte en gepaste persoon is om die permit te hou.

(2) Tensy die Registrateur skriftelik anders gelas, mag geen invoer-, uitvoer- of deurgangsperrmit uitgereik word ten opsigte van enige vuurwapen of ammunisie wat nie uitkenningstekens soos voorgeskryf dra nie.

75 Voorwaardes opgelê aan permithouer

Die Minister kan voorwaardes voorskryf wat die Registrateur kan opelê aan die houer van 'n permit uitgereik ingevolge hierdie Hoofstuk.

76 Invoer-, uitvoer- of deurgangsperrit

'n Invoer-, uitvoer- of deurgangsperrit moet-

- (a) die vereistes beoog in artikel 75 vermeld; en
- (b) die ander inligting bevat wat voorgeskryf word.

77 Permitt behels lisensie om vuurwapen of ammunisie te besit

(1) 'n Permitt vir die invoer van 'n vuurwapen of ammunisie behels ook 'n lisensie om sodanige vuurwapen of ammunisie te besit vir die persoon en tydperk wat die Registrateur op die permitt vermeld.

(2) Die Registrateur kan die voorwaardes vermeld ten opsigte van die besit en gebruik van die betrokke vuurwapen of ammunisie soos voorgeskryf word oplê, en moet die opgelegde voorwaardes op die betrokke permitt vermeld.

78 Pligte van permitthouer

(1) Die houer van 'n permitt uitgereik ingevolge hierdie Hoofstuk moet, op versoek van 'n polisiebeampte-

- (a) enige vuurwapens of ammunisie in sy of haar besit of onder sy of haar beheer;
- (b) sy of haar permitt; en
- (c) enige register of elektroniese data wat deur hom of haar ingevolge hierdie Wet gehou kan word,

vir inspeksie toon.

(2) Die Registrateur kan die houer van 'n permitt uitgereik ingevolge hierdie Hoofstuk gelas om registers in te stel en in stand te hou wat die inligting bevat wat hy of sy gelas.

(3) Die Registrateur kan die houer van 'n permitt uitgereik ingevolge hierdie Hoofstuk gelas om 'n werkstasie in te stel en in stand te hou wat voldoen aan die vereistes deur hom of haar gelas en wat die registers bedoel in subartikel (2) aan die sentrale invoerders- en uitvoerdersdatabasis koppel.

(4) Die houer van 'n permitt uitgereik ingevolge hierdie Hoofstuk moet voldoen aan die voorwaardes in die permitt vermeld.

79 Instelling van sentrale invoerders- en uitvoerdersdatabasis

Die Registrateur moet die sentrale invoerders- en uitvoerdersdatabasisse wat voorgeskryf word, instel en in stand hou.

80 Opskorting van invoer-, uitvoer- en deurgangsperritte

(1) Die Registrateur kan 'n invoer-, uitvoer-, of deurgangsperrit opskort indien die Registrateur oor inligting in 'n beëdigde verklaring of plegtige verklaring beskik dat die permissouer 'n misdryf ingevolge hierdie Wet gepleeg het waarvoor 'n vonnis van gevangenisstraf vir 'n tydperk van vyf jaar of langer opgelê kan word.

(2) 'n Perrit mag nie vir langer as sewe dae opgeskort word sonder om die permissouer aan te hoor nie.

(3) 'n Opskorting kan vir 'n tydperk van langer as sewe dae duur indien-

- (a) die permissouer 'n geleentheid gebied is om skriftelike verhoë aan die Registrateur te rig;
- (b) die Registrateur behoorlike oorweging aan die verhoë geskenk het;
- (c) die Registrateur dit nodig ag om die oogmerke van hierdie Wet te bereik; en
- (d) die opskorting deur 'n hof bevestig is.

(4) 'n Permissouer mag nie gedurende die tydperk waarin die permissu opgeskort is, vuurwapens of ammunisie invoer of uitvoer of vuurwapens of ammunisie in transitu vervoer nie.

81 Beëindiging van invoer-, uitvoer- en deurgangsperritte

(1) 'n Invoer-, uitvoer- of deurgangsperrit eindig-

- (a) op die datum in die permissu vermeld;
- (b) indien deur die permissouer oorhandig aan die Registrateur;
- (c) indien die permissouer ingevolge artikel 102 of 103 onbevoeg raak of onbevoeg verklaar word om 'n wapen te besit; of
- (d) indien ingevolge hierdie Wet gekanselleer.

(2) Die Registrateur kan, by skriftelike kennisgewing, 'n invoer-, uitvoer- of deurgangsperrit kanselleer indien die permissouer-

- (a) nie meer kwalifiseer om die permissu te hou nie; of
- (b) 'n bepaling van hierdie Wet of 'n voorwaarde vermeld in die permissu oortree het of versuim het om daaraan te voldoen.

(3) 'n Kennisgewing beoog in subartikel (2) kan slegs uitgereik word indien die Registrateur-

- (a) die houer van 'n permit 30 dae skriftelike kennis gegee het om skriftelike verhoë te rig waarom die permit nie gekanselleer behoort te word nie; en
- (b) behoorlike oorweging geskenk het aan enige verhoë ontvang en aan al die feite wat betrekking het op die aangeleentheid.

(4) Indien 'n kennisgewing beoog in subartikel (2) uitgereik word, moet die voormalige permithouer beskik oor enige wapens of ammunisie in sy of haar besit op die wyse wat deur die Registrateur bepaal word.

82 Geskonde, verlore of gesteelde permitte

(1) Indien 'n invoer-, uitvoer- of deurgangsperrmit verlore raak of gesteel word, moet die permithouer die Registrateur in kennis stel binne 24 uur na die ontdekking van die verlies of diefstal.

(2) Indien 'n invoer-, uitvoer- of deurgangsperrmit geskend word, verlore raak of gesteel word, moet die permithouer binne sewe dae na die ontdekking van die skending, verlies of diefstal op die voorgeskrewe wyse by die Registrateur aansoek doen om 'n afskrif van die permit.

HOOFSTUK 9

BERGING, VERVOER EN DRA VAN VUURWAPENS EN AMMUNISIE (aa 83-89)

83 Berging en vervoer van vuurwapens en ammunisie

Vuurwapens en ammunisie moet op die voorgeskrewe wyse geberg en vervoer word.

84 Dra van vuurwapen in openbare plek

(1) Geen persoon mag 'n vuurwapen in 'n openbare plek dra nie tensy die vuurwapen gedra word-

- (a) in die geval van 'n handwapen-
 - (i) in 'n pistoolsak of soortgelyke houer ontwerp, vervaardig of aangepas vir die dra van 'n handwapen en geheg aan sy of haar persoon; of
 - (ii) in 'n rugsak of soortgelyke houer; of
- (b) in die geval van enige ander vuurwapen, in 'n houer ontwerp, vervaardig of aangepas vir die dra van die vuurwapen.

(2) 'n Vuurwapen beoog in subartikel (1) moet in geheel bedek word en die persoon wat die vuurwapen dra, moet doeltreffende beheer oor die vuurwapen kan uitoefen.

85 Voorwaardes opgelê aan karweier van vuurwapen

(1) Die Minister kan voorwaardes voorskryf wat die Registrateur aan die permithouer kan oplê wat ingevolge artikel 86 uitgereik is.

(2) Die voorwaardes wat die Registrateur oplê, moet in die permit vermeld word.

86 Vuurwapenkarweierspermit

(1) Geen persoon mag 'n vuurwapen of ammunisie vir vergoeding vervoer sonder 'n vuurwapenkarweierspermit uitgereik ingevolge hierdie Wet nie.

(2) 'n Vuurwapenkarweierspermit kan uitgereik word aan 'n persoon wat 'n geskikte en gepaste persoon is om besigheid as 'n vuurwapenkarweier te bedryf.

(3) Die Registrateur kan 'n vuurwapenkarweierspermit uitreik-

- (a) by ontvangs van 'n aansoek voltooi op die voorgeskrewe vorm en wat die voorgeskrewe inligting bevat; en
- (b) vir die tydperk bepaal deur die Registrateur.

87 Pligte van permithouer

(1) Die houer van 'n permit uitgereik ingevolge hierdie Hoofstuk moet op versoek van 'n polisiebeampte-

- (a) enige vuurwapens of ammunisie in sy of haar besit of onder sy of haar beheer;
- (b) sy of haar permit; en
- (c) enige register of elektroniese data deur hom of haar ingevolge hierdie Wet gehou,

vir inspeksie toon.

(2) Die Registrateur kan die houer van 'n permit uitgereik ingevolge hierdie Hoofstuk gelas om registers in te stel en in stand te hou wat die inligting bevat soos deur hom of haar gelas.

(3) Die houer van 'n vuurwapenkarweierspermit moet voldoen aan die voorwaardes opgelê kragtens artikel 85.

88 Kanselling van vuurwapenkarweierspermit

(1) Die Registrateur kan, by skriftelike kennisgewing, 'n vuurwapenkarweierspermit kanselleer indien die permithouer-

- (a) nie langer kwalifiseer om die permit te hou nie; of

- (b) 'n bepaling van hierdie Wet of 'n voorwaarde vermeld in die permit oortree het, of versuim het om daaraan te voldoen.

(2) Die voormalige permithouer moet oor sy of haar vrag vuurwapens en ammunisie beskik ooreenkomstig die lasgewings van die Registrateur.

89 Rekords wat gehou moet word

Die Kantoor van die Sentrale Vuurwapenregister moet rekord hou van die voorgeskrewe inligting met betrekking tot alle vuurwapenkarweierspermitte uitgereik ingevolge hierdie Hoofstuk.

HOOFSTUK 10 BEHEER OOR AMMUNISIE EN VUURWAPENONDERDELE (aa 90-94)

90 Verbod op besit van ammunisie

Geen persoon mag ammunisie besit nie tensy hy of sy-

- (a) 'n lisensie hou ten opsigte van 'n vuurwapen wat in staat is om daardie ammunisie af te vuur;
- (b) 'n permit hou om ammunisie te besit;
- (c) 'n handelaarslisensie, vervaardigerslisensie, wapensmidslisensie, invoer-uitvoer- of deurgangspersmit, of vuurwapenkarweierspermit uitgereik ingevolge hierdie Wet hou;
- (d) andersins gemagtig is om aldus te doen.

91 Beperkings op besit van ammunisie

(1) Die houer van 'n lisensie om 'n vuurwapen te besit in Hoofstuk 6 bedoel, mag nie in besit wees van meer as 200 patrone vir elke vuurwapen ten opsigte waarvan hy of sy 'n lisensie hou nie.

(2) Die beperking in subartikel (2) is nie van toepassing nie op-

- (a) 'n toegewyde jagter of toegewyde sportpersoon wat die houer is van 'n lisensie uitgereik ingevolge hierdie Wet of enige ander houer van 'n lisensie uitgereik ingevolge hierdie Wet wat by die aanvoer van goeie redes gemagtig is deur die Registrateur om meer as 200 patrone te besit vir 'n vuurwapen ten opsigte waarvan hy of sy 'n lisensie hou; of
- (b) die houer van 'n lisensie om 'n vuurwapen te besit uitgereik ingevolge hierdie Wet ten opsigte van ammunisie gekoop en afgevuur op 'n geakkrediteerde skietbaan.

92 Verbodinge en beperkings op gebruik van sekere ammunisie

(1) Die Minister kan, by kennisgewing in die *Staatskoerant*, die verkryging, beskikking oor, besit of gebruik van ammunisie van 'n vermelde klas verbied indien-

- (a) dit in die belang van openbare veiligheid is; of
- (b) dit wenslik vir die handhawing van wet en orde is.

(2) 'n Kennisgewing beoog in subartikel (1) moet, minstens 14 dae voor die publikasie daarvan, in die Parlement ter tafel gelê word indien die Parlement dan in sitting is en, indien die Parlement nie in sitting is nie, binne sewe dae na die aanvang van die volgende sitting.

(3) 'n Kennisgewing in subartikel (1) beoog, is volledig van krag totdat dit deur die Minister of by besluit van die Parlement herroep word.

93 Laai of herlaai van ammunisie

(1) Artikel 45 (1) is nie van toepassing nie op die laai van ammunisie deur die houer van 'n vuurwapenlisensie vir gebruik in sy of haar gelisensieerde vuurwapen nie.

(2) (a) 'n Lisensiehouer in subartikel (1) beoog, mag nie meer as 2ÿ20400 slagdoppe in sy of haar besit hou vir elke vuurwapen ten opsigte waarvan hy of sy 'n lisensie hou nie.

(b) Die beperking in paragraaf (a) is nie van toepassing op 'n toegewyde jagter of toegewyde sportpersoon wat 'n lisensie hou uitgereik ingevolge hierdie Wet of enige ander houer van 'n lisensie uitgereik ingevolge hierdie Wet gemagtig deur die Registrateur om meer as 2ÿ20400 slagdoppe te besit vir 'n vuurwapen ten opsigte waarvan hy of sy 'n lisensie hou by die aanvoer van gegronde redes.

(3) Geen persoon mag verbode ammunisie beoog in artikel 92 laai nie.

94 Verbod op besit van vuurwapenonderdele

(1) By die toepassing van hierdie artikel beteken "vuurwapenonderdeel" 'n glystuk, knip of sluitstuk van 'n vuurwapen.

(2) Geen persoon mag 'n vuurwapenonderdeel besit nie tensy hy of sy-

- (a) 'n lisensie hou ten opsigte van 'n vuurwapen wat daardie vuurwapenonderdeel kan bevat;
- (b) 'n handelaarslisensie, vervaardigerslisensie, wapensmidslisensie, invoer-, uitvoer- of deurgangsperrmit uitgereik ingevolge hierdie Wet hou; of
- (c) andersins gemagtig is om aldus te doen.

(3) Die houer van 'n handelaarslisensie, vervaardigerslisensie, wapensmidslisensie, invoer-, uitvoer- of deurgangsperrmit of karweiersperrmit uitgereik

ingevolge hierdie Wet moet die register vir alle vuurwapenonderdele in sy of haar besit hou wat voorgeskryf word.

(4) (a) Die Minister kan, by kennisgewing in die *Staatskoerant*, die verkryging, beskikking oor, besit of gebruik van vuurwapenonderdele verbied of beperk indien dit-

- (i) in die belang van openbare veiligheid is; of
- (ii) wenslik geag word vir die handhawing van wet en orde.

(b) 'n Kennisgewing beoog in paragraaf (a) moet, minstens 14 dae voor die publikasie daarvan, in die Parlement ter tafel gelê word indien die Parlement dan in sitting is en, indien die Parlement nie in sitting is nie, binne sewe dae na die aanvang van die volgende sitting.

(c) 'n Kennisgewing in paragraaf (a) beoog, is volledig van krag totdat dit deur die Minister of by besluit van die Parlement herroep word.

HOOFSTUK 11 **VRYSTELLINGS (aa 95-101)**

95 Woordoms krywing

In hierdie Hoofstuk, tensy uit die samehang anders blyk, beteken-

- (a) "Amptelike Instelling"-
 - (i) die Suid-Afrikaanse Nasionale Weermag, beoog in artikel 5 van die Verdedigingswet, 1957 (Wet 44 van 1957);
 - (ii) die Suid-Afrikaanse Polisie diens, beoog in artikel 5 van die Wet op die Suid-Afrikaanse Polisie diens, 1995 (Wet 68 van 1995);
 - (iii) die Departement van Korrektiewe Dienste, beoog in artikel 2 van die Wet op Korrektiewe Dienste, 1959 (Wet 8 van 1959);
 - (iv) enige intelligensie diens ingestel ingevolge die Grondwet;
 - (v) die wapentuigverkrygingsagentskap van die Staat; en
 - (vi) enige regeringsinstelling geakkrediteer deur die Registrateur as 'n Amptelike Instelling;
- (b) "werknemer"-
 - (i) met betrekking tot die Suid-Afrikaanse Nasionale Weermag, enige lid van die Suid-Afrikaanse Nasionale Weermag beoog in die Verdedigingswet, 1957 (Wet 44 van 1957), en ook enige lid van die Reserwe beoog in artikel 6 van die Verdedigingswet, 1957;

- (ii) met betrekking tot die Suid-Afrikaanse Polisie diens, enige lid soos omskryf in die Wet op die Suid-Afrikaanse Polisie diens, 1995 (Wet 68 van 1995).

96 Vrystellings

(1) Geen bepaling van hierdie Wet anders as in hierdie Hoofstuk, artikel 109 en artikel 145, vir sover dit na Amptelike Instellings verwys, is van toepassing op 'n Amptelike Instelling nie.

(2) Enige vuurwapens en ammunisie wat die onderwerp is van 'n kennisgewing beoog in artikel 4C van die Wet op Krygstuigontwikkeling en -vervaardiging, 1968 (Wet 57 van 1968), word vrygestel van die bepalings van hierdie Wet.

(3) 'n Lid van 'n militêre mag van 'n ander land wat Suid-Afrika besoek ingevolge 'n internasionale verpligting of 'n ooreenkoms tussen daardie land en Suid-Afrika word vrygestel van die bepalings van hierdie Wet in die mate bepaal in die betrokke ooreenkoms.

97 Voorwaardes van toepassing op instelling geakkrediteer deur Registrateur

'n Amptelike Instelling beoog in artikel 95 (a) (vi) is ook onderworpe aan die voorwaardes met betrekking tot die verkryging, gebruik, veilige bewaring en beskikking oor vuurwapens wat voorgeskryf word en aan die voorwaardes wat die Registrateur oplê.

98 Besit en gebruik van vuurwapens deur Amptelike Instelling

(1) (a) Behoudens hierdie artikel, mag 'n werknemer van 'n Amptelike Instelling nie 'n vuurwapen onder die beheer van 'n Amptelike Instelling sonder 'n permit uitgereik ingevolge hierdie Hoofstuk besit nie.

(b) Werknemers van die Suid-Afrikaanse Nasionale Weermag word vrygestel van die verpligting om 'n permit te hou ten opsigte van militêre vuurwapens uitgereik aan hulle-

- (i) tydens die uitvoering van amptelike pligte onder militêre bevel; en
- (ii) indien hulle in besit is van 'n skriftelike bevel, instruksie of roetevorm wat die plig wat uitgevoer moet word, vermeld en die aard en tipe van die vuurwapen wat hulle gemagtig word om te dra.

(c) Werknemers van die Suid-Afrikaanse Nasionale Weermag word vrygestel van die verpligting om 'n permit te hou ten opsigte van militêre vuurwapens in hul besit of onder hul beheer ten einde amptelike pligte uit te voer, indien daardie vuurwapens opgestel is in of op 'n militêre wapensstelsel.

(2) Slegs die hoof van 'n Amptelike Instelling of iemand skriftelik deur hom of haar gedelegeer, kan 'n permit uitreik aan 'n werknemer van daardie Amptelike Instelling om 'n vuurwapen wat onder hul beheer is, te besit en te gebruik.

(3) 'n Permit uitgereik ingevolge hierdie Hoofstuk moet die besonderhede bevat wat voorgeskryf word.

(4) Die hoof van 'n Amptelike Instelling kan voorwaardes opleë oor die besit en gebruik van die vuurwapens en ammunisie onder die beheer van daardie Amptelike Instelling en kan instruksies aan werknemers van daardie Amptelike Instelling uitreik wat voorwaardes met betrekking tot die verkryging, berging, vervoer, besit, gebruik en beskikking oor sodanige vuurwapens en ammunisie voorskryf.

(5) Tensy 'n permit bedoel in subartikel (2) anders aandui, moet die werknemer-

- (a) wanneer aan diens, enige handwapen onder sy of haar beheer, in 'n voorgeskrewe pistoolsak aan sy of haar persoon dra;
- (b) aan die einde van elke tydperk van sy of haar diens, die betrokke vuurwapen terugneem na die bergingsplek aangewys vir hierdie doel deur die Amptelike Instelling; en
- (c) wanneer op reis met 'n vuurwapen, die vuurwapen aan sy of haar persoon dra of in 'n beveiligde plek onder sy of haar regstreekse beheer.

(6) (a) Ondanks subartikel (5), kan die hoof van 'n Amptelike Instelling 'n werknemer magtig-

- (i) om die vuurwapen in sy of haar besit te hou na sy of haar werksure;
- (ii) om die vuurwapen aan sy of haar persoon buite die perseel van sy of haar werkplek te dra; of
- (iii) om die vuurwapen by sy of haar woonplek te berg.

(b) Paragraaf (a) is nie van toepassing op 'n Amptelike Instelling beoog in artikel 95 (a) (v) en (vi) nie, tensy die Registrateur skriftelik bepaal dat dit aldus van toepassing is.

(7) Die houer van 'n permit beoog in subartikel (2) moet daardie permit aan sy of haar persoon dra wanneer hy of sy die vuurwapen in besit hou.

(8) Die hoof van 'n Amptelike Instelling kan slegs 'n permit ingevolge subartikel (2) uitreik indien die werknemer-

- (a) 'n geskikte en gepaste persoon is om 'n vuurwapen te besit; en
- (b) die voorgeskrewe opleiding en die voorgeskrewe toets vir die veilige gebruik van 'n vuurwapen suksesvol voltooi het.

(9) (a) Die hoof van 'n Amptelike Instelling moet onverwyld die verlies of diefstal van enige vuurwapen aan die Registrateur en die naaste polisiekantoor rapporteer.

(b) By die toepassing van hierdie subartikel beteken "naaste polisiekantoor" die polisiekantoor die naaste aan die plek waar die verlies of diefstal plaasgevind het.

(10) 'n Amptelike Instelling kan slegs beskik oor 'n vuurwapen onder sy beheer of dit vernietig op die voorgeskrewe wyse.

99 Register moet deur Amptelike Instelling gehou word

(1) Die hoof van 'n Amptelike Instelling moet 'n register in die voorgeskrewe vorm hou.

(2) Die register moet die besonderhede bevat wat voorgeskryf word, met inbegrip van-

- (a) (i) in die geval van die Suid-Afrikaanse Nasionale Weermag, die besonderhede van elke vuurwapen van 'n kaliber kleiner as 20 millimeter; of
- (ii) in die geval van alle ander Amptelike Instellings, besonderhede van elke vuurwapen onder sy beheer;
- (b) die besonderhede van elke werknemer wat, ingevolge hierdie Hoofstuk, veroorloof is om in besit te wees van 'n vuurwapen, asook die besonderhede van elke sodanige vuurwapen;
- (c) die voorwaardes vermeld in elke permit ingevolge hierdie Hoofstuk uitgereik;
- (d) besonderhede oor die beskikking oor, oordrag, verlies, diefstal of vernietiging van vuurwapens beoog in paragraaf (a); en
- (e) indien 'n vuurwapen verlore raak of gesteel word, besonderhede oor die verslag van die verlies of diefstal aan die Suid-Afrikaanse Polisieagents.

(3) Alle vuurwapens onder die beheer van 'n Amptelike Instelling moet die uitkenningstekens dra wat voorgeskryf word.

100 Instelling van sentrale Amptelike Instellingsdatabasisse vir vuurwapens

Die Registrateur moet sentrale Amptelike Instellingsdatabasisse vir vuurwapens instel en in stand hou soos wat voorgeskryf word.

101 Werkstasie van Amptelike Instellings

Die hoof van 'n Amptelike Instelling moet-

- (a) by 'n plek wat voldoen aan die vereistes wat voorgeskryf word 'n werkstasie instel en in stand hou; en

- (b) toegang tot die werkstasie, en tot die register bedoel in artikel 99, aan die Registrateur verleen.

HOOFTUK 12

VERKLARING VAN ONBEVOEGDHEID VAN PERSONE OM VUURWAPEN TE BESIT (aa 102-105)

102 Verklaring deur Registrateur van persoon as onbevoeg om vuurwapen te besit

(1) Die Registrateur kan 'n persoon onbevoeg verklaar om 'n vuurwapen te besit indien, op grond van inligting vervat in 'n verklaring onder eed of bevestiging met inbegrip van 'n verklaring gedoen deur enige persoon wat as getuie geroep is, dit blyk dat-

- (a) 'n finale beskermingsbevel teen sodanige persoon ingevolge die Wet op Gesinsgeweld, 1998 (Wet 116 van 1998), uitgereik is;
- (b) daardie persoon die voorneme uitgespreek het om hom of haarself of enige ander persoon te dood of te beseer deur middel van 'n vuurwapen of enige ander gevaarlike wapen;
- (c) as gevolg van daardie persoon se geestelike toestand, neiging tot geweld of afhanklikheid van enige stof wat 'n bedwelmende of narkotiese uitwerking het, die besit van 'n vuurwapen deur daardie persoon nie in die belang van daardie persoon of enige ander persoon is nie;
- (d) daardie persoon versuim om die voorgeskrewe stappe te doen vir die veilige bewaring van enige vuurwapen; of
- (e) daardie persoon inligting vereis ingevolge hierdie Wet verskaf het wat vals of misleidend is.

(2) 'n Verklaring kragtens subartikel (1) kan slegs uitgereik word indien die Registrateur-

- (a) by skriftelike kennisgewing per hand gelewer aan die persoon, die persoon opgeroep het om voor die Registrateur te verskyn op 'n tyd en plek daarin bepaal ten einde redes aan te voer waarom daardie persoon nie onbevoeg verklaar moet word om 'n vuurwapen te besit nie;
- (b) daardie persoon 'n redelike geleentheid gebied het om redes aan te voer waarom die verklaring nie uitgereik behoort te word nie;
- (c) die aangeleentheid behoorlik oorweeg het;
- (d) oortuig is dat die persoon onbevoeg is soos beoog in subartikel (1); en
- (e) nie alleen staatmaak op dieselfde feite met betrekking tot 'n skuldigbevinding ten opsigte waarvan 'n hof 'n vasstelling ingevolge artikel

103(1) of (2) gedoen het dat die persoon nie onbevoeg is om 'n vuurwapen te besit nie.

(3) Enige persoon wat ter nakoming van 'n kennisgewing uitgereik ingevolge subartikel (2) (a) verskyn, is geregtig om-

- (a) verteenwoordig te word deur 'n regsverteenwoordiger;
- (b) die Registrateur te versoek om, op die wyse bedoel in subartikel (2) (a), enige persoon wat 'n verklaring bedoel in subartikel (1) gedoen het, te roep om te verskyn voor die Registrateur; en
- (c) die persoon te ondervra wat ingevolge subartikel (1) of paragraaf (b) opgeroep is om te verskyn of teweeg te bring dat hy of sy aldus ondervra word deur sodanige regsverteenwoordiger.

(4) (a) Artikel 183 van die Strafproseswet, 1977 (Wet 51 van 1977), is met die nodige veranderings van toepassing op enige persoon wat opgeroep is om voor die Registrateur te verskyn ingevolge subartikel (2) (a), met inbegrip van enige getuie.

(b) By die toepassing van paragraaf (a) moet die uitdrukking "met 'n boete van hoogstens R300 of met gevangenisstraf vir 'n tydperk van hoogstens drie maande" waar dit voorkom in artikel 183 (2) van die Strafproseswet, 1977 (Wet 51 van 1977), uitgelê word om as volg te lui: "met 'n boete of met gevangenisstraf vir 'n tydperk van hoogstens 12 maande".

(c) Artikel 181 van die Strafproseswet, 1977 (Wet 51 van 1977), is van toepassing met die nodige veranderings ten op van enige getuie wie se verskyning versoek is soos beoog in subartikel (3)(b).

103 Verklaring deur hof van persoon as onbevoeg om vuurwapen te besit

(1) Tensy die hof andersins bepaal, word 'n persoon onbevoeg om 'n vuurwapen te besit indien skuldig bevind aan-

- (a) die onwettige besit van 'n vuurwapen of ammunisie;
- (b) enige misdaad of misdryf waarby die onwettige gebruik of hantering van 'n vuurwapen betrokke is, hetsy die vuurwapen gebruik of gehanteer is deur daardie persoon of deur 'n ander deelnemer aan daardie misdryf;
- (c) 'n misdryf betreffende die versuim om vuurwapens of ammunisie ooreenkomstig die vereistes van hierdie Wet te berg;
- (d) 'n misdryf waarby die nalatige hantering of verlies van 'n vuurwapen, terwyl die vuurwapen in sy of haar besit of onder sy of haar regstreekse beheer was, betrokke is;
- (e) 'n misdryf betreffende die hantering van 'n vuurwapen terwyl onder die

invloed van enige stof wat 'n bedwelmende of narkotiese uitwerking het;

- (f) enige ander misdaad of misdryf by die pleging waarvan 'n vuurwapen gebruik is, hetsy die vuurwapen gebruik of gehanteer is deur daardie persoon of deur enige ander deelnemer aan die misdryf;
- (g) enige misdryf waarby geweld, seksuele mishandeling of oneerlikheid betrokke is en waarvoor die beskuldigde gevonnissen is tot 'n tydperk gevangenisstraf sonder die keuse van 'n boete;
- (h) enige ander misdryf kragtens of ingevolge hierdie Wet ten opsigte waarvan die beskuldigde gevonnissen is tot 'n tydperk gevangenisstraf sonder die keuse van 'n boete;
- (i) enige misdryf waarby fisiese of seksuele mishandeling betrokke is en wat voorkom in 'n gesinsverhouding soos omskryf in artikel 1 van die Wet op Gesinsgeweld, 1998 (Wet 116 van 1998);
- (j) enige misdryf wat die misbruik van alkohol of bedwelmende stowwe insluit;
- (k) enige misdryf wat handeldryf in bedwelmende stowwe insluit;
- (l) enige misdryf ingevolge die Wet op Gesinsgeweld, 1998 (Wet 116 van 1998), ten opsigte waarvan die beskuldigde gevonnissen word tot 'n tydperk gevangenisstraf sonder die keuse van 'n boete;
- (m) enige misdryf ingevolge die Wet op Ontplofbare Stowwe, 1956 (Wet 26 van 1956), ten opsigte waarvan die beskuldigde gevonnissen word tot 'n tydperk gevangenisstraf sonder die keuse van 'n boete;
- (n) enige misdryf wat sabotasie, terrorisme, openbare geweld, brandstigting, intimidasie, verkragting, ontvoering of kinderdiefstal insluit; of
- (o) enige sameswering, aanhitsing of poging om misdryf hierbo bedoel te pleeg.

(2) (a) 'n Hof wat 'n persoon skuldig bevind aan 'n misdaad of misdryf bedoel in Bylae 2 en wat nie 'n misdaad of misdryf is beoog in subartikel (1) nie, moet ondersoek instel en bepaal of daardie persoon onbevoeg is om 'n vuurwapen te besit.

(b) Indien 'n hof, wat optree ingevolge paragraaf (a), bepaal dat 'n persoon onbevoeg is om 'n vuurwapen te besit, moet dit 'n verklaring te dien effekte doen.

(3) 'n Hof wat 'n persoon skuldig bevind het aan 'n misdaad of misdryf beoog in subartikel (1), 'n bepaling gemaak het beoog in daardie subartikel of 'n verklaring ingevolge subartikel (2) gedoen het, moet die Registrateur skriftelik van daardie skuldigbevinding, bepaling of verklaring in kennis stel.

(4) Tensy 'n bepaling dat 'n persoon nie onbevoeg is om 'n vuurwapen te besit ingevolge subartikel (1) gedoen is, moet 'n kennisgewing beoog in subartikel (3) vergesel gaan van 'n hofbevel vir die onmiddellike soek na en beslaglegging op-

- (a) alle bevoegdheidsertifikate, lisensies, magtigings en permitte uitgereik ingevolge hierdie Wet aan die betrokke persoon;
- (b) alle vuurwapens in sy of haar besit; en
- (c) alle ammunisie in sy of haar besit.

(5) 'n Vuurwapen en ander items in beslag geneem ingevolge subartikel (4), moet deur die Suid-Afrikaanse Polisiediens gehou word of, indien toepaslik, deur die Militêre Polisie, totdat 'n appèl teen die skuldigbevinding of vonnis gefinaliseer is of die tydperk vir appèl verstryk het.

104 Uitwerking van verklaring van onbevoegdheid

(1) (a) Alle bevoegdheidsertifikate, lisensies, magtigings en permitte uitgereik ingevolge hierdie Wet aan enige persoon wat ingevolge artikels 102 of 103 onbevoeg raak of verklaar word om 'n vuurwapen te besit, hou vanaf die datum van die skuldigbevinding, of die verklaring, na gelang van die geval, op om geldig te wees.

(b) Ondanks die aantekening van appèl teen die beslissing van 'n hof of die Registrateur, is die status van onbevoegdheid beoog in paragraaf (a) van krag hangende die finalisering van die appèl.

(2) 'n Persoon wat ingevolge artikel 102 of 103 onbevoeg raak of verklaar word om 'n vuurwapen te besit, moet, binne 24 uur-

- (a) alle bevoegdheidsertifikate, lisensies, magtigings en permitte uitgereik aan hom of haar ingevolge hierdie Wet;
- (b) alle vuurwapens in sy of haar besit; en
- (c) alle ammunisie in sy of haar besit,

by die naaste polisiekantoor afgee.

(3) (a) 'n Persoon wat sy of haar vuurwapen oorhandig het soos beoog in subartikel (2), moet oor die vuurwapen of ammunisie beskik deur middel van 'n handelaar of op die wyse wat die Registrateur bepaal-

- (i) indien 'n appèl ingedien word en daardie appèl onsuksesvol is, binne 60 dae van die finalisering van die appèl; of
- (ii) indien geen appèl ingedien word nie, binne 60 dae van die ontvangs van 'n skriftelike kennisgewing van die Registrateur wat die persoon in kennis stel van sy of haar onbevoegdheid om 'n vuurwapen te

besit.

(b) Indien nie binne 60 dae oor die vuurwapen en ammunisie beskik word nie, moet dit verbeur word aan die Staat en vernietig word of oor beskik word soos voorgeskryf.

(c) Die tydperk van 60 dae bedoel in hierdie subartikel kan by die aanvoer van gegronde redes deur die Registrateur verleng word.

(d) By die toepassing van subartikel (3) (a) moet die Registrateur die betrokke vuurwapen en ammunisie vrystel aan die handelaar geïdentifiseer deur die toepaslike persoon, vir beskikking deur daardie handelaar namens die persoon.

(4) (a) Die houer van 'n addisionele lisensie bedoel in artikel 12(1) kan, indien die lisensiehouer onbevoeg raak of verklaar word om 'n vuurwapen te besit, by die Registrateur aansoek doen om die uitreiking van 'n nuwe lisensie in sy of haar naam.

(b) Indien die houer van 'n addisionele lisensie nie binne 30 dae van-

- (i) die datum waarop die tyd vir 'n appèl verstryk; of
- (ii) die finalisering van die appèl wat nie 'n uitwerking het op die status van onbevoegdheid nie,

'n aansoek bedoel in paragraaf (a) doen nie, verval die addisionele vuurwapenlisensie.

(5) Indien die besluit wat lei tot die status van onbevoegdheid om 'n vuurwapen te besit van enige persoon tersyde gestel word, moet enige vuurwapen, ammunisie, lisensie, permit of magtiging wat aan enige sodanige persoon behoort en waarop beslag gelê is of wat oorhandig is, teruggelewer word.

(6) Behoudens artikel 9 (3) (c) en na 'n tydperk van vyf jaar van die datum van die besluit wat lei tot die status van onbevoegdheid om 'n vuurwapen te besit, kan die persoon wat onbevoeg raak of verklaar is om 'n vuurwapen te besit, aansoek doen om 'n nuwe bevoegdheidsertifikaat, lisensie, magtiging of permit ooreenkomstig die bepalings van hierdie Wet.

105 Bewys van verklaring

'n Sertifikaat wat heet geteken te wees deur die Registrateur of deur die registrateur van 'n hoë hof, die klerk van 'n landdroshof of die klerk van 'n militêre hof, wat verklaar dat 'n persoon vermeld in die sertifikaat onbevoeg raak of verklaar is om 'n vuurwapen te besit, of skuldig bevind is aan 'n spesifieke misdryf of misdaad, is by voorlegging daarvan *prima facie*-bewys van die handeling vermeld in daardie sertifikaat.

HOOFSTUK 13 INSPEKSIES (aa 106-109)

106 Toon van lisensies en vuurwapens vir inspeksie

(1) Behoudens artikel 107, moet enige houer van 'n lisensie, permit of magtiging uitgereik ingevolge hierdie Wet-

- (a) die lisensie, permit of magtiging vir inspeksie toon binne sewe dae nadat daarom versoek is deur enige polisiebeampte of deur enige persoon gemagtig deur die Registrateur;
- (b) die lisensie, permit of magtiging in stand hou sodat dit in 'n ongeskonde en leesbare toestand getoon kan word; en
- (c) die vuurwapen ten opsigte waarvan die lisensie, permit of magtiging uitgereik is, toon binne sewe dae nadat daarom versoek is deur 'n polisiebeampte of enige persoon gemagtig deur die Registrateur.

(2) 'n Polisiebeampte of 'n gemagtigde persoon moet, in die uitoefening van 'n bevoegdheid ingevolge subartikel (1)-

- (a) homself of haarself identifiseer aan die persoon bedoel in subartikel (1) en
- (b) sy of haar aanstellingsertifikaat of magtiging toon.

107 Plig om te voldoen aan versoek van polisiebeampte of gemagtigde persoon

(1) Enige persoon wat 'n vuurwapen met hom of haar dra, moet op versoek van 'n polisiebeampte of enige persoon gemagtig deur die Registrateur die lisensie, permit of magtiging, na gelang van die geval, ten opsigte van sodanige vuurwapen toon vir inspeksie.

(2) 'n Persoon bedoel in subartikel (1) moet-

- (a) op versoek en tot bevrediging van 'n polisiebeampte of enige persoon gemagtig deur die Registrateur homself of haarself onverwyld identifiseer; en
- (b) op versoek van die polisiebeampte of enige persoon gemagtig deur die Registrateur, sodanige vuurwapen vir inspeksie toon.

(3) Indien 'n persoon versuim om aan subartikel (2) of (3) te voldoen, kan die polisiebeampte of gemagtigde persoon sonder 'n lasbrief op die vuurwapen beslag lê en die vuurwapen in bewaring hou totdat die lisensie, permit of magtiging getoon word of ingevolge hierdie Wet oor die vuurwapen beskik word.

(4) 'n Polisiebeampte of 'n gemagtigde persoon moet, by die uitoefening van 'n bevoegdheid ingevolge subartikel (1) of (2)-

- (a) homself of haarself identifiseer aan die persoon bedoel in subartikel (1); en

(b) sy of haar aanstellingsertifikaat of magtiging toon.

108 Versoek om inligting

(1) 'n Polisiebeampte of enige persoon gemagtig deur die Registrateur wat oor redelike gronde beskik om te glo dat 'n persoon 'n vuurwapen of ammunisie in sy of haar besit het of kort tevore gehad het, kan daardie persoon versoek-

- (a) om sy of haar volle name, ouderdom, woon- en werksadres te verstrek;
- (b) om sy of haar lisensie, permit of magtiging vir die besit van 'n vuurwapen te toon;
- (c) om vrae te beantwoord oor waar die vuurwapen is; en
- (d) om enige ander inligting te verstrek wat die polisiebeampte of gemagtigde persoon redelikerwys vereis.

(2) 'n Polisiebeampte of 'n gemagtigde persoon moet, by die uitoefening van 'n bevoegdheid ingevolge subartikel (1)-

- (a) homself of haarself aan die persoon bedoel in subartikel (1) identifiseer; en
- (b) sy of haar aanstellingsertifikaat of magtiging toon.

109 Inspeksie van perseel

(1) 'n Polisiebeampte of enige persoon gemagtig deur die Registrateur kan enige-

- (a) besigheidsplek van 'n handelaar;
- (b) vuurwapen- of ammunisiefabriek of besigheidsplek van 'n vervaardiger van vuurwapens en ammunisie;
- (c) besigheidsplek van 'n wapensmid;
- (d) besigheidsplek van die houer van 'n invoer- of uitvoerpermit;
- (e) besigheidsplek, met inbegrip van 'n voertuig, vaartuig of lugvaartuig, van 'n gemagtigde karweier van vuurwapens en ammunisie;
- (f) kantoor of perseel van 'n Amptelike Instelling wat 'n permit kan uitreik aan die werknemers daarvan om vuurwapens te besit en te gebruik; of
- (g) besigheidsplek, met inbegrip van enige voertuig, vaartuig of lugvaartuig, van die houer van 'n lisensie ten opsigte van vuurwapens gebruik vir besigheidsdoeleindes bedoel in artikel 20,

betree en die inspeksies doen wat nodig is om te bepaal of aan die vereistes en voorwaardes van hierdie Wet of enige bevoegdheidsertifikaat, lisensie, permit of magtiging uitgereik ingevolge hierdie Wet voldoen word.

(2) Die Registrateur moet voldoen aan die veiligheidsmaatreëls waaroor in hierdie verband ooreengekom word met die hoof van die betrokke Amptelike Instelling.

HOOFSTUK 14 DEURSOEKING EN BESLAGLEGGING (aa 110-116)

110 Hoofstuk 2 van Strafproseswet, 1977, is van toepassing

Hoofstuk 2 van die Strafproseswet, 1977 (Wet 51 van 1977), is met die nodige veranderinge van toepassing op die betreding van enige perseel en die soek na en beslaglegging op enige vuurwapen, nagmaakte vuurwapen, windgeweer, toestel of ammunisie bedoel in hierdie Wet.

(2) Ten einde Hoofstuk 2 van die Strafproseswet, 1977 (Wet 51 van 1977), toe te pas soos beoog in subartikel (1) moet artikel 20 van genoemde Wet uitgelê word asof die volgende paragraaf by die artikel gevoeg is:

"(d) wat 'n vuurwapen of ammunisie is soos omskryf in artikel 1 van die Wet op Beheer van Vuurwapens, 2000, wat op redelike gronde geglo word in die besit of onder die beheer te wees van 'n persoon wat op grond van enige fisiese of geestestoestand, nie in staat is om behoorlike beheer oor enige vuurwapen of ammunisie uit te oefen nie of 'n gevaar van skade aan homself of haarself of enige ander persoon inhou."

(3) Ondanks artikels 30 en 31 van die Strafproseswet, 1977 (Wet 51 van 1977), kan met enige artikel bedoel in subartikel (1) en wettig in beslag geneem deur die Staat, gehandel word of kan daarvoor beskik word ooreenkomstig die bepalings van hierdie Wet.

(4) Hierdie Hoofstuk doen nie afbreuk nie aan enige bevoegdheid deur enige ander wet verleen om 'n perseel te betree of om enige persoon, houer of perseel te deursoek of om enige persoon in hegtenis te neem of om op enige ding beslag te lê, om enige ding verbeurd te verklaar of om oor enige ding te beskik.

111 Deursoeking en beslaglegging in loop van polisie-optredes ingevolge die Wet op die Suid-Afrikaanse Polisie, 1995

(1) Ondanks enige andersluidende bepalings in hierdie Hoofstuk kan enige polisiebeampte of enige persoon gemagtig deur die Nasionale Kommissaris of 'n provinsiale kommissaris van die Suid-Afrikaanse Polisie, in die loop van polisie-optredes beoog in artikel 13(6), (7) en (8) van die Wet op die Suid-Afrikaanse Polisie, 1995 (Wet 68 van 1995), enige perseel, voertuig, vaartuig of lugvaartuig deursoek, en op enige vuurwapen, nagmaakte vuurwapen, windgeweer, toestel of ammunisie beslag lê-

(a) ten opsigte waarvan daar 'n redelike vermoede bestaan dat sodanige

voorwerp strydig met hierdie Wet gehou word; of

- (b) ten einde te bepaal of aan die bepalings van hierdie Wet ten opsigte van sodanige voorwerp voldoen word.

(2) Die bepalings van artikel 13 van die Wet op die Suid-Afrikaanse Polisie, 1995 (Wet 68 van 1995), is met die nodige veranderinge van toepassing op enige deursoeking of beslaglegging beoog in subartikel (1).

112 Uitoefening van bevoegdhede uiteengesit in artikel 37 van Strafproseswet, 1977

Enige polisiebeampte of ander persoon skriftelik daartoe gemagtig deur die Registrateur, kan die bevoegdhede van 'n polisiebeampte uiteengesit in artikel 37 van die Strafproseswet, 1977 (Wet 51 van 1977), uitoefen met betrekking tot-

- (a) enige insittende van 'n voertuig, vaartuig of lugvaartuig of perseel waarin 'n voorwerp bedoel in artikel 110 (1) aanwesig is en ten opsigte waarvan daar 'n redelike vermoede bestaan dat enige van die bepalings van hierdie Wet deur die insittende oortree is; en
- (b) die eienaar of persoon in beheer van enige voertuig, vaartuig of lugvaartuig waarin enige voorwerp bedoel in artikel 110 (1) aanwesig is en ten opsigte waarvan daar 'n redelike vermoede bestaan dat enige van die bepalings van hierdie Wet oortree is.

113 Liggaamsafdrukke en liggaamsmonsters

(1) 'n Polisiebeampte kan sonder lasbrief die vingerafdrukke, palmafdrukke, voetafdrukke en liggaamsmonsters van 'n persoon of groep persone neem, of sodanige afdrukke en monsters laat neem, indien-

- (a) daar redelike gronde is om te vermoed dat daardie persoon of een of meer van die persone in daardie groep 'n misdryf gepleeg het wat strafbaar is met gevangenisstraf vir 'n tydperk van vyf jaar of langer; en
- (b) daar redelike gronde is om te glo dat die afdrukke of monsters of die uitslag van 'n ondersoek daarvan van waarde sal wees by die ondersoek, deur een of meer van die persone as moontlike plegers van die misdryf uit te sluit of in te sluit.

(2) Die persoon in beheer van enige afdrukke of monsters ingevolge hierdie artikel geneem-

- (a) kan dit onderwerp aan ondersoek vir doeleindes van die ondersoek van die betrokke misdryf of hulle aldus laat ondersoek; en
- (b) moet dit onverwyld vernietig wanneer dit duidelik is dat hulle van geen waarde as getuigenis sal wees nie.

(3) Liggaamsmonsters wat van die liggaam van 'n persoon geneem word, mag slegs deur 'n geregistreerde mediese praktisyn of 'n geregistreerde verpleegster geneem word.

(4) 'n Polisiebeampte kan die toetse doen, of laat doen wat nodig is om te bepaal of 'n persoon wat vermoedelik 'n vuurwapen gehanteer of afgevuur het inderdaad 'n vuurwapen gehanteer of afgevuur het.

[Datum van inwerking van a. 113: 1 Junie 2001.]

114 Ballistiese toetsing

(1) 'n Polisiebeampte kan die vuurwapens of ammunisie wat nodig is, in beslag neem, vir toetsing afvuur en ondersoek indien-

- (a) daar redelike gronde is om te vermoed dat een of meer van die vuurwapens of ammunisie gebruik is by die pleging van 'n misdryf wat ingevolge hierdie Wet strafbaar is met gevangenisstraf vir 'n tydperk van vyf jaar of langer; en
- (b) daar redelike gronde is om te glo dat een of meer van die vuurwapens of die ammunisie of die uitslag van die afvuur vir toetsing en ondersoek daarvan van waarde sal wees by die ondersoek, deur-
 - (i) een of meer van daardie vuurwapens of die ammunisie as 'n voorwerp gebruik by die pleging van die misdryf; of
 - (ii) een of meer persone as moontlike plegers van die misdryf, uit te sluit of in te sluit.

(2) Die persoon in beheer van 'n vuurwapen of ammunisie waarop ingevolge hierdie artikel beslag gelê is, moet dit, nadat dit duidelik geword het dat dit nie van enige waarde as getuie sal wees nie, onverwyld teruggee of ingevolge hierdie Wet daarvoor beskik.

115 Inspeksie, deursoeking en beslagneming vir navorsing of ondersoek (met spesiale lasbrief)

(1) Vir die doeleindes van enige navorsing of ondersoek met betrekking tot die toepassing van hierdie Wet en behoudens subartikel (4), kan die Registrateur of enige persoon skriftelik deur die Registrateur gemagtig-

- (a) te eniger redelike tyd en sonder vooraf kennisgewing, enige besigheids- of nywerheidsperseel betree; of
- (b) te eniger redelike tyd en met redelike kennisgewing, enige woning betree,

waarop of waarin enigiets wat betrekking het op die onderwerp van die navorsing of ondersoek aanwesig is of vermoedelik aanwesig is.

(2) Die Registrateur of gemagtigde persoon kan-

- (a) enige perseel beoog in subartikel (1) ondersoek en deursoek en die navraerig wat vir die doeleindes van die navorsing of ondersoek nodig is;
- (b) enigiets gevind op daardie perseel wat betrekking kan hê op die onderwerp van die navorsing of ondersoek, ondersoek;
- (c) die eienaar of persoon in beheer van daardie perseel of enige persoon in wie se besit of onder wie se beheer enigiets bedoel in paragraaf (b) gevind word, versoek om inligting of 'n verduideliking met betrekking tot sodanige voorwerp te verskaf;
- (d) afdrukke of uittreksels maak van en uit enige boek of dokument gevind op of in die perseel of woning wat betrekking kan hê op die onderwerp van die navorsing of ondersoek, en van enige persoon wat vermoed word kennis daarvan te dra, 'n verduideliking eis van enige sodanige boek, dokument of inskrywing daarin; en
- (e) enigiets op of in die perseel of woning wat betrekking kan hê op die onderwerp van die navorsing of ondersoek, in beslag neem teen die uitreiking van 'n skriftelike kwitansie ten opsigte daarvan.

(3) Enige betreding, ondersoek of deursoeking van enige perseel of woning, of ondervraging van enige persoon, ingevolge hierdie artikel, moet uitgevoer word met strenge inagneming van welvoeglikheid en orde.

(4) 'n Bevoegdheid in subartikel (1) beoog, kan slegs uitgeoefen word-

- (a) ingevolge 'n lasbrief uitgereik deur 'n regter of landdros; of
- (b) sonder 'n lasbrief deur 'n polisiebeampte in paragraaf (a) van die omskrywing van polisiebeampte in artikel 1 beoog, indien-
 - (i) daar redelike gronde bestaan om te glo dat 'n lasbrief uitgereik sal word en die vertraging in die verkryging van 'n lasbrief die doel sal verrydel waarvoor die bevoegdheid uitgeoefen word; of
 - (ii) die persoon wat bevoeg is om dit te doen, instem tot die uitoefening van die bevoegdheid.

(5) (a) 'n Lasbrief kan slegs uitgereik word indien uit getuienis onder eed of bevestiging blyk dat daar redelike gronde is om te vermoed dat enigiets bedoel in subartikel (2) op of in die betrokke perseel aanwesig is of aanwesig kan wees.

(b) Die getuienis moet inligting bevat aangaande die-

- (i) aard van die navorsing of ondersoek wat onderneem staan te word;

- (ii) rede vir of vermoede wat aanleiding tot die navorsing of ondersoek gegee het;
- (iii) nodigheid vir die deursoeking en beslaglegging ingevolge hierdie artikel; en
- (iv) perseel waarop die lasbrief uitgevoer staan te word.

(6) Behoudens subartikel (7) is artikels 21(3) en 27 van die Strafproseswet, 1977 (Wet 51 van 1977), met die nodige veranderinge van toepassing op die uitvoering van 'n lasbrief of op 'n deursoeking ingevolge hierdie artikel.

(7) 'n Lasbrief beoog in hierdie artikel is van krag totdat-

- (a) dit uitgevoer is;
- (b) dit gekanselleer is; of
- (c) drie maande van die datum van die uitreiking daarvan verstryk het, welke ook al die eerste plaasvind.

116 Toevallige vonds

Indien, in die loop van 'n wettige soek na enigiets anders as die voorwerpe bedoel in artikel 110 (1), die persoon wat die deursoeking uitvoer 'n voorwerp bedoel in artikel 110 (1) vind, ten opsigte waarvan 'n redelike vermoede van onwettigheid of onwettige besit bestaan, kan sodanige persoon op sodanige voorwerp beslag lê, en daarna ingevolge hierdie Wet daarmee handel of daaroor beskik.

HOOFSTUK 15 VERMOEDENS (aa 117-119)

117 Vermoede van besit van vuurwapen of ammunisie

(1) By die toepassing van hierdie artikel sluit "woonperseel" nie 'n hotel, hostel of 'n woonstelgebou in nie, maar sluit dit 'n kamer of suite in 'n hotel, 'n kamer in 'n hostel of 'n woonstel in 'n woonstelgebou in.

(2) Wanneer 'n persoon ingevolge hierdie Wet aangekla word van 'n misdryf waarvan die besit van 'n vuurwapen of ammunisie 'n element is, en die Staat kan aantoon dat ondanks die doen van redelike stappe die Staat nie in staat was om met redelike sekerheid die besit van die vuurwapen of ammunisie te koppel aan enige ander persoon nie, is die volgende omstandighede, in die afwesigheid van getuienis tot die teendeel wat redelike twyfel skep, afdoende bewys van die besit deur daardie persoon van die vuurwapen of ammunisie waar bewys word dat die vuurwapen of ammunisie gevind is-

- (a) op 'n woonperseel en die persoon, op daardie tydstip-
 - (i) in beheer was van sodanige perseel; of

- (ii) ouer as 16 jaar en gewoonlik woonagtig op sodanige perseel was;
- (b) begrawe in of verberg op grond gebruik vir woondoeleindes, en die persoon, op daardie tydstip-
 - (i) in beheer was van sodanige perseel;
 - (ii) in diens was om op die grond waarin of waarop die vuurwapen of ammunisie gevind is, te werk; of
 - (iii) ouer as 16 jaar en gewoonlik woonagtig op sodanige grond was;
- (c) op 'n perseel anders as 'n woonperseel en die persoon, op daardie tydstip-
 - (i) in beheer was van sodanige perseel;
 - (ii) gewoonlik op die perseel in diens was;
 - (iii) aanwesig was in die onmiddellike omgewing van die plek op die perseel waar die vuurwapen of ammunisie gevind is en die omstandighede daarop dui dat die vuurwapen of ammunisie sigbaar moes gewees het vir daardie persoon; of
 - (iv) in beheer was van 'n sluitkas, laaikas of ander houer waarin die vuurwapen of ammunisie gevind is;
- (d) op of in 'n voertuig en die persoon, op daardie tydstip-
 - (i) die bestuurder van die voertuig was;
 - (ii) die persoon in beheer van die voertuig was;
 - (iii) in beheer van al die goedere op die voertuig was;
 - (iv) die afsender was van enige goedere waarin of waartussen die vuurwapen of ammunisie gevind is;
 - (v) die enigste persoon was wat toegang gehad het tot die vuurwapen en ammunisie;
 - (vi) die werkgewer was van die bestuurder van die voertuig en teenwoordig was op die voertuig; of
 - (vii) ouer as 16 jaar was en teenwoordig was op die voertuig;
- (e) op enige ander lugvaartuig as 'n lugvaartuig wat gebruik is vir die vervoer van passasiers vir wins, en die persoon, op daardie tydstip-
 - (i) aanwesig was op die lugvaartuig en in beheer was van die

lugvaartuig; of

- (ii) ouer as 16 jaar was en aanwesig was op die lugvaartuig;
- (f) in die vragruim van 'n lugvaartuig en die persoon, op daardie tydstip, die persoon in beheer van die goedere in die vragruim was;
- (g) in 'n plek op 'n lugvaartuig of vaartuig-
 - (i) waartoe niemand behalwe die persoon toegang gehad het nie; of
 - (ii) waar die omstandighede aandui dat die vuurwapen of ammunisie sigbaar moes gewees het vir niemand behalwe die persoon nie;
- (h) op enige ander vaartuig as 'n vaartuig gebruik vir die vervoer van passasiers vir wins en die persoon, op daardie tydstip-
 - (i) in beheer was van daardie vaartuig of daardie deel van die vaartuig waarin die vuurwapen of ammunisie gevind is;
 - (ii) gewoonlik in diens was in die onmiddellike omgewing van die plek op die vaartuig waar die vuurwapen of ammunisie gevind is; of
 - (iii) ouer as 16 jaar was en teenwoordig was in daardie deel van die vaartuig; of
- (i) in die vrag van 'n vaartuig en die persoon, op daardie tydstip-
 - (i) in beheer was van die vrag van die vaartuig; of
 - (ii) die afsender was van enige goedere waarin of waartussen die vuurwapen of ammunisie gevind is.

(3) In enige strafsak teen 'n persoon waar beweer word dat sodanige persoon 'n ander persoon beseer of doodgemaak het of eiendom wat aan 'n ander persoon behoort, beskadig het, is die volgende omstandighede, in die afwesigheid van getuienis tot die teendeel wat redelike twyfel skep, afdoende bewys dat sodanige persoon deelgeneem het aan die besering, doodmaak of beskadiging, waar bewys word dat-

- (a) die persoon 'n ander voertuig as 'n voertuig ontwerp of gelisensieer om meer as 20 passasiers te vervoer, bestuur het, of 'n passasier was daarin;
- (b) 'n vuurwapen afgevuur is van daardie voertuig terwyl die persoon bestuur het of 'n passasier was in die voertuig; en
- (c) as gevolg van sodanige afvuur, 'n persoon beseer of gedood is, of eiendom beskadig is.

(1) Wanneer 'n persoon aangekla word van 'n misdryf ingevolge hierdie Wet van versuim om die verlies, diefstal of vernietiging van 'n vuurwapen aan te meld en bewys word dat sodanige persoon, op die tydstip, die gelisensieerde of gemagtigde besitter was van die vuurwapen wat na bewering verlore geraak het of gesteel of vernietig is, is bewys dat die persoon versuim het om sodanige vuurwapen te toon binne sewe dae van die versoek van 'n polisiebeampte om dit te doen, in die afwesigheid van getuienis tot die teendeel wat redelike twyfel skep, afdoende bewys dat die vuurwapen verlore geraak het of gesteel of vernietig is.

(2) Wanneer 'n persoon aangekla word van 'n misdryf ingevolge hierdie Wet van versuim om op versoek van 'n polisiebeampte inligting of besonderhede te verskaf en bewys word dat sodanige persoon, op die tydstip, die gelisensieerde of gemagtigde besitter van die vuurwapen was wat na bewering verlore geraak het of gesteel of vernietig is, is bewys dat die persoon versuim het om sodanige inligting of besonderhede te verskaf binne sewe dae van die versoek van 'n polisiebeampte om dit te doen, in die afwesigheid van getuienis tot die teendeel wat redelike twyfel skep, afdoende bewys dat die persoon versuim het om sodanige inligting of besonderhede te verskaf.

119 Vermoede van versuim om redelike stappe te doen

Wanneer 'n persoon aangekla word ingevolge hierdie Wet van 'n misdryf van versuim om redelike stappe te doen om te verseker dat geen vuurwapen of ammunisie in stryd met hierdie Wet op 'n perseel, voertuig, vaartuig of lugvaartuig waarvan hy of sy die eienaar is of wat onder sy of haar beheer is, gebring word nie, is bewys dat die vuurwapen of ammunisie op 'n voertuig, vaartuig of lugvaartuig waarvan hy of sy die eienaar was of wat onder sy of haar beheer was gebring is, in die afwesigheid van getuienis tot die teendeel wat redelike twyfel skep, afdoende bewys dat hy of sy versuim het om sodanige redelike stappe te neem.

HOOFSTUK 16

MISDRYWE, STRAWWE EN ADMINISTRATIEWE BOETES (aa 120-122)

120 Misdrywe

(1) 'n Persoon is skuldig aan 'n misdryf indien hy of sy enige-

(a) bepaling van hierdie Wet;

[Datum van inwerking van par. (a): 1 Junie 2001.]

(b) voorwaarde van 'n lisensie, permit of magtiging uitgereik of toegestaan by of kragtens hierdie Wet; of

(c) bepaling, voorskrif of vereiste van 'n kennisgewing uitgereik kragtens hierdie Wet,

[Datum van inwerking van par. (c): 1 Junie 2001.]

oortree of versuim om daaraan te voldoen.

(2) (a) Enige persoon wat bewus is van die bestaan van 'n vuurwapen of ammunisie wat nie in die wettige besit is van enige persoon nie, en versuim om die ligging van die vuurwapen of ammunisie sonder vertraging aan 'n polisiebeampte te rapporteer, is skuldig aan 'n misdryf.

(b) 'n Polisiebeampte aan wie 'n persoon gerapporteer het, soos beoog in paragraaf (a), moet onmiddellik die persoon voorsien van skriftelike bewys dat gerapporteer is of, in die geval van telefoniese of soortgelyke rapportering, van die amptelike verwysingsnommer van die rapportering.

(3) Dit is 'n misdryf om-

- (a) liggaamlike beserings aan enige persoon te veroorsaak of om skade aan die eiendom van enige persoon te veroorsaak deur 'n vuurwapen, 'n antieke vuurwapen of windgeweer op nalatige wyse te gebruik;
- (b) 'n vuurwapen, 'n antieke vuurwapen of 'n windgeweer af te vuur of andersins te hanteer op 'n wyse wat enige persoon waarskynlik sal beseer of die veiligheid of eiendom van enige persoon waarskynlik in gevaar sal stel of met roekelose verontagsaming van die veiligheid of eiendom van enige persoon; of
- (c) beheer te hê oor 'n gelaaide vuurwapen, 'n antieke vuurwapen of 'n windgeweer onder omstandighede waar dit 'n risiko skep vir die veiligheid of eiendom van enige persoon en nie redelike voorsorg te tref om die gevaar te vermy nie.

(4) Dit is 'n misdryf om 'n vuurwapen, 'n antieke vuurwapen of 'n windgeweer te hanteer terwyl onder die invloed van 'n stof wat 'n bedwelmende of narkotiese uitwerking het.

(5) 'n Persoon is skuldig aan 'n misdryf indien hy of sy beheer gee van 'n vuurwapen, 'n antieke vuurwapen of 'n windgeweer aan 'n persoon wat hy of sy weet, of redelikerwys moes geweet het-

- (a) geestesongesteld is; of
- (b) onder die invloed is van 'n stof wat 'n bedwelmende of narkotiese uitwerking het.

(6) Dit is 'n misdryf om-

- (a) enige vuurwapen, 'n antieke vuurwapen of 'n windgeweer, hetsy dit gelaai is of in staat is om afgevuur te word, al dan nie, op enige ander persoon te rig, sonder goeie rede om dit te doen; of
- (b) enigiets wat waarskynlik 'n persoon kan laat glo dat dit 'n vuurwapen, 'n antieke vuurwapen of 'n windgeweer is, op enige ander persoon te rig,

sonder goeie rede om dit te doen.

(7) Dit is 'n misdryf om 'n vuurwapen, 'n antieke vuurwapen of 'n windgeweer in 'n beboude gebied of enige openbare plek af te vuur sonder goeie rede om dit te doen.

(8) 'n Persoon is skuldig aan 'n misdryf indien hy of sy-

- (a) versuim om sy of haar vuurwapen of 'n vuurwapen in sy of haar besit in 'n voorgeskrewe kluis, brandkamer of toestel vir veilige bewaring weg te sluit wanneer sodanige vuurwapen nie aan sy of haar persoon gedra word nie of nie onder sy of haar regstreekse beheer is nie; of
- (b) 'n vuurwapen verloor, of andersins besit verloor van 'n vuurwapen, weens daardie persoon se versuim om-
 - (i) die vuurwapen weg te sluit in die voorgeskrewe kluis, brandkamer of toestel vir die veilige bewaring van 'n vuurwapen;
 - (ii) redelike stappe te doen om die verlies of diefstal van die vuurwapen te voorkom terwyl die vuurwapen aan sy of haar persoon was of onder sy of haar regstreekse beheer; of
 - (iii) die sleutels van sodanige kluis, brandkamer of toestel in veilige bewaring te hou.

(9) Dit is 'n misdryf om-

- (a) sonder die Registrateur se toestemming enige woord, figuur of letter toe te voeg tot 'n bevoegdheidsertifikaat, lisensie, permit of magtiging soos uitgereik;
- (b) sonder die Registrateur se toestemming enige woorde, figure of letters op enige bevoegdheidsertifikaat, lisensie, permit of magtiging te verander of uit te wis;
- (c) enige bevoegdheidsertifikaat, lisensie, permit of magtiging te gebruik of te besit-
 - (i) waartoe enige woorde, figure of letters onwettig toegevoeg is;
 - (ii) waarin enige woorde, figure of letters onwettig uitgewis is; of
 - (iii) waarop enige woorde, figure of letters onwettig verander is;
- (d) afstand te doen van 'n bevoegdheidsertifikaat, lisensie, permit of magtiging sodat dit gebruik kan word deur enige ander persoon as die persoon aan wie dit uitgereik of toegeken is;
- (e) 'n bevoegdheidsertifikaat, lisensie, permit of magtiging uitgereik in die

naam van 'n ander persoon te gebruik ten einde besit van 'n vuurwapen of ammunisie te bekom;

- (f) besonderhede, inligting of antwoorde in enige aansoek om 'n bevoegdheidsertifikaat, lisensie, permit of magtiging ingevolge hierdie Wet te verskaf, wetende dat dit vals, onjuis of misleidend is of nie glo dat dit juis is nie;
- (g) 'n vals inskrywing te maak in 'n register wat ingevolge hierdie Wet gehou moet word; of
- (h) vals inligting te verstrek op enige opgawe wat ingevolge hierdie Wet voorgelê moet word.

(10) Dit is 'n misdryf om-

- (a) 'n vuurwapen of ammunisie aan 'n persoon wat nie ingevolge hierdie Wet toegelaat word om daardie vuurwapen of ammunisie te besit nie, te verkoop of te verskaf of sodanige persoon op enige ander wyse in besit daarvan te stel; of
- (b) in besit te wees van 'n vuurwapen, nagmaakte vuurwapen of ammunisie, met die bedoeling om 'n misdryf te pleeg, of om die vuurwapen of nagmaakte vuurwapen te gebruik om inhegtenisneming te weerstaan of die inhegtenisneming van 'n ander persoon te verhinder.

(11) 'n Houer van 'n lisensie, permit of magtiging vir die besit van 'n vuurwapen, en enige ander persoon wat in besit of beheer was van 'n vuurwapen toe dit verlore geraak het of gesteel of vernietig is, en wat versuim om die verlies, diefstal of vernietiging binne 24 uur na bewuswording van die verlies, diefstal of vernietiging van die vuurwapen aan te meld by die polisiekantoor die naaste aan die plek waar dit plaasgevind het, is skuldig aan 'n misdryf.

(12) Dit is 'n misdryf om enige persoon in die uitoefening van 'n bevoegdheid of die uitvoering van enige plig ingevolge hierdie Wet te belemmer of te hinder.

121 Strawwe

Enige persoon skuldig bevind aan 'n oortreding van of 'n versuim om te voldoen aan enige artikel genoem in Kolom 1 van Bylae 4, is strafbaar met 'n boete of met gevangenisstraf van hoogstens die tydperk vermeld in Kolom 2 van daardie Bylae teenoor die nommer van daardie artikel.

122 Administratiewe boetes

(1) Indien 'n persoon na bewering 'n misdryf beoog in artikel 120 gepleeg het waarvoor daardie persoon gevonnissen kan word tot 'n boete of gevangenisstraf vir 'n tydperk van hoogstens vyf jaar ingevolge artikel 122, kan die Registrateur 'n oortredingskennisgewing wat die besonderhede in subartikel (2) bedoel moet bevat, per

hand aan daardie persoon (hierna die oortreder genoem) laat aflewer.

(2) 'n Kennisgewing in subartikel (1) bedoel, moet-

- (a) die naam en adres van die oortreder vermeld;
- (b) die besonderhede van die beweerde misdryf vermeld;
- (c) die bedrag van die administratiewe boete betaalbaar vermeld, wat-
 - (i) indien die tydperk beoog in subartikel (1) nie twee jaar te bowe gaan nie, ten opsigte van 'n eerste oortreding, nie R5 000 te bowe mag gaan nie en, ten opsigte van 'n tweede of daaropvolgende oortreding, nie R10 000 te bowe mag gaan nie;
 - (ii) indien die tydperk beoog in subartikel (1) nie drie jaar te bowe gaan nie, ten opsigte van 'n eerste oortreding, nie R15 000 te bowe mag gaan nie en, ten opsigte van 'n tweede of daaropvolgende oortreding, nie R30 000 te bowe mag gaan nie;
 - (iii) indien die tydperk beoog in subartikel (1) nie vier jaar te bowe gaan nie, ten opsigte van 'n eerste oortreding, nie R20 000 te bowe mag gaan nie en, ten opsigte van 'n tweede of daaropvolgende oortreding, nie R40 000 te bowe mag gaan nie; of
 - (iv) indien die tydperk beoog in subartikel (1) nie vyf jaar te bowe gaan nie, ten opsigte van 'n eerste oortreding, nie R50 000 te bowe mag gaan nie en, ten opsigte van 'n tweede of daaropvolgende oortreding, nie R100 000 te bowe mag gaan nie;
- (d) die oortreder inlig dat, nie later nie as 30 dae na die datum van betekening van die oortredingskennisgewing, die oortreder-
 - (i) die administratiewe boete kan betaal;
 - (ii) reëlins kan tref met die Registrateur om die administratiewe boete in paaiemente af te betaal; of
 - (iii) kan verkies om verhoor te word in 'n hof op aanklag van die pleging van die beweerde misdryf; en
- (e) meld dat versuim om binne die tydperk toegelaat aan die vereistes in die kennisgewing te voldoen, die gevolg sal hê dat die administratiewe boete invorderbaar sal word soos beoog in subartikel (4).

(3) Indien die oortreder kies om verhoor te word in 'n hof op aanklag van die pleging van die beweerde oortreding of versuim, moet die Registrateur die aangeleentheid oorhandig aan die vervolgingsgesag en die oortreder ooreenkomstig in kennis stel.

(4) Indien 'n oortreder versuim om aan die vereistes van 'n kennisgewing te voldoen, kan die Registrateur 'n verklaring deur hom of haar as korrek gesertifiseer by die klerk of registrateur van enige bevoegde hof indien, waarin die bedrag van die administratiewe boete betaalbaar deur die oortreder uiteengesit word, en sodanige verklaring het daarna die uitwerking van 'n siviele vonnis wettig gegee in daardie hof ten gunste van die Registrateur vir 'n likiede skuld in die bedrag vermeld in die verklaring.

(5) Die Registrateur mag nie 'n administratiewe boete beoog in hierdie artikel oplê indien die betrokke persoon aangekla is van 'n kriminele oortreding ten opsigte van dieselfde stel feite nie.

(6) Geen vervolging mag ingestel word nie teen 'n persoon indien die betrokke persoon 'n administratiewe boete ingevolge hierdie artikel betaal het ten opsigte van dieselfde stel feite.

(7) 'n Administratiewe boete ingestel ingevolge hierdie artikel maak nie 'n vorige veroordeling uit soos beoog in Hoofstuk 27 van die Strafproseswet, 1977 (Wet 51 van 1977), nie.

HOOFSTUK 17 **ORGANISATORIESE STRUKTURE (aa 123-132)**

123 Registrateur van Vuurwapens

Die Nasionale Kommissaris is die Registrateur van Vuurwapens.

124 Werksaamhede van Registrateur

(1) Die Registrateur moet sy of haar werksaamhede verrig in oorstemming met die voorskrifte wat die Minister uitreik.

(2) Die Registrateur moet-

- (a) die Sentrale Vuurwapenregister instel en in stand hou;
- (b) die Kantoor van die Sentrale Vuurwapenregister instel en beheer;
- (c) die gelde verhaal wat ingevolge hierdie Wet betaalbaar is;
- (d) 'n opleidingsleerplan vir bevoegdheidstoetsing ingevolge hierdie Wet ontwikkel;
- (e) navorsing doen oor vuurwapenbeleidsrigtings;
- (f) die implementering van hierdie Wet monitor;
- (g) openbare opvoedkundige programme met betrekking tot die bepalings van hierdie Wet en alle ander aangeleenthede betreffende die veilige besit en gebruik van vuurwapens onderneem; en

(h) polisiebeamptes as Aangewese Vuurwapenbeamptes aanstel.

(3) Die Registrateur kan-

- (a) enige ondersoek of navraag instel wat hy of sy nodig ag ten einde sy of haar bevoegdhede uit te oefen of sy of haar pligte uit te voer ingevolge hierdie Wet; en
- (b) aanbevelings doen by die Minister oor enige aangeleentheid in verband met hierdie Wet.

125 Sentrale Vuurwapenregister

(1) Die Sentrale Vuurwapenregister moet die volgende bevat:

- (a) die sentrale vuurwapendatabasis;
- (b) die sentrale handelaarsdatabasis;
- (c) die sentrale vervaardigersdatabasis;
- (d) die sentrale wapensmidsdatabasis;
- (e) die sentrale invoerders- en uitvoerdersdatabasis;
- (f) die sentrale Amptelike Instellingsdatabasis; en
- (g) enige ander inligting wat ingevolge hierdie Wet vereis word om deur die Registrateur gehou te word.

(2) Die sentrale databasisse bedoel in subartikel (1) moet die volgende bevat:

- (a) die inligting wat voorgeskryf word met betrekking tot-
 - (i) bevoegdheidsertifikate, lisensies, magtigings en permitte, asook hernuwings en kansellerings daarvan;
 - (ii) aansoeke om bevoegdheidsertifikate, lisensies, magtigings en permitte en enige hernuwingsaansoeke, wat ingevolge hierdie Wet geweier is;
 - (iii) oordragte van vuurwapens teweeggebring ingevolge hierdie Wet;
 - (iv) invoere en uitvoere van vuurwapens en ammunisie ingevolge hierdie Wet;
 - (v) die vervoer van vuurwapens en ammunisie ingevolge hierdie Wet; en

- (vi) die verlies, herwinning, diefstal of vernietiging van vuurwapens;
- (b) alle oorspronklike dokumentasie ingedien ter ondersteuning van alle aansoeke gedoen ingevolge hierdie Wet;
- (c) 'n rekord van alle gelisensieerde handelaars, vervaardigers, wapensmede, invoerders en uitvoerders, karweiers teen vergoeding, geakkrediteerde instellings, organisasies, en alle vuurwapens en ammunisie in hul besit;
- (d) 'n rekord van alle vuurwapens in die besit van Amptelike Instellings;
- (e) 'n rekord van die verkryging, oordrag, verlies, diefstal of vernietiging ten opsigte van vuurwapens in die besit van Amptelike Instellings;
- (f) 'n rekord van alle vuurwapens teruggevind, verbeur aan die Staat of vernietig;
- (g) die vingerafdrukke wat voorgelê is vir doeleindes van 'n aansoek ingevolge hierdie Wet; en
- (h) enige ander dokumentasie en inligting wat voorgeskryf word.

126 Sertifikaat deur Registrateur onderteken behels *prima facie*-getuienis

Enige dokument wat inligting bevat beoog in artikel 125 en wat heet 'n sertifikaat onderteken deur die Registrateur te wees, is by blote voorlegging daarvan in 'n hof deur enige persoon, *prima facie*-getuienis van die feite daarin vermeld.

127 Aanstelling en werksaamhede van Hoof van Kantoor van Sentrale Vuurwapenregister

- (1) Die Registrateur moet, met die goedkeuring van die Minister, 'n polisiebeampte aanstel as Hoof van die Kantoor van die Sentrale Vuurwapenregister.
- (2) Die Hoof van die Kantoor van die Sentrale Vuurwapenregister-
 - (a) moet die Kantoor van die Sentrale Vuurwapenregister bestuur;
 - (b) moet die pligte uitvoer deur die Registrateur aan hom of haar opgedra; en
 - (c) kan die bevoegdhede uitoefen wat deur die Registrateur aan hom of haar gedelegeer word.

128 Instelling van Appèlraad

- (1) 'n Appèlraad word hierby ingestel.
- (2) Die Appèlraad bestaan uit hoogstens vyf lede wat aangestel moet word deur die Minister en wat, wanneer gesamentlik beskou, sover moontlik in die breë verteenwoordigend moet wees van die bevolking van die Republiek.

129 Diensvoorwaardes, vergoeding en toelaes van lede van Appèlraad

(1) Die ampstermyn, ampsvoorwaardes, vergoeding en toelaes van die lede van die Appèlraad is soos voorgeskryf deur die Minister met die goedkeuring van die Minister van Finansies.

(2) (a) Die Minister kan te eniger tyd die aanstelling van 'n lid van die Appèlraad intrek indien daar voldoende rede daarvoor bestaan.

(b) 'n Lid kan by skriftelike kennisgewing aan die Minister bedank.

130 Kworum, vergaderings en prosedure van Appèlraad

(1) Die kworum vir, prosedure by en die hou van vergaderings van die Appèlraad is soos voorgeskryf.

(2) Die Appèlraad kan die komitees instel wat bestaan uit lede van die Appèlraad wat voorgeskryf word om die werksaamhede daaraan opgedra deur die Appèlraad en die bevoegdheede daaraan gedelegeer deur die Appèlraad te verrig en uit te oefen.

131 Administratiewe werk van Appèlraad

Die administratiewe werk van die Appèlraad moet uitgevoer word deur die lede van die Suid-Afrikaanse Polisie diens wat deur die Nasionale Kommissaris aangewys word.

132 Instelling van Ministeriële Komitees

(1) Die Minister kan die komitees instel wat gepas is om hom of haar of enige ander persoon aangestel ingevolge hierdie Wet by te staan ten opsigte van enige aangeleentheid wat in hierdie Wet gehanteer word.

(2) Die samestelling en werksaamhede van die komitees kan deur die Minister bepaal word.

(3) Die diensvoorwaardes, vergoeding, toelaes en ander voordele van lede van die komitees kan deur die Minister voorgeskryf word met die goedkeuring van die Minister van Finansies.

HOOFSTUK 18 REG VAN APPÈL (a 133)

133 Reg van appèl

(1) Enige persoon-

(a) wie se aansoek om 'n bevoegdheidsertifikaat, lisensie, permit of magtiging ingevolge hierdie Wet geweier is;

(b) wie se bevoegdheidsertifikaat, lisensie, permit of magtiging gekanselleer

is;

- (c) wie se lisensie, permit of magtiging uitgereik is behoudens 'n voorwaarde; of
- (d) wat kennis gekry het van 'n administratiewe besluit ingevolge hierdie Wet wat sy of haar regte nadelig kan raak,

kan, op die voorgeskrewe wyse, na die Appèlraad appelleer.

(2) Die Appèlraad kan enige beslissing waarteen ingevolge hierdie artikel geappelleer word, bekragtig, verander of tersyde stel.

(3) Die Appèlraad kan getuienis toelaat van feite wat nie voor die Registrateur was nie toe hy of sy die beslissing geneem het wat die onderwerp van die appèl is, maar slegs indien-

- (a) daar 'n redelike verduideliking is vir die versuim om die Registrateur betyds in te lig oor die feite; en
- (b) die Registrateur voldoende geleentheid gehad het om die feite te verifieer en om enige getuienis in hierdie verband aan die Appèlraad te bied.

(4) Behoudens die bepalings van hierdie Wet word geen persoon vrygestel van voldoening aan enige bepalings van hierdie Wet op grond daarvan dat 'n appèl ingevolge hierdie artikel hangende is nie.

HOOFSTUK 19 VERGOEDING (aa 134-137)

134 Omstandighede waar vergoeding nie betaalbaar is nie ten opsigte van vuurwapens en ammunisie verbeur aan Staat

Geen vergoeding is betaalbaar aan 'n persoon ten opsigte van 'n vuurwapen of ammunisie verbeur aan die Staat ingevolge hierdie Wet nie-

- (a) indien die betrokke lisensie, permit of magtiging ingevolge hierdie Wet gekanselleer is omdat die houer van die lisensie 'n bepaling van hierdie Wet of 'n voorwaarde vermeld in daardie lisensie, permit of magtiging oortree het of nie nagekom het nie; of
- (b) indien die houer van die lisensie, permit of magtiging ingevolge artikel 102 of 103 onbevoeg raak of verklaar word om 'n vuurwapen te besit.

135 Omstandighede waar vergoeding nie betaalbaar is nie ten opsigte van vuurwapens en ammunisie waarop beslag gelê is deur Staat

Geen vergoeding is betaalbaar nie aan 'n persoon van wie 'n vuurwapen of ammunisie deur die Staat in beslag geneem is indien-

- (a) geen lisensie, permit of magtiging vir sodanige vuurwapen of ammunisie aan daardie persoon ingevolge hierdie Wet uitgereik is nie; of
- (b) die vuurwapen of ammunisie om enige ander rede onwettig in die besit van daardie persoon was.

(2) Die wettige eienaar van 'n vuurwapen of ammunisie wat verlore geraak het of gesteel is as gevolg van sy of haar nalatigheid, is nie geregtig om enige vergoeding te eis indien sodanige vuurwapen of ammunisie later deur die Staat in beslag geneem word van enige ander persoon nie.

136 Vergoeding nie betaalbaar nie waar vuurwapens of ammunisie deur Staat vernietig is

(1) Die Registrateur kan ten opsigte van enige vuurwapen of ammunisie in beslag geneem deur of oorhandig of verbeur aan die Staat, 'n kennisgewing in die *Staatskoerant* uitreik dat dit die voorneme van die Staat is om daardie vuurwapen of ammunisie te vernietig.

(2) 'n Persoon wat 'n geldige aanspraak op die betrokke vuurwapen of ammunisie het, kan binne 21 dae na publikasie van die kennisgewing in die *Staatskoerant*, versoë tot die Registrateur rig waarom die vuurwapen of ammunisie nie vernietig behoort te word nie.

(3) Indien die Registrateur oortuig is, na oorweging van enige versoë beoog in subartikel (2), dat 'n geldige aanspraak op die betrokke vuurwapen of ammunisie nie bewys is nie, kan die vuurwapen of ammunisie vernietig word en geen vergoeding is ten opsigte daarvan aan enige persoon betaalbaar nie.

137 Aansoek om vergoeding

(1) 'n Persoon wie se vuurwapen oorhandig of verbeur is aan die Staat onder ander omstandighede as dié in artikels 135, 136 en 137 bedoel, kan in die voorgeskrewe vorm by die Registrateur aansoek doen om vergoeding ten opsigte van daardie vuurwapen.

(2) By ontvangs van 'n aansoek om vergoeding ingevolge hierdie Wet gedoen moet die Registrateur-

- (a) besluit of vergoeding ingevolge hierdie Hoofstuk betaalbaar is al dan nie;
- (b) indien vergoeding betaalbaar is, poog om met die aansoeker ooreen te kom oor die bedrag aan vergoeding wat betaalbaar is; en
- (c) indien vergoeding betaalbaar is, maar nie oor die vergoeding ooreengekom is nie, die bedrag van die betaalbare vergoeding bepaal.

(3) 'n Aansoeker om vergoeding kan teen 'n beslissing van die Registrateur geneem ingevolge subartikel (2) (c), appelleer.

(4) By ontvangs van 'n appèl ingedien ingevolge subartikel (3) moet die Appèlraad-

- (a) die aansoeker en die Registrateur aanhoor; en
- (b) die bedrag bepaal van die vergoeding wat betaal moet word.

(5) Die Minister moet, in oorleg met die Minister van Finansies, riglyne vir die betaling van vergoeding instel, met inagneming van-

- (a) die finansiële beperkings op die Staat en sy vermoë om te voldoen aan werklike en verwagte vergoedingseise; en
- (b) die belange van persone wat aansoek gedoen het, of in die toekoms aansoek kan doen, om vergoeding.

(6) Die riglyne bedoel in subartikel (5) bind-

- (a) die Registrateur wanneer hy of sy tot vergoeding instem of vergoeding ingevolge subartikel (2) bepaal; en
- (b) die Appèlraad wanneer die Appèlraad vergoeding ingevolge subartikel (4) bepaal.

(7) 'n Persoon wat nie tevrede is nie met die bedrag aan vergoeding of die tyd of wyse van betaling soos bepaal deur die Appèlraad, kan 'n hof nader om die bedrag, die tyd en die wyse van betaling van die vergoeding te bepaal.

HOOFSTUK 20 **BESONDERE BEVOEGDHEDE MET BETREKKING TOT AMNESTIES EN** **VUURWAPENVRYSONES (aa 138-140)**

138 Woordoms krywing

In hierdie Hoofstuk beteken "amnestie" 'n vrywaring teen vervolging vir die onwettige besit van 'n vuurwapen of ammunisie.

139 Amnestie

(1) Die Minister kan by kennisgewing in die *Staatskoerant* amnestie verklaar indien-

- (a) die amnestie aanleiding kan gee tot die afname in die getal vuurwapens in Suid-Afrika wat onwettig besit word; en
- (b) dit in die openbare belang is om dit te doen.

(2) 'n Kennisgewing beoog in subartikel (1)-

- (a) is slegs geldig indien dit deur Parlement goedgekeur is;

- (b) moet die tydperk vermeld waarbinne persone om amnestie kan aansoek doen; en
- (c) moet die voorwaardes vermeld waarop amnestie verleen kan word.

(3) 'n Persoon wat 'n vuurwapen of ammunisie oorhandig ter voldoening aan 'n kennisgewing gepubliseer ingevolge subartikel (1) mag nie vervolg word nie met betrekking tot-

- (a) die vuurwapen, vir besit van daardie vuurwapen sonder die toepaslike lisensie, permit of magtiging; of
- (b) die ammunisie, vir besit van daardie ammunisie sonder om in wettige besit te wees van 'n vuurwapen wat in staat is om die ammunisie af te vuur.

(4) (a) 'n Persoon wat 'n vuurwapen oorhandig ter voldoening aan 'n kennisgewing gepubliseer ingevolge subartikel (1), kan ingevolge hierdie Wet aansoek doen om 'n lisensie ten opsigte van daardie vuurwapen.

(b) Indien 'n lisensie verleen word, moet die vuurwapen en ammunisie, indien daar is, oorhandig ingevolge hierdie Wet, aan die betrokke lisensiehouer teruggegee word.

(5) Die Registrateur moet oor enige vuurwapen of ammunisie oorhandig ter voldoening aan 'n kennisgewing ingevolge subartikel (1), beskik op die wyse en na die verloop van die tydperk wat voorgeskryf word.

140 Vuurwapenvrysones

(1) Die Minister kan, na oorleg met die Nasionale Kommissaris en die Sekretaris vir Veiligheid en Sekuriteit, by kennisgewing in die *Staatskoerant* enige perseel of kategorieë persele as vuurwapenvrysones verklaar, indien dit-

- (a) in die openbare belang is; en
- (b) in ooreenstemming is met die oogmerke van hierdie Wet.

(2) Geen persoon mag, tensy gemagtig om dit te doen ingevolge 'n kennisgewing uitgereik kragtens subartikel (1)-

- (a) toelaat dat enige vuurwapen of ammunisie in 'n vuurwapenvrysones is nie;
- (b) enige vuurwapen of ammunisie in 'n vuurwapenvrysones dra nie; of
- (c) enige vuurwapen of ammunisie in 'n vuurwapenvrysones berg nie.

(3) 'n Polisiebeampte kan, sonder lasbrief-

- (a) enige gebou of perseel in 'n vuurwapenvrysones deursoek indien hy of sy 'n

vermoede op redelike gronde het dat 'n vuurwapen of ammunisie in die vuurwapenvrysone aanwesig kan wees strydig met 'n kennisgewing uitgereik ingevolge subartikel (1);

- (b) enige persoon aanwesig in 'n vuurwapenvrysone visenteer; en
- (c) beslag lê op enige vuurwapen of ammunisie aanwesig in die vuurwapenvrysone of aan 'n persoon strydig met 'n kennisgewing uitgereik ingevolge subartikel (1).

[Datum van inwerking van a. 140: 1 Junie 2001.]

HOOFSTUK 21 ALGEMENE BEPALINGS (aa 141-154)

141 Delegering van bevoegdheide en opdra van pligte

(1) Die Registrateur kan enige bevoegdheid aan hom of haar verleen, en enige plig aan hom of haar opgelê, kragtens hierdie Wet aan enige beampte in die diens van die Staat deleger.

(2) 'n Beampte aan wie 'n bevoegdheid of plig ingevolge subartikel (1) gedeleger of opgedra is, moet die bevoegdheid of plig behoudens die beheer en voorskrifte van die Registrateur uitoefen of uitvoer.

(3) Die Registrateur kan, ondanks 'n delegering of opdragting ingevolge subartikel (1), die bevoegdheid of plig gedeleger of opgedra aan 'n ander beampte persoonlik uitoefen of uitvoer.

142 Aanwysing as polisiebeamptes

By die toepassing van hierdie Wet kan die Minister enige persoon of enige kategorie persone in diens van die Staat skriftelik aanwys as polisiebeamptes.

143 Betekening van dokumente

(1) Enige kennisgewing of ander dokument wat aan enige persoon ingevolge hierdie Wet beteken of gegee moet word, kan-

- (a) per hand aan daardie persoon gelewer word;
- (b) by daardie persoon se gewone of laasbekende woonplek of besigheid gelaat word;
- (c) by 'n adres vermeld deur daardie persoon vir die doel van enige aansoek gedoen ingevolge hierdie Wet gelaat word;
- (d) per gesertifiseerde pos geadresseer aan daardie persoon by naam by daardie persoon se laasbekende woonplek of besigheid of by 'n posadres vermeld deur daardie persoon vir die doel van enige aansoek ingevolge

hierdie Wet gedoen, gepos word;

- (e) aan enige regsverteenvoerder of ander agent van daardie persoon wat behoorlik gemagtig is deur daardie persoon om dit te ontvang, gelewer word;
- (f) indien die betrokke persoon oorlede is, gelewer word aan daardie persoon se regsverteenvoerder of aan die eksekuteur van sy of haar boedel; of
- (g) indien die betrokke persoon uit Suid-Afrika afwesig is, gelewer word aan daardie persoon se regsverteenvoerder of agent in Suid-Afrika of beteken word op die wyse wat by regulasie voorgeskryf word.

(2) Hierdie artikel is nie van toepassing nie op kennisgewings of ander dokumente beteken of gelewer in die loop van enige verrigtinge in 'n geregshof of op kennisgewings ingevolge artikel 122.

144 Relas van betekening

'n Dokument wat heet geteken te wees deur 'n polisiebeampte, of persoon aangewys kragtens artikel 142, wat vermeld dat die betekening uitgevoer is ooreenkomstig artikel 143(1) deur die persoon wat die dokument onderteken het, is by voorlegging deur enige persoon, *prima facie*-bewys van betekening van die dokument.

145 Regulasies

(1) Die Minister kan by kennisgewing in die *Staatskoerant* regulasies uitvaardig aangaande-

- (a) enigiets wat ingevolge hierdie Wet voorgeskryf kan of moet word;
- (b) die oorhandiging van vuurwapens en ammunisie aan die Suid-Afrikaanse Polisie; en
- (c) die voorlegging van enige vuurwapen waarop enige aansoek betrekking het vir doeleindes van identifikasie, en die afvuur van ammunisie vir identifikasiedoeleindes;
- (d) die vasstelling en betaling van gelde betaalbaar ten opsigte van die uitreiking of hernuwing van enige bevoegdheidsertifikaat, lisensie, permit of magtiging of ten opsigte van enigiets anders waarvoor gelde gehef kan word ingevolge hierdie Wet;
- (e) die gelde of vergoeding wat handelaars kan hef ten opsigte van enige vuurwapen, of ander toestel, waarvoor ingevolge hierdie Wet deur 'n handelaar beskik moet word;
- (f) die veiligheid van enige perseel waarop gelisensieerde handelaars, vervaardigers, wapensmede, invoerders en uitvoerders van vuurwapens en

ammunisie, Amptelike Instellings of persone wat vuurwapens gebruik vir besigheidsdoeleindes, besigheid bedryf, met inbegrip van voorsorgmaatreëls en prosedures wat getref en gevolg moet word om die diefstal of onwettige gebruik van vuurwapens en ammunisie in besit van sodanige persone te voorkom;

- (g) voorsorgmaatreëls wat getref moet word ten opsigte van die vervoer, gebruik en veilige bewaring of vernietiging van vuurwapens en ammunisie;
- (h) die afgee van en die beskikking oor bevoegdheidsertifikate, lisensies, permitte of magtigings uitgereik ingevolge hierdie Wet wat opgeskort, ingetrek of gekanselleer is of opgehou het om geldig te wees;
- (i) die kennisgewing van adresverandering;
- (j) die verkryging, beskikking oor, besit, invoer of uitvoer van toerusting en materiaal ontwerp vir die laai van ammunisie;
- (k) die neem van vingerafdrukke;
- (l) die tydperke waarvoor en die wyse waarop, en deur wie, dokumentasie beoog in hierdie Wet gehou moet word;
- (m) die opleiding en toetsing en die ander maatreëls wat nodig is om die bevoegdheid te verseker van werknemers van 'n Amptelike Instelling wat vuurwapens kan besit en gebruik onder die beheer van die Amptelike Instelling; en
- (n) in die algemeen met betrekking tot enige ander aangeleentheid wat nodig of wenslik is om voor te skryf ten einde die oogmerke van hierdie Wet te bereik of te bevorder.

(2) 'n Regulasie kan 'n straf voorskryf vir enige oortreding daarvan of versuim om daaraan te voldoen, van 'n boete of gevangenisstraf vir 'n tydperk van hoogstens 12 maande of sowel sodanige boete as sodanige gevangenisstraf.

(3) 'n Regulasie met betrekking tot die vasstelling van gelde kan slegs uitgevaardig word met die goedkeuring van die Minister van Finansies.

(4) Wanneer regulasies uitgevaardig word, uitgesonderd dié met betrekking tot die betaling van gelde, kan die Minister onderskei tussen verskillende gebiede in Suid-Afrika.

146 Beskikking oor vuurwapens in geval van staking van bedryf van besigheid

Indien 'n persoon wat 'n lisensie hou wat ingevolge artikel 20 uitgereik is of wat 'n lisensie, permit of magtiging beoog in Hoofstuk 7 of 8 hou, om enige rede ophou om besigheid te bedryf, moet die vuurwapens en ammunisie in besit van daardie persoon in

veilige bewaring gehou word deur die persoon en by die plek deur die Registrateur aangewys, totdat daarvoor beskik word soos voorgeskryf.

147 Besikking oor vuurwapens in geval van dood

(1) In die geval van die dood van die houer van 'n vuurwapenslisensie, moet oor die vuurwapen beskik word soos voorgeskryf.

(2) Die eksekuteur van die testament van 'n oorlede persoon wat in besit kom van 'n vuurwapen gelisensieer aan die oorledene, moet die vuurwapen berg soos voorgeskryf.

148 Vuurwapens verkry deur nalatenskap

(1) 'n Persoon wat 'n vuurwapen erf, moet-

- (a) indien hy of sy verlang om die vuurwapen te hou, aansoek doen om 'n toepaslike lisensie, permit of magtiging ingevolge hierdie Wet; of
- (b) indien hy of sy nie verlang om die vuurwapen te verkry nie, of versuim om 'n toepaslike lisensie, permit of magtiging te verkry, die vuurwapen laat deaktiveer of daarvoor laat beskik ingevolge hierdie Wet.

(2) Die Registrateur kan 'n tydelike magtiging beoog in artikel 21 uitreik om 'n persoon wat 'n vuurwapen erf 'n redelike tyd te gee om daarvoor te beskik.

149 Verpligte vernietiging van vuurwapens deur Staat

(1) 'n Vuurwapen kan slegs vernietig word soos wat voorgeskryf word.

(2) Enige vuurwapen of ammunisie verbeur aan die Staat ingevolge hierdie Wet-

- (a) moet deur die Staat vernietig word binne ses maande vanaf die datum van verbeuring of nadat alle moontlike appêlle afgehandel is of die laaste datum waarop enige appêl genoteer kon word verby is sonder dat enige appêl genoteer is, wat ook al laaste gebeur; en
- (b) bly die eiendom van die eienaar daarvan hangende die vernietiging.

(3) (a) Ondanks subartikel (2) kan die Staat enige vuurwapen of ammunisie verbeur aan die Staat en wat die Registrateur ag oor besondere waarde te beskik, behou.

(b) Enige vuurwapen en ammunisie behou deur die Registrateur ingevolge paragraaf (a) word die eiendom van die Staat wanneer die Registrateur die voormalige eienaar van die vuurwapen oor daardie feit inlig.

(c) Behoudens Hoofstuk 19 kan die eienaar van enige vuurwapen of ammunisie wat die eiendom van die Staat word ingevolge paragraaf (b), om vergoeding daarvoor aansoek doen ingevolge hierdie Wet.

150 Deaktivering van vuurwapens

(1) By die toepassing van hierdie artikel beteken "deaktiveer" om permanent onwerkbaar te maak, en het "deaktivering" 'n ooreenstemmende betekenis.

(2) 'n Vuurwapen kan slegs gedeaktiveer word deur 'n wapensmid op die voorgeskrewe wyse.

(3) Indien 'n vuurwapen gedeaktiveer word deur 'n wapensmid-

- (a) moet die wapensmid 'n sertifikaat te dien effekte uitreik wat die wyse waarop die deaktivering uitgevoer is, vermeld;
- (b) moet die houër van die lisensie ten opsigte van die betrokke vuurwapen die Registrateur binne 14 dae na sodanige deaktivering daarvan in kennis stel en terselfdertyd aan die Registrateur 'n afskrif van die deaktiveringssertifikaat stuur; en
- (c) moet die wapensmid die Registrateur binne 14 dae na enige deaktivering deur hom of haar uitgevoer is daarvan in kennis stel en terselfdertyd aan die Registrateur 'n afskrif van die deaktiveringssertifikaat stuur.

(4) (a) Die Minister kan, by kennisgewing in die *Staatskoerant*, bepaal dat 'n sertifikaat van deaktivering wat geldig is in 'n ander land as die Republiek 'n geldige sertifikaat van deaktivering in die Republiek is.

(b) 'n Kennisgewing beoog in paragraaf (a) moet voor publikasie daarvan deur die Parlement goedgekeur word.

151 Jurisdiksie van landdroshof

Ondanks enige andersluidende wet, beskik enige landdroshof oor jurisdiksie om enige straf op te lê waarvoor ingevolge hierdie Wet voorsiening gemaak word.

152 Wet bind Staat

Hierdie Wet bind die Staat.

153 Herroeping van wette

Behoudens Bylae 1, word die wette vermeld in Kolom 1 van Bylae 3 hierby herroep in die mate vermeld in Kolom 3 van Bylae 3.

154 Kort titel en inwerkingtreëding

Hierdie Wet heet die Wet op Beheer van Vuurwapens, 2000, en tree in werking op 'n datum deur die President by proklamasie in die *Staatskoerant* bepaal.

Bylae 1 OORGANGSBEPALINGS

1 Bestaande lisensie om wapen te besit

(1) Behoudens subitem (2) en item 11 bly enige lisensie wat uitgereik is ingevolge die vorige Wet en wat van krag was onmiddellik voor die datum van inwerkingtreding van hierdie Wet, vir 'n tydperk van vyf jaar vanaf die datum van inwerkingtreding van hierdie Wet van krag, tensy beëindig, gekanselleer of teruggegee ingevolge hierdie Wet.

(2) (a) Die houer van 'n lisensie om 'n wapen te besit, beoog in subitem (1), moet, voor die einde van die tydperk beoog in daardie subitem, op 'n wettige wyse oor die vuurwapens wat die getal oorskry wat hy of sy wettig ingevolge hierdie Wet kan besit, beskik.

(b) By die toepassing van paragraaf (a) is artikel 31(2) nie van toepassing nie.

(3) Enige vuurwapen waaroor daar nie beskik is soos beoog in subitem (2) nie, word verbeur aan die Staat en moet op die voorgeskrewe wyse oor beskik word.

2 Bestaande handelaarslisensie

Behoudens subitem 11 bly enige lisensie uitgereik ingevolge artikel 19(1) van die vorige Wet, of oorgedra ingevolge artikel 20 van daardie Wet, of enige tydelike lisensie uitgereik ingevolge artikel 19A(1) van die vorige Wet, wat van krag was onmiddellik voor die datum van inwerkingtreding van hierdie Wet vir 'n tydperk van een jaar na daardie datum van krag, tensy beëindig, gekanselleer of teruggegee ingevolge hierdie Wet.

3 Bestaande permit vir invoer of uitvoer van wapens en ammunisie

Behoudens item 11 bly enige permit uitgereik ingevolge artikel 26(1) of 32(1) van die vorige Wet wat van krag was onmiddellik voor die inwerkingtreding van hierdie Wet, vir die tydperk vermeld in daardie permit van krag, tensy beëindig, gekanselleer of teruggegee ingevolge hierdie Wet.

4 Bestaande permit vir vervaardiging van wapens en ammunisie

Behoudens item 11 bly enige permit uitgereik ingevolge artikel 30 van die vorige Wet wat van krag was onmiddellik voor die inwerkingtreding van hierdie Wet, vir 'n tydperk van een jaar na daardie datum van krag, tensy beëindig, gekanselleer of teruggegee ingevolge hierdie Wet.

5 Bestaande magtigings en sekere bestaande permitte

Behoudens item 11 bly enige magtiging uitgereik ingevolge artikel 3(5) of 33A(1) van die vorige Wet of enige permit uitgereik ingevolge die vorige Wet anders as 'n permit beoog in item 3 of 4, wat van krag was onmiddellik voor die inwerkingtreding van hierdie Wet, vir die tydperk vermeld in die magtiging of permit, na gelang van die geval, van krag, tensy beëindig, gekanselleer of teruggegee ingevolge hierdie Wet.

6 Persoon onbevoeg om vuurwapen te besit

(1) Enige persoon wat onbevoeg verklaar is om 'n wapen te besit ingevolge die

vorige Wet, word geag onbevoeg verklaar te gewees het ingevolge hierdie Wet om 'n vuurwapen te besit.

(2) Ondanks items 1, 2, 3, 4 en 5 kan enige persoon wat 'n lisensie beoog in enige van daardie items hou, ingevolge hierdie Wet onbevoeg verklaar word om 'n vuurwapen te besit.

7 Register gehou deur Kommissaris ingevolge vorige Wet

(1) Die register gehou ingevolge artikel 42 van die vorige Wet moet deur die Registrateur in stand gehou word vir die tydperk wat nodig is.

(2) 'n Sertifikaat wat heet deur die Kommissaris geteken te wees of enige persoon handelende kragtens sy of haar gesag, en wat enige feit aangeteken in die register bedoel in subitem (1) vermeld, is by voorlegging daarvan in 'n hof deur enige persoon *prima facie*-getuienis van die feit aldus vermeld.

8 Aangeleenthede hangende kragtens vorige Wet

(1) Behoudens subitem (2) en (3), raak hierdie Wet nie enige verrigtinge ingestel ingevolge die vorige Wet wat voor 'n geregshof hangende was onmiddellik voor die inwerkingtreding van hierdie Wet nie, en sodanige verrigtinge moet deur die betrokke hof afgehandel word asof hierdie Wet nie aangeneem is nie.

(2) Verrigtinge in subitem (1) beoog, word geag hangende te wees indien die betrokke persoon op die betrokke aanklag gepleit het.

(3) Geen verrigtinge mag teen enige persoon voortgesit word ten opsigte van 'n oortreding van 'n bepaling van die vorige Wet nie indien die beweerde handeling of late wat die misdryf uitmaak, nie 'n misdryf ingevolge hierdie Wet sou uitgemaak het indien hierdie Wet ten tyde van die handeling of late van krag was nie.

(4) (a) Ondanks die herroeping van die vorige Wet kan 'n persoon wat voor sodanige herroeping 'n handeling of late verrig het wat 'n misdryf kragtens daardie Wet uitgemaak het en wat 'n misdryf kragtens hierdie Wet uitmaak, nadat hierdie Wet in werking tree kragtens die betrokke bepalings van hierdie Wet vervolg word.

(b) Ondanks die terugwerkende toepassing van hierdie Wet soos beoog in paragraaf (a) mag 'n straf wat ingevolge hierdie Wet opgelê word ten opsigte van 'n handeling of late wat verrig is voordat hierdie Wet in werking getree het nie die maksimum straf wat opgelê kon word op die datum waarop die handeling of late verrig is, oorskry nie.

9 Ondersoeke deur Kommissaris kragtens vorige Wet

(1) 'n Ondersoek deur die Kommissaris ingevolge die vorige Wet wat op die datum van inwerkingtreding van hierdie Wet nie voltooi is nie, moet gestaak word.

(2) Enige handeling of late wat voor die inwerkingtreding van hierdie Wet gronde

uitgemaak het vir 'n verklaring dat 'n persoon onbevoeg is om 'n wapen te besit, word geag gronde uit te maak ingevolge waarvan 'n persoon verklaar kan word onbevoeg te wees om 'n vuurwapen ingevolge hierdie Wet te besit.

10 Oorweging van geldigheid van bestaande lisensie, permit en magtiging

(1) Ondanks hierdie Bylae kan die Registrateur te eniger tyd 'n persoon wat 'n lisensie, permit of magtiging beoog in item 1, 2, 3, 4 of 5 hou, in kennis stel dat hy of sy beoog om die geldigheid van daardie lisensie, permit of magtiging te ondersoek.

(2) Die persoon wat in kennis gestel is, moet op 'n datum in die kennisgewing vermeld die Registrateur voorsien-

- (a) van die betrokke oorspronklike lisensie, permit of magtiging teen die uitreiking van 'n kwitansie; en
- (b) van die bykomende inligting wat ingevolge die kennisgewing vereis word.

(3) Indien die Registrateur vind dat die lisensie, permit of magtiging nie wettig uitgereik is nie, moet die houer van die lisensie, permit of magtiging, indien van toepassing en teen die uitreiking van 'n kwitansie, die betrokke vuurwapen afgee aan 'n polisiebeampte by 'n polisiekantoor wat deur die Registrateur in 'n skriftelike kennisgewing aan die houer vermeld word.

(4) Daar moet oor die vuurwapen beskik word soos voorgeskryf na die afloop van 'n tydperk van ses maande na die datum van afgee of na alle moontlike appêlle afgehandel is of die laaste datum waarop enige appêl aangeteken kon word verby is sonder dat 'n appêl aangeteken is, welke ook al die laaste gebeur.

(5) Die Registrateur kan die houer bedoel in subitem (3) onbevoeg verklaar om 'n vuurwapen te besit, in welke geval die bepalinge van Hoofstuk 12 van hierdie Wet met die nodige veranderinge van toepassing is.

(6) 'n Persoon wat versuim om te voldoen aan subitem (2) of (3) is skuldig aan 'n misdryf en by skuldigbevinding strafbaar met 'n boete of met gevangenisstraf vir 'n tydperk van hoogstens een jaar, of met sowel daardie boete as daardie gevangenisstraf.

11 Hernuwing van lisensie

(1) (a) Die houer van 'n lisensie, permit of magtiging beoog in item 1, 2, 3, 4 of 5 moet aansoek doen om die ooreenstemmende lisensie, permit of magtiging ingevolge hierdie Wet binne die tydperk deur die Minister by kennisgewing in die *Staatskoerant* bepaal.

(b) Verskillende tydperke kan ingevolge paragraaf (a) bepaal word ten opsigte van-

- (i) verskillende lisensies, permitte of magtigings; en

- (ii) houers wie se vanne met verskillende letters van die alfabet begin, of wie se geboortedatums in verskillende maande val.

(c) Die tydperk beoog in paragraaf (a) moet eindig voor die einde van die betrokke tydperk beoog in item 1(1) en mag nie die tydperke beoog in item 2, 3, 4 of 5 oorskry nie.

(d) Indien 'n aansoek om die hernuwing van 'n lisensie, permit of magtiging ingedien is binne die tydperk waarvoor voorsiening gemaak is in hierdie artikel, bly die lisensie, permit of magtiging geldig totdat die aansoek afgehandel is.

(2) 'n Aansoek om 'n lisensie, permit of magtiging beoog in subitem (1) moet bykomend tot enige vereiste ingevolge hierdie Wet, vergesel gaan van-

- (a) 'n gesertifiseerde afskrif van die bestaande lisensie, permit of magtiging;
(b) die ander inligting wat vereis mag word.

(3) By die toepassing van hierdie item, is artikel 9 (2) (r) nie van toepassing nie.

(4) Enige houer van 'n lisensie, permit of magtiging wat versuim om aansoek te doen om die hernuwing van sy of haar lisensie, permit of magtiging voor die einde van die tydperk bepaal deur die Minister ingevolge subitem (1), is aan 'n misdryf skuldig en by skuldigbevinding strafbaar met 'n boete of met gevangenisstraf vir 'n tydperk van hoogstens een jaar, of met sowel daardie boete as daardie gevangenisstraf.

Bylae 2

MISDADE EN MISDRYWE WAT AANLEIDING GEE TOT ONBEVOEGDHEIDSONDERSOEK DEUR HOF

(Artikel 103 (2))

1. Hoogverraad
2. Sedisie
3. Opsetlike saakbeskadiging
4. Betreding van enige perseel, hetsy ingevolge die gemene reg of 'n statutêre bepaling, met die opset om 'n misdryf te pleeg
5. Strafbare manslag
6. Afpersing
7. 'n Misdad of misdryf-
 - (a) ingevolge hierdie Wet of die vorige Wet, ten opsigte waarvan 'n beskuldigde nie gevonnissen is tot 'n tydperk van gevangenisstraf sonder die keuse van 'n boete nie;

- (b) ingevolge die Wet op Gesinsgeweld, 1998 (Wet 116 van 1998), ten opsigte waarvan 'n beskuldigde nie gevonnissen is tot 'n tydperk van gevangenisstraf sonder die keuse van 'n boete nie;
- (c) waarby geweld, seksuele misbruik of oneerlikheid betrokke is, ten opsigte waarvan 'n beskuldigde nie gevonnissen is tot 'n tydperk van gevangenisstraf sonder die keuse van 'n boete nie;
- (d) ingevolge die Wet op Ontploffbare Stowwe, 1956 (Wet 26 van 1956), ten opsigte waarvan 'n beskuldigde nie gevonnissen is tot 'n tydperk van gevangenisstraf sonder die keuse van 'n boete nie.

8. 'n Sameswering, uitlokking of poging om 'n misdryf bedoel in hierdie Bylae te pleeg.

**Bylae 3
WETTE HERROEP**

(Artikel 153)

No. en jaar van Wet	Kort titel	Omvang van herroeping
Wet 75 van 1969	Wet op Wapens en Ammunisie, 1969	Die geheel
Wet 80 van 1971	Algemene Wysigingswet, 1971	Artikel 25
Wet 35 van 1973	Wysigingswet op Wapens en Ammunisie, 1969	Die geheel
Wet 94 van 1974	Tweede Algemene Wysigingswet, 1974	Artikel 48
Wet 16 van 1978	Wysigingswet op Wapens en Ammunisie, 1978	Die geheel
Wet 19 van 1983	Wysigingswet op Wapens en Ammunisie, 1983	Die geheel
Wet 60 van 1988	Wysigingswet op Wapens en Ammunisie, 1988	Die geheel
Wet 30 van 1990	Wysigingswet op Wapens en Ammunisie, 1990	Die geheel
Wet 79 van 1991	Wysigingswet op Wapens en Ammunisie, 1991	Die geheel
Wet 117 van 1992	Wysigingswet op Wapens en Ammunisie, 1992	Die geheel
Wet 65 van 1993	Wysigingswet op Wapens en Ammunisie, 1993	Die geheel
Wet 177 van 1993	Tweede Wysigingswet op Wapens en Ammunisie, 1993	Die geheel
Wet 7 van 1995	Wysigingswet op Wapens en Ammunisie, 1995	Die geheel

**Bylae 4
STRAWWE**

(Artikel 121)

[Datum van inwerkingtreding van Bylae 4 met betrekking tot a. 140 (2): 1 Junie 2001.]

Artikel	Maksimum tydperk van gevangenisstraf
3	15 jaar
4	25 jaar
12 (3)	Twee jaar
13 (4)	Twee jaar
14 (5)	Vyf jaar
15 (4)	Twee jaar
16 (3)	Twee jaar
16 (4)	Twee jaar
17 (3) (a)	Twee jaar
17 (3) (b)	Drie jaar
17 (4)	Twee jaar
18 (2) (b)	Vyf jaar
18 (3)	Vyf jaar
18 (4) (a)	Twee jaar
18 (4) (b)	Drie jaar
19 (3)	Vyf jaar
19 (4) (a)	Twee jaar
19 (4) (b)	Drie jaar
19 (5)	Vyf jaar
19 (6)	Vyf jaar
20 (4)	Vyf jaar
20 (5) (a)	Vyf jaar
20 (5) (b)	25 jaar
20 (6) (a)	Vyf jaar
20 (6) (b)	Vyf jaar
20 (7)	Twee jaar
20 (8)	Twee jaar
21 (4)	Twee jaar
21 (5)	Vyf jaar
23 (5)	10 jaar
23 (6)	Vyf jaar
25 (1)	Twee jaar

26 (1)	Twee jaar
28 (4)	10 jaar
28 (5)	10 jaar
29 (1)	Twee jaar
29 (2)	Twee jaar
31 (1)	25 jaar
31 (2)	25 jaar
31 (3)	15 jaar
32 (2)	Vier jaar
36 (6)	Twee jaar
38	Twee jaar
39 (1)	Vier jaar
39 (2)	Vier jaar
39 (3)	Vyf jaar
39 (4)	Twee jaar
39 (5)	Drie jaar
39 (6)	Drie jaar
39 (8)	Drie jaar
39 (9)	15 jaar
41 (4)	25 jaar
42 (4)	25 jaar
42 (5)	25 jaar
44 (1)	Twee jaar
44 (2)	Twee jaar
45 (1)	25 jaar
45 (2)	25 jaar
50 (6)	Twee jaar
52	Twee jaar
53 (1)	Vier jaar
53 (2)	Vyf jaar
53 (3)	Drie jaar
53 (4)	Twee jaar
53 (5)	Twee jaar

53 (6)	Drie jaar
53 (7)	15 jaar
55 (4)	25 jaar
56 (4)	25 jaar
56 (5)	25 jaar
58 (1)	Twee jaar
58 (2)	Twee jaar
59	15 jaar
64 (6)	Twee jaar
66	Twee jaar
67 (1)	Twee jaar
67 (2)	Vyf jaar
67 (3)	Twee jaar
67 (4)	Drie jaar
67 (5)	Drie jaar
67 (7)	Drie jaar
67 (8)	15 jaar
69 (4)	25 jaar
70 (4)	25 jaar
70 (5)	25 jaar
72 (1)	Twee jaar
72 (2)	Twee jaar
73 (1)	15 jaar
73 (2)	15 jaar
78 (1)	Twee jaar
78 (2)	Drie jaar
78 (3)	Drie jaar
78 (4)	15 jaar
80 (4)	25 jaar
82 (1)	Twee jaar
82 (2)	Twee jaar
83	15 jaar
84	Twee jaar

85 (1)	25 jaar
87 (1)	Twee jaar
87 (2)	Twee jaar
87 (3)	Twee jaar
88 (2)	25 jaar
90	15 jaar
91 (1)	10 jaar
93 (2)	10 jaar
93 (3)	10 jaar
94 (2)	Vyf jaar
94 (3)	Twee jaar
98 (1)	Twee jaar
98 (5)	Twee jaar
98 (7)	Twee jaar
104 (2)	15 jaar
106 (1)	Twee jaar
107 (1)	10 jaar
107 (2)	Een jaar
108 (1)	Een jaar
120 (2)	15 jaar
120 (3)	Vyf jaar
120 (4)	Drie jaar
120 (5)	Drie jaar
120 (6)	10 jaar
120 (7)	Vyf jaar
120 (8)	Vyf jaar
120 (9)	Vyf jaar
120 (10) (a)	10 jaar
120 (10) (b)	25 jaar
120 (11)	10 jaar
120 (12)	Vyf jaar
140 (2) (a)	Vyf jaar
140 (2) (b)	10 jaar

140 (2) (c)	25 jaar
146	15 jaar
147 (1)	Vyf jaar
147 (2)	Vyf jaar
147 (3)	Vyf jaar
147 (4)	15 jaar
148	25 jaar
149 (1)	10 jaar
150 (2)	Vyf jaar
150 (3) (a)	Twee jaar
150 (3) (b)	Twee jaar
150 (3) (c)	Twee jaar